

Voorlopige verslag oor

DIE VAN ZYLS VAN DIE HERMITAGE

deur Jan Langenhoven

[Hierdie verslag kan afgelaai word by www.langenhoven.net]

Kontakbesonderhede: jan@langenhoven.net of Tel. 028 537 1578

© J.H. Langenhoven, Posbus 71, Witsand 6666

Februarie 2014

- **AANVULLINGS:** In hierdie Voorlopige Verslag ontbreek daar nog heelwat inligting. Die opsteller beoog om later die finale manuskrip met soveel as moontlik familiefoto's en uitgebreide historiese inligting oor die Hermitage te publiseer. Ontbrekende plekke en datums is in grys in die teks aangedui en kan daar ingevul word. Familie word versoek om hulle eie gesin se besonderhede en dié van hul ouers en ander familie na te gaan en ontbrekende gegewens en korreksies van foutiewe inligting aan die opsteller te stuur. Inligting oor sommige familieledede is op plekke gegee, maar addisionele inligting, besonderhede en stories oor ander individue sal verwelkom word.
- **FOTO'S:** Sowat 100 foto's is reeds ontvang. Daar word nog na ou familiefoto's gesoek, maar ook meer onlangse groepfoto's van u gesinne of van familiegroepe. Kyk asseblief deur u album en laat weet as u foto's van die voorgeslagte het. Selfs foto's wat dof geword het, kan met 'n rekenaar verbeter word. Dit is maklik om digitale kopieë te laat maak. As u 'n skandeerder het, kan u die foto's teen minstens 300 dpi skandeer en onverklein as JPEG's per e-pos aan die opsteller stuur. Indien u nie skanderings kan laat maak nie, laat weet die opsteller sodat hy die nodige reëlings kan tref. (Laat weet ook as u enige ou foto's het wat spesifiek in die Hermitage geneem is.) Stuur asb kontakbesonderhede van familie wat u weet wat ou foto's het. Indien u niks anders het nie, stuur nogtans asseblief 'n foto van u gesin (en naaste familie). Baie dankie.

Simbole in die teks:

*	=	gebore
~	=	gedoop
†	=	oorlede
x	=	trou
xx	=	hertrou
Ω	=	begrawe
÷	=	geskei
Δ	=	aangeneem
d.v.	=	dogter van
s.v.	=	seun van
k	=	kind/kinders
d	=	dogter(s)
s	=	seun(s)
j.	=	jare
m.	=	maande


Samevatting en Indeks van die Van Zyls wat in hierdie verslag opgeteken is

c3.d6.e3.	Frederick Jacobus VAN ZYL * 14.9.1802 x Christina Johanna JORDAAN (7k).	
	Hulle sewe kinders is f1 tot f7 hieronder.	BLADSY
f1	Rosa Hermina Gertruida VAN ZYL * 1.10.1825 x Christoffel Hermanus Engelbertus PAULSEN	4
f2	Anna Susanna Jacomina VAN ZYL * 25.12.1827	4
f3	Johannes Petrus VAN ZYL * 5.5.1830 x Maria Elizabeth WILLER	4
f4	Louis Hendrik Jacobus VAN ZYL * 30.8.1832 x Maria Magdalena DE BOT	4
f5	Frederik Gabriël Jacobus VAN ZYL (<i>Freek</i>) * 29.7.1835 x Jacomina E.C. WILLERS	4
	Hulle sewe kinders is g1 tot g7 wat volg:	
g1	Frederik Jacobus VAN ZYL * 21.11.1859	5
g2	Hermanus Johannes VAN ZYL * 16.9.1865 x Anna VAN NIEKERK (11k)	5
g3	Johanna Christina VAN ZYL (<i>Hannie</i>) * 3.9.1868 x Hans VAN DEVENTER (8k)	6
g4	Frederick Jacobus VAN ZYL (<i>Frikkie Kennie</i>) * 1.11.1871 x Bappie STEYN (6k)	8
g5	Andries Philippus VAN ZYL (<i>Attie</i>) * 3.9.1874 x Lissie VAN EEDEN (8k)	14
g6	Magdalena Susanna VAN ZYL (<i>Lena/Lenie</i>) * 8.10.1877 x Pieter SWART (9k)	18
g7	Johannes Lodewikus VAN ZYL (<i>Jannie</i>) * 9.6.1881 x Emma DU TOIT (7k)	18
f6	Abraham Petrus Gerhardus VAN ZYL * 9.11.1840 x Alie DIEDERICKS .	24
	Hulle agt kinders is g1 tot g8 wat volg:	
g1	Frederick Jacobus VAN ZYL (<i>Frikkie Kaap</i>) * 25.5.1865 x Annie BURGER (11k)	25
g2	Christiaan Diedericks VAN ZYL (<i>Chrisjan</i>) * 28.10.1867 x Lenie STEYN (7k) xx Collie LINDE (1k)	37
g3	Hendrina Elisabetta Christina VAN ZYL * 22.6.1869	39
g4	Christina Johanna VAN ZYL (<i>Hannie/Antie</i>) * 23.7.1873 x Piet STEYN (1k)	39
g5	Alida Christina Lodewika VAN ZYL (<i>Alie</i>) * 27.8.1874 x Hans Lekkerlag STEYN (6k)	39
g6	Rosa Hermina Gertryda VAN ZYL (<i>Rosie</i>) * 9.7.1877 x Willie STEYN (5k)	42
g7	Abraham Petrus Gerhardus VAN ZYL (<i>Apie</i>) * 2.6.1880 x Lettie CONRADIE (10k)	43
g8	Christoffel Hendrik VAN ZYL (<i>Stoffel</i>) * 19.6.1886 x Bettie HUNLUN (6k)	46
f7	Hendrik Christoffel Johannes VAN ZYL * 30.12.1842 x Elizabeth Johanna W. DIEDERICKS .	49
	Hulle tien kinders is g1 tot g10 wat volg:	
g1	Frederik Jacobus VAN ZYL * 19.9.1867	49
g2	Hendrina Elizabeth Catharina VAN ZYL * 22.11.1869	49
g3	Christiaan VAN ZYL * 16.10.1871	50
g4	Catharina Johanna VAN ZYL * 6.12.1873	50
g5	Hendrik Christoffel VAN ZYL * 19.10.1875 x Cornelia Johanna CONRADIE (9k)	50
g6	Elizabeth Johanna Willemina VAN ZYL * 1.1.1878	52
g7	Elizabeth Johanna Wilhelmina VAN ZYL * 22.12.1880	52
g8	Helena Catharina VAN ZYL * 15.9.1883	52
g9	Christoffel Hermanus Petrus VAN ZYL * 10.2.1886	52
g10	Johannes Petrus VAN ZYL * 30.10.1888	52

SKEMA

c3.d6.e3

Frederick Jacobus **VAN ZYL** * 14.9.1802
 x Christina Johanna **JORDAAN** (7k)



DIE VAN ZYLS VAN DIE HERMITAGE

b5.c3.d8.e2¹

Frederick Jacobus **VAN ZYL** * 14.9.1802 † Swellendam 24.7.1879² x Swellendam 6.1.1822³ Christina Johanna **JORDAAN** (*Johanna*) * Rietvallei, Robertson 20.3.1803⁴ † Kleiheuvel, Montagu 14.1.1864⁵. Frederick was die seun van Johannes Petrus van Zyl (*Jan*) ~24.12.1775 en Anna Cecilia (soms Antje Siesilia) le Roux ~5.10.1782 wat volgens die doopinskrywings⁶ van hulle kinders woonagtig was in die “Bosjesveld”, “aan de Keisersrivier” en “Agter-Kogmanskloof” (historiese naam vir die Montagu-distrik). Dit val tog vreemd op dat Frederick en 'n jonger suster in Tulbagh gedoop is terwyl al sy ander broers en susters in Swellendam gedoop is.⁷ Johanna was die dogter van Louis Jordaan en Rosa Hermina Conradie.⁸ Met Johanna se afsterwe maak die plaas “Kleiheuvel”, 'n aantal plaasimlemente en meubels deel van die boedel uit.⁹ Frederick en Johanna het blykbaar sewe kinders gehad. Al sewe se name word op die sterfkennisse¹⁰ van beide ouers vermeld: f1 tot f7 hieronder. Ongelukkig is die name van die vyfde en sesde kinders (f5 en f6 hier onder) in beide die gesaghebbende S.A. *Geslagsregisters* van GISA (bl. 236) en die *Geslagregister van die Kaaplandse Van Zyls* deur H.G. Van Zyl, (bl. 86) uit die gesin weggelaat. En in Marena van Hemert se Van Zyl-genealogie wat deel uitmaak van haar genealogieë oor ou Swellendamse families is f6 en f7 eers verkeerdelik opgeneem onder die kinders van ene Pieter Willem van Zyl (bl. 241) en daarna is al die kinders (f1-f7) weer onder die verkeerde ouers geplaas (d6.e3, bl 242).¹¹ Dit is net die jongste drie kinders f5, f6 en f7 wat hulself klaarblyklik in die Hermitage by Swellendam gaan vestig het.

- f1 Rosa Hermina Gertruida **VAN ZYL** * 1.10.1825 ~ Swellendam 26.12.1825 x Swellendam 10.7.1843¹² Christoffel Hermanus Engelbertus **PAULSEN**.¹³
- f2 Anna Susanna Jacomina **VAN ZYL** ¹⁴ * 25.12.1827 ~ Swellendam 6.4.1828.
- f3 Johannes Petrus **VAN ZYL** * 5.5.1830 x Swellendam 4.4.1853 Maria Elizabeth **WILLER**.¹⁵ Hulle het tien kinders gehad waarvan die name almal in die doopboek van die Montagu-gemeente aangetref word. Die nageslag sal seker steeds in die Montagu-distrik aangetref word.
- f4 Louis Hendrik Jacobus **VAN ZYL** * 30.8.1832 ~ Swellendam 5.10.1833 † Klerksdorp * c. 1904 x Swellendam 12.6.1853 Maria Magdalena **DE BOT**¹⁶ * c. 1833 † Klerksdorp 15.10.1925. Hulle het agt kinders waarvan die name byna almal in die doopboek van die Montagu-gemeente aangetref word. Beide ouers asook hulle nasate wat in GISA se S.A. *Geslagsregisters* opgeneem is, is in die Noordwes-provinsie (Klerksdorp, Orkney en Potchefstroom) of in Zimbabwe oorlede wat 'n sterk aanduiding is dat hierdie groep Van Zyls daarheen uitgewyk het.
- f5 Frederik Gabriël Jacobus¹⁷ **VAN ZYL** (*Freek*) * Goedvertrouw¹⁸ 29.7.1835 ~ Swellendam 24.1.1836¹⁹ † “By sy eie huis, Hermitage” 20.1.1913²⁰ aan chroniese blaasontsteking na 'n siekbed van ses dae op die ouderdom van 77 j. 5 m., Ω Hermitage²¹ x **PLEK** 1.3.1858 Jacomina Elizabeth Christina²²

¹ Hierdie genealogiese nommer is geneem uit GISA se SA Geslagsregisters, 2008, Deel 17 (X-Z), GISA: Stellenbosch, p. 236. Dit verskil van die nommer in Van Zyl, H.G., Geslagregister van die Kaaplandse Van Zyls: 1666-1900, p. 86, wat b4.c3.d8.e2 aan Frederick Jacobus van Zyl * 14.9.1802 teken.

² <http://www.geni.com/people/Frederik-van-Zyl/6000000007066744461> (aflaaidatum 10.7.2012). Sy sterfkennis (MOOC 1879/6/9/7181) gee nie 'n geboorte- of sterfdatum nie, maar dit dui aan dat hy sowat 76 jaar en 11 maande was met sy afterwe in 1879. Dit klop met 'n geboortedatum in 1802.

³ GISA: Swellendamse huweliksregister. Daarin word aangedui dat die bruidegom, Frederik Jacobus, die seun was van Johannes Petrus van Zyl.

⁴ ARW: MOOC 1864/6/9/106 (874A)

⁵ ARW: MOOC 1864/6/9/106 (874A)

⁶ Doopregisters van die NG Gemeente Swellendam 1798-1807, 1807-1810, 1811-1817.

⁷ Van Zyl, H.G., Geslagregister van die Kaaplandse Van Zyls: 1666-1900, p. 86-87.

⁸ ARW: MOOC 1864/6/9/106 (874A)

⁹ ARW: MOOC 1864/6/9/106 (874A)

¹⁰ ARW: MOOC 1879/6/9/7181 (FJvZ) en MOOC 1864/6/9/106 (874A) (CJvZ)

¹¹ Van Hemert, Marena. 2006. Families Register. Ou Swellendamse Families. Deel 3. Privaat uitgegee.

¹² Van Zyl, H.G., Geslagregister van die Kaaplandse Van Zyls: 1666-1900, p. 86.

¹³ Van Zyl, H.G., Geslagregister van die Kaaplandse Van Zyls: 1666-1900, p. 86.

¹⁴ In teenstelling met haar doopinskrywing gee haar ma se sterfkennis [MOOC1864/6/9/106 (874A)] haar naam aan as Anna Cecilia Jacomina en haar pa se sterfkennis [MOOC 1879/6/9/7181] noem haar Heintje Cecilia.

¹⁵ Van Zyl, H.G., Geslagregister van die Kaaplandse Van Zyls: 1666-1900, p. 86.

¹⁶ Van Zyl, H.G., Geslagregister van die Kaaplandse Van Zyls: 1666-1900, p. 86.

¹⁷ Freek se middelste voornaam, Gabriël, kom voor op sy eie doopregistrasie en by die doopregisterinskrywing van sy seun Jannie, maar by dié van sy dogter Lenie word sy name net as Frederik Gabriël aangegee en by die doopregistrasie van sy seun Attie word sy name net as Frederik Jacobus aangegee.

¹⁸ ARW: MOOC 1913/6/9/707 (205)

¹⁹ GISA: Swellendamse doopregisters. Die doopregisters dui sy ouers aan as Frederik Jacobus van Zyl (Jan zoon) en Christina Johanna Jordaan. Die getuies by sy doop was Gabriël Jacobus le Roe (sic) en Maria Elizabeth Jordaan, asook Willem Jacobus van Zyl en Susanna Magdalena Elizabeth van Zyl.

²⁰ ARW: MOOC 1913/6/9/707 (205)

²¹ ARW: HAWC 1/3/47/5/2, p. 179.

²² Alhoewel Jacomina se derde voornaam op haar doopregistrasie voorkom, word dit nie op haar sterfkennis vermeld nie.

WILLERS * Worcester-distrik 13.1.1834 ~ Worcester 2.3.1834 † “haar eie huis, Hermitage, Swellendam” 2.2.1902²³ (68 j.) d.v. Hermanus Willer(s) en Magdalena Susanna Werner²⁴ (7 k: g1 tot g7). Hulle was waarskynlik sedert 1874 woonagtig in die Hermitage want Freek koop op 9 Januarie 1874 'n erf van een morg “by die Poespasrivier” (Hermitage) vir £37-10-0 van John Joseph Barry.²⁵ 'n Ander erf van een morg word vir dieselfde prys en op dieselfde datum in die naam van Frederik Jacobus van Zyl oorgedra en dit is heel waarskynlik ook Freek want sy naam Gabriël is dikwels weggelaat. Hierdie erf in die “Poespasvallei” word beskryf as een wat voorheen (op 19 Junie 1849) aan Jacobus Louis Conradie oorgedra is.²⁶ Op 2 Julie 1875 word een derde van een van sy erwe met die geboue daarop van Frederik Gabriël Jacobus van Zyl aan Pieter Gabriël Conradie oorgedra vir die som van £35-0-0.²⁷ [Aangesien daar 'n foto van F.G.J. (Freek) (f5) se broer A.P.G. (f6) opgespoor is, wonder ek of iemand nie dalk 'n foto van Freek en sy vrou besit nie. Laat weet asb.]

- g1 Frederik Jacobus **VAN ZYL** * 21.11.1859 ~ Montagu 23.2.1860²⁸ † voor 1871. Rekords van ander kinders tussen g1 en g2 se geboortes kon nie in die Montagu-doopregister opgespoor word nie.
- g2 Hermanus Johannes **VAN ZYL** * **PLEK** 16.9.1865 ~ Montagu 7.1.1866²⁹ † **PLEK EN DATUM** x **PLEK** 28.11.1888³⁰ Anna Johanna **VAN NIEKERK** * **DATUM?** ongeveer 1865 † **PLEK EN DATUM**. By die registrasie van die geboortes van sy kinders by die Swellendamse magistratuur vanaf 1895 tot 1906 word Hermanus se beroep aangegee as 'n boer, graanboer of tuinboer in die Hermitage.³¹ [Daar is niemand wat meer wat iets van hierdie gesin onthou nie. Hermanus se noemnaam kon dalk Herman of Manie gewees het. Hermanus en Anna se sterfdatums ontbreek en dit is onduidelik waarheen hy is nadat hy in 1924 sy eiendom in die Hermitage aan die Munisipaliteit vir £50 verkoop het. Bestaan daar 'n foto van hierdie mense? Kan iemand dalk help met inligting?]

Hermanus het in die Vlei gewoon in 'n huis wat op die grond gestaan het wat F.J. van Eeden van die munisipaliteit gehuur het of van hulle gekoop het.³² Hermanus het in 1889 by die munisipaliteit aansoek gedoen om 'n pad vanaf sy woonhuis na sy vader se woonplek in die Hermitage te maak wat deur die Vlei sou loop. So 'n pad sou vir hom 'n kortpad bied na sy pa se huis aangesien hy andersins 'n groot draai agter om die rantjie via die Ashtonpad sou moes volg om dan op die gewone toegangsroetes na die Hermitage te ry. Toe Hermanus se aansoek om hierdie pad te maak egter nie deur die munisipaliteit toegestaan word nie,³³ rig sy pa, F.G.J. van Zyl, versoë tot die Raad (Munisipaliteit) vir die voorreg om 'n pad oor Vleigrond tussen hom en sy seun te mag aanlê, en die Raad stuur 'n kommissie om die omstandighede te ondersoek en verslag te doen.³⁴ Hierdie Raadslede stem in tot die maak van so 'n pad, maar stel voorwaardes wat daarop gemik is om te verhoed dat dit 'n openbare pad word of dat dit misbruik word en bepaal verder dat die voorreg net sou geld vir die termyn van die huidige Raad. Slegs Hermanus mag die pad gebruik en nie enige moontlike opvolgers wat na hom op hierdie grond mag kom woon nie.³⁵ Die vermoede bestaan dat Hermanus, as die oudste seun, nie net sy eie stukkie grond in die Vlei bewerk het nie, maar ook sy pa bygestaan het om die grond in die Hermitage te bewerk. Die kortpad tussen die Vlei en die Hermitage sou hierdie taak oneindig vergemaklik.

In 1907 doen Hermanus aansoek om 'n stukkie grond van ongeveer 40 voet wyd langs dié van Piet Lourens in die Hermitage te huur. Dit was die voorafgaande vier jaar deur Piet Pieterse van Gabriël Diedericks en Chrisjan van Zyl gehuur. Die Raad stem in dat Hermanus die grond teen £2 per jaar mag huur nadat Piet Pieterse sy oes afgehaal het,³⁶ maar nadat Piet Lourens oënskynlik hieroor beswaar aanteken,³⁷ word Hermanus uiteindelik blykbaar in kennis

²³ ARW: MOOC 1902/6/9/444 (501)

²⁴ SA Geslagsregisters, 2008, Deel 16, p. 342. GISA: Stellenbosch.

²⁵ DM: Barry & Nephews Transfer book

²⁶ DM: Barry & Nephews Transfer book

²⁷ DM: Barry & Nephews Transfer book

²⁸ GISA: Doopregister van die NG Kerk Montagu. As getuies by sy doop is die volgende name in die doopregister aangeteken: Frederik Jacobus van Zyl, Christina Johanna Jordaan, Christoffel Hermanus Paulsen, Roza Hermina van Zyl en Abraham Petrus van Zyl.

²⁹ GISA: Doopregister van die NG Kerk Montagu; en Prof. Gerhard Geldenhuys, Stellenbosch, e-pos 7.8.2012.

³⁰ Troudatum word verstrek op die geboorteregistrasie van 'n kind in 1895: HAWC 1/3/47/3/1, p. 13.

³¹ ARW: HAWC 1/3/47/3/1, p. 13; HAWC 1/3/47/3/1, p. 188; HAWC 1/3/47/3/2, p. 43.

³² ARW: 3/SWM 1/1/1/2, notule 13.6.1889, p. 227.

³³ ARW: 3/SWM 1/1/1/2, notule 13.6.1889, p. 227.

³⁴ ARW: 3/SWM 1/1/1/2, notule 27.6.1889, p. 230.

³⁵ ARW: 3/SWM 1/1/1/2, notule 4.7.1889, p. 231.

³⁶ ARW: 3/SWM 1/1/1/4, notule 23.7.1907, p. 184.

³⁷ ARW: 3/SWM 1/1/1/4, notule 3.9.1907, p. 199.

gestel dat hy nie hierdie grond kan huur nie.³⁸

In 1910 ontvang die munisipaliteit tenders vir die omheining van 'n gebied waarin hulle bome wil plant. Jacobus Victor tender £3.15.0, Christiaan Diedericks tender £8.0.0 en Hermanus van Zyl tender £9.17.6. Alhoewel Hermanus se tender die hoogste was, word dit deur die Raad aan hom toegeken.³⁹

In 1911 is daar sprake dat Hermanus agterstallig was met sy huur van die grond in die Vlei.⁴⁰

In 1920 het 'n spesiale komitee van die Stadsraad huise wat op grond staan wat van die munisipaliteit gehuur word, waardeur Hermanus van Zyl se huis se waarde is op £30 en ander geboue op sy huurgrond op £35 vasgestel.⁴¹ In 1924 versoek Hermanus die Raad om aan hom die som van £50 te betaal vir die verbetering wat hy aangebring het op die grond in die Hermitage wat hy van die Raad gehuur het⁴² waarna 'n Stadsraadskommissie aanbeveel dat die bedrag aan hom betaal word.⁴³

[Lewende nasate van Hermanus kon nie opgespoor word nie en dit is onduidelik wat van die Van Zyl-kindere (h1 tot h11 hier onder) geword het. As iemand inligting oor enige van hulle het, laat weet asseblief.]

h1 Johanna Elizabeth **VAN ZYL** * 7.1.1888 ~ Swellendam 5.5.1889.

h2 Frederik Gabriël Jacobus **VAN ZYL** * 21.1.1889 ~ Swellendam 5.5.1889.

h3 Hester Helena **VAN ZYL** * 5.9.1890 ~ Swellendam 5.10.1890.

h4 'n Kind **VAN ZYL**⁴⁴ * 2_.3.1893 ~ Swellendam 7.4.1893.

h5 'n Seun **VAN ZYL** * Hermitage 22.6.1895.⁴⁵

h6 Anna Johanna **VAN ZYL** * 9.11.1896⁴⁶ ~ Swellendam 27.12.1896.

h7 Hermanus Jacobus **VAN ZYL** * Hermitage⁴⁷ 12.7.1899 ~ Swellendam 3.9.1899.

h8 Jacomina Elizabeth **VAN ZYL** * Hermitage 2.9.1901⁴⁸ ~ Swellendam 1.12.1901.

h9 Anna Johanna⁴⁹ **VAN ZYL** * Hermitage 10.8.1904⁵⁰ † Hermitage 3.3.1907 (2 j. 6 m. 23 d.) aan stuipe. Ω Hermitage.⁵¹

h10 Hermanus Johannes **VAN ZYL** * Hermitage 10.8.1904⁵²

h11 Johannes Lodewickus **VAN ZYL** * Hermitage 26.11.1906⁵³ † moontlik 31.3.1962.⁵⁴

g3 Johanna Christina **VAN ZYL** (*Hannie*) * **PLEK** 3.9.1868 ~ Montagu 3.1.1869⁵⁵ † “Twistwyk,” Lindeshof 28.11.1952⁵⁶ (84 j. 3 m.) x Swellendam **DATUM** met Johannes Lodewikus **VAN DEVENTER** (*Hans*) * **DATUM** September 1869 † Groote Schuur, Kaapstad 22.8.1947⁵⁷ (77 j. 11 m.) Ω Onder-Papegaaiberg, Stellenbosch (8 k). Hans was die seun van Willem Adriaan en Alida Christina van Deventer.⁵⁸ By die geboorte van sy seun Frikkie word sy beroep as togryer in die Hermitage aangegee⁵⁹ en by die geboorte van sy seun Hans word sy beroep as tuinbouer te Kleinplaats⁶⁰ en daarna as graanboer op Appelsbosch aangegee.⁶¹ Hans en Hannie het egter van Swellendam na Ganskraal, Lindeshof getrek. Jannie Beyers vertel: “My pa was John Beyers. Hy en sy broer Japie het saam geboer as Beyers-broers op Ganskraal en Leeukraal. Ou oom Hans van Deventer onthou ek nog as kind. Hy het as bywoner of deelsaaiër by

³⁸ ARW: 3/SWM 1/1/1/4, notule 1.10.1907, p. 207.

³⁹ ARW: 3/SWM 1/1/1/5, notule 18.7.1910, p. 233.

⁴⁰ ARW: 3/SWM 1/1/1/6, notule 20.6.1911, p. 107.

⁴¹ ARW: 3/SWM 1/1/1/9, notule 21.9.1920, p. 115.

⁴² ARW: 3/SWM 1/1/1/9, notule 16.9.1924, p. 467.

⁴³ ARW: 3/SWM 1/1/1/9, notule 9.10.1924, p. 476.

⁴⁴ GISA: Doopregister van die NG Kerk Swellendam. Die doopregister is beskadig, die naam van die kind is weg en die geboortedag is onduidelik. Doopgetuies was Jacobus Petrus van Niekerk, Hester Helena du Plessis, Johannes Gerhardus van en Johanna Christina van.... (beskadig).

⁴⁵ ARW: HAWC 1/3/47/3/1, p. 13.

⁴⁶ ARW: HAWC 1/3/47/3/1, p. 72.

⁴⁷ ARW: HAWC 1/3/47/3/1, p. 188.

⁴⁸ Dit is die geboortedatum in die doopregister, maar in die geboorteregister HAWC 1/3/47/3/2, p. 43, word haar geboortedatum as 22.8.1901 aangegee.

⁴⁹ ARW: HAWC 1/3/47/5/2, p. 56.

⁵⁰ ARW: HAWC 1/3/47/3/2, p. 168.

⁵¹ ARW: HAWC 1/3/47/5/2, p. 56.

⁵² ARW: HAWC 1/3/47/3/2, p. 168.

⁵³ ARW: HAWC 1/3/47/3/2, p. 261.

⁵⁴ ARW: HAWC 1/3/47/6/4, p. 75.

⁵⁵ GISA: Doopregister van die NG Kerk Montagu.

⁵⁶ ARW: MOOC 1952/6/9/20428 (6744).

⁵⁷ ARW: MOOC 1947/6/9/14341 (5116).

⁵⁸ ARW: MOOC 1947/6/9/14341 (5116).

⁵⁹ ARW: HAWC 1/3/47/3/1, p. 44.

⁶⁰ ARW: HAWC 1/3/47/3/1, p. 146.

⁶¹ ARW: HAWC 1/3/47/3/1, p. 146 en HAWC 1/3/47/3/2, p. 285.

Beyers-broers gewerk. Hy het eendag na my pa toe aangestap gekom waar hy op die huis se stoep gesit het en tot my pa se groot vermaak homself aangekondig met: *Good morning, mister John, here comes the manager of the farm.* Oom Hans was een van die bywoners wat nogal “groot” geboer het. Sy seuns het eers vir hulle pa op die plaas gewerk en later toe hulle self getroud is, het hulle hul eie stuk grond gekry om op te boer. Vir ons drie plase, Twiswyk, Paddavlei en Kromrivier, het ons eintlik meestal net die naam Kromrivier gebruik.”

[’n Mooi foto van oom Hans en tannie Hannie is opgespoor. Foto’s van meeste van hulle kinders ontbreek nog.]

- h1 Willem Adriaan **VAN DEVENTER** (*Willie*) * PLEK 16.3.1894 ~ Swellendam 6.5.1894 † Boskloof, Bredasdorp 9.1.1962 x PLEK EN DATUM Jacoba Hendrina **DU PREEZ** (*Kootjie*) * PLEK 28.9.1898 † PLEK 25.11.1981. Ω Bredasdorp. Hulle het geboer op Bokrivier, Lindeshof en later Boskloof, Bredasdorp. (5 kinders: Hans (sy seun Riaan boer nog op Buffeljags), Willie, Jannie, Dawie en Mynie (getroud met Hennie le Roux, Buffeljags)).
- h2 Frederik Jacobus **VAN DEVENTER** (*Frikkie/Freek*) * Swellendam⁶² 15.2.1896 ~ Swellendam 12.4.1896 † PLEK 2.8.1960 Ω Durbanville x PLEK EN DATUM Elizabeth Johanna⁶³ **STEYN** (*Bettie*) * 3.7.1900 ~ Swellendam 2.9.1900 † Aan huis van G. Kloppers, Riviersonderend 20.12.1925,⁶⁴ nadat ’n slang haar die vorige aand gepik het (kyk by f6.g5.h1 vir die volledige vertelling) xx PLEK EN DATUM Maggie **VOLLE NAAM EN VAN** * PLEK 10.1.1907 † PLEK 12.4.1983 Ω Durbanville. Bettie was ’n dogter van oom Hans Lekkerlag Steyn en was dus Frikkie se kleiniggie deur hulle gemeenskaplike Van Zyl-voorsate – vergelyk f6.g5.h1 hieronder. Frikkie en sy broer Hans is met twee susters getroud. Frikkie was ’n karweier (*carrier*) in die Hermitage. (4 d: Alida Christina Lodewina * 4.11.1918,⁶⁵ Johanna Christina, Elizabeth Christina Johanna *21.1.1923⁶⁶ en Freda Jacoba).⁶⁷ [Die nageslag van hierdie dogters van oom Frikkie word nog gesoek sodat aanvullende inligting verkry kan word.]
- h3 Johannes Lodewickus **VAN DEVENTER** (*Hans*) * Kleinplaats⁶⁸ 22.6.1898 ~ Swellendam 7.8.1898 † PLEK 2.9.1969 x PLEK EN DATUM Alida Christina Lodewika **STEYN** (*Ella*) * 5.5.1904 † PLEK 18.10.1988 Ω Riviersonderend. Ella was ook ’n dogter van oom Hans Lekkerlag Steyn en was dus ’n kleiniggie van Hans deur hulle gemeenskaplike Van Zyl-voorsate – vergelyk f6.g5.h4 hieronder. Hans en sy broer Frikkie is met twee susters getroud. (Oudste dogter Hannie aangeneem plus 9 eie k: Hannie, Hans, Jan, Willie, Awie, Alida, Bettie, Freda, Henna en Manie). [’n Mooi foto van oom Hans en tannie Ella is opgespoor.]
- h4 Hermanus Johannes **VAN DEVENTER** * Appelsbosch⁶⁹ 13.12.1900 ~ Swellendam 3.2.1901, moontlik jonk oorlede.
- h5 Adriaan Hermanus Crous **VAN DEVENTER** (*At*) * Appelsbosch 14.9.1903⁷⁰ ~ Swellendam 1.11.1903 † PLEK 8.9.1985 x PLEK EN DATUM Elsabe Lutjie **KLOPPERS** (*Ellen*) * 21.9.1910 † PLEK EN DATUM. At boer eers op Kromrivier by Lindeshof en later op Leeukraal. Sy seun Hans het die Lindeshofskool se bus bestuur en was bekend as Hans Bus. (6 k: Hans, Hendrik, At, Kobus, Willie en Sus x L.J.de Villiers)
- h6 Jacobus **VAN DEVENTER** * “Spaarbosch,” Swellendam 4.7.1907⁷¹ † Spaarbosch 16.7.1907 (12 dae oud) aan stuipe (*convulsions*).⁷²
- h7 Alida Christina **VAN DEVENTER** (*Ella*) * PLEK 28.1.1909⁷³ † PLEK EN DATUM Ω Onderpapegaaiberg, Stellenbosch x PLEK EN DATUM Christiaan Stephanus **NEETHLING** (*Christi*) * 1.5.1907 † PLEK EN DATUM Ω Kaapstad (3 s en 1 d). Christi is na Ella se dood weer getroud met **NAAM EN VAN**. (Kinders uit die eerste huwelik: Petrus

⁶² ARW: HAWC 1/3/47/3/1, p. 44.

⁶³ Haar sterfkennis sê in teenstelling met die doopregister haar name was Elizabeth Christina Johanna, MOOC 1928/6/9/3261 (17222).

⁶⁴ ARW: MOOC 1928/6/9/3261 (17222)

⁶⁵ ARW: HAWC 1/3/47/4/2 (503/18).

⁶⁶ ARW: HAWC 1/3/47/4/2 (112/23).

⁶⁷ ARW: MOOC 1928/6/9/3261 (17222)

⁶⁸ ARW: HAWC 1/3/47/3/1, p. 146.

⁶⁹ ARW: HAWC 1/3/47/3/2, p. 18.

⁷⁰ ARW: HAWC 1/3/47/3/2, p. 130 gee sy geboorteplek as Appelsbosch, maar sy geboortedatum as 20.9.1903, ook HAWC 1/3/47/4/1 (372/1903).

⁷¹ ARW: HAWC 1/3/47/3/2, p. 285, ook HAWC 1/3/47/4/1 (254/1907)

⁷² ARW: HAWC 1/3/47/5/2, p. 6.

⁷³ ARW: HAWC 1/3/47/4/1 (89/09)

Johannes (*Piet*), Johannes Lodewikus (*Hans*) * 9.12.1928, Christiaan Stephanus (*Chris*) * 8.8.1933 en Johanna Christina * 28.3.1945).

h8 Jacobus Christiaan **VAN DEVENTER** (*Koos*) * **PLEK** 3.3.1915⁷⁴ † Kaapstad 25.8.1965 (49 j.) x Riviersonderend **DATUM** met Anna Christina Elizabeth **FRANKEN** (*Anna*) * **PLEK** 7.2.1921 † **PLEK** 28.12.1984 Ω Eppingbegraafplaas. Koos was op 'n stadium 'n plaasvoorman op Twiswyk, maar hy was ook 'n ruk op Leeukraal. (5 k: Johannes Lodewikus (*Johan*), Marthinus Christiaan ("*M.C.*"), Johanna Helena (*Lynette*) x Kok, Joyce x Truter, Jacobus).

g4 Frederik Jakobus⁷⁵ **VAN ZYL** (*Frikkie Kennie/ Pennetjie*)⁷⁶ * **PLEK** 1.11.1871 ~ Montagu 3.3.1872⁷⁷ † **PLEK** 26.1.1950⁷⁸ (78 j.) x **PLEK EN DATUM** Barbara Johanna **STEYN** (*Bappie*) * **PLEK** 1.1.1876 † **PLEK** 26.12.1960. Bappie was die vyftiende kind (uit 'n totaal van 17 – uit twee huwelike) van Johannes Jurgen Steyn (*Hans*) * 10.12.1829 uit sy tweede huwelik met Beatrix Magdalena Steyn (*Jaatjie*) ('n dogter van Hermanus Steyn) van Bruintjiesrivier, distrik Bonnievale.

By die geboorte van sy eerste kind word Frikkie Kennie se beroep aangegee as graanboer in die Hermitage en by die laaste kind as tuinboer.⁷⁹ Oom Frikkie het egter vir 'n tyd lank as padbouer gewerk en het onder meer die pad deur die Tradouwpas help bou. Hy het naweke daarvandaan, al met die Langeberg langs, te voet tot in die Hermitage gestap om by sy gesin te wees en om sy loongeld te kom oorhandig en skoon klere en proviand te kry.

Tant Bappie het 'n skeel ogie gehad. Sy was ten spyte van armoedige omstandighede en 'n gebrekkige opvoeding 'n formidabele vrou wat ander mense se huise moes skoonmaak en wasgoed was om te verseker dat daar kos op die tafel was. Sy het haar kinders geïnspireer om te studeer en uit die knelgreep van armoede te breek. Dit het daartoe bygedra dat nie net haar kinders goeie betrekkings beklee of na-skoolse kwalifikasies behaal het nie, maar uiteindelik het talle van haar kleinkinders ook hoë akademiese kwalifikasies behaal. Sy was 'n gewaardeerde vriendin van die bekende Swellendamse skrywer, Miemie Rothman (MER).⁸⁰ Haar dogters, veral Mina en Babs, het die grond aanbid waarop sy geloop het.⁸¹

Hennie Melk van Zyl vertel dat "in die dae toe die Hermitage nog ver van die dorp af was", was tannie Bappie die Hermitage se dokter. "My pa het in haar geglo. Sy het ook op 'n stadium vir kinders in die Hermitage skoolgehou en my pa was een van haar leerlinge." Sy was die Hermitage se onderwyseres ten spyte daarvan dat sy self nooit 'n formele skoolopvoeding ontvang het nie. Hennie sê: "Tant Bappie het my self vertel dat sy by iemand in die dorp 'n bietjie skoolopleiding ontvang het, maar haar naam het my nou ontgaan. My pa het my ook by tant Bappie in die skool gesit totdat my ander familie my daar uitgehaal en my in die formele Hermitage-skooltjie geplaas het."⁸² Tant Bappie het die kinders van die Hermitage ook met katkisasie gehelp om vir aanneming voor te berei.⁸³ Kokkie van Zyl vertel dat toe sy die eerste keer in April 1950 in die Hermitage aankom, het tant Bappie en oom Frikkie in 'n huis op die perseel van hul seun, Frikkie Pos, gewoon. "Dit het gestaan waar oom Frikkie Pos en tant Nellie se huis (tans in besit van hul seun Arnold) nou staan, maar was nog 'n klein huisie wat oom Frikkie Pos later groter gemaak en vir homself in 'n gerieflike woonhuis omskep het. Wat ek nooit sal vergeet nie is dat tant Bappie 'n boekrak met boeke gehad het ten spyte van die feit dat hulle eintlik ongeletterd was."⁸⁴

Daar is familie wat dink dat tant Bappie se oog-gebrek haar moontlik van die geleentheid ontnem het om 'n huweliksmaat te vind wat haar intellektuele portuur kon wees. Oom Frikkie was 'n saggeaarde en liefdevolle mens, maar hy het ook maar 'n lae opvoedingspeil gehad. Tant Bappie het hom kortgevat en geen teëpraterij geduld nie. Hy was nie opgewasse teen haar argumente nie en het geweet hy durf haar eintlik nie teëgaan nie. Hy sou byvoorbeeld

⁷⁴ ARW: HAWC 1/3/47/4/2 (167/15)

⁷⁵ Doopregister van NG Kerk Montagu: Sy name is so gespel.

⁷⁶ Martha Groenewald-Van Zyl, persoonlike mededeling, c.1989, het vertel dat hy as Freek Pennetjie bekend was. Dit blyk ook uit die Munisipale notules: ARW: 3/SWM1/1/1/9, notule 25.5.1920, p. 89; notule 15.6.1920, p. 92; notule 21.9.1920, p. 115.

⁷⁷ Doopregister van NG Kerk Montagu. As getuies by sy doop is die volgende name in die doopregister aangeteken: Johannes Petrus van Zyl, Roza Hermina Gertruida van Zyl, Louis Hendrik Jacobus van Zyl en Magdalena Susanna Debot.

⁷⁸ ARW: HAWC 1/3/47/5/13 gee die oorsaak van sy dood as hartklepvernouing, hartspierontsteking en longontsteking.

⁷⁹ ARW: HAWC 1/3/47/3/1, p. 191 en HAWC 1/3/47/3/3, p. 150.

⁸⁰ Herbst, Mina, Mededeling 1990's.

⁸¹ Joubert, Magdaleen, Mededeling 20.8.2012.

⁸² Van Zyl, Hennie (Melk), Onderhoud 20.6.2012.

⁸³ Van Zyl, Kokkie, Onderhoud 20.6.2012.

⁸⁴ Van Zyl, Kokkie, Onderhoud 20.6.2012.

tydens 'n gesprek vir haar gesê het sy praat bont, waarop sy blitsig sou antwoord: “En jy praat str*nt!”⁸⁵ Daar word vertel dat wanneer hy in 'n relletjie betrokke was, hy dikwels onder die geklank van tant Bappie se skerp woorde opgestaan het om liever buitentoe te gaan. Wanneer hy die agterdeur agter hom toetrek en hy seker was hy sou nie gehoor kon word nie, het hy sy misnoeë gedemp verwoord met die uitdrukking: “Wat str*nt!”⁸⁶

Oom Frikkie se moeder was 'n nooi Willers. Dit is nie meer duidelik wat met die Willerse geskort het nie, maar as oom Frikkie in tant Bappie se oë 'n onbesonnenheidjie gepleeg het, het sy hom gou daaraan herinner: “Mens kan sien jou ma was 'n Willers!” Dit was oënskynlik 'n troefkaart waarteen hy geen verweer gehad het nie en hom nooit probeer verset het nie.⁸⁷

Tant Bappie het op haar oudag krom geloop met 'n kiere.⁸⁸

[Mooi foto's van tannie Bappie en oom Frikkie is ontvang en foto's van sommige van hul kinders. Nog foto's van die kinders en nageslag en nog staaltjies oor hulle word benodig.]

h1 Beatrice Magdalena **VAN ZYL** (*Sus/Beatie*) * Hermitage⁸⁹ 5.8.1899 ~ Swellendam 1.10.1899 † Standerton 9.3.1979 x Swellendam 22.12.1925 Jan Hendrik

LANGENHOVEN (*Jannie*) * Botrivier 21.11.1891 † Middelburg (Tvl) 23.3.1983 (7 k). Die kerk se doopboek gee haar eerste naam aan as Beatrix. Beatie slaag matriek en behaal daarna 'n onderwysdiploma en het 'n tyd lank skoolgehou, onder meer in die Hermitage-skooltjie. Hy boer eers saam met sy pa en broers op Diamant naby Swellendam, daarna as deelsaaiër op Bontebokskloof en Kinkoe by Swellendam, en op Lindeshof en Afdak, Hermanus. Woon later in Hermanus en daarna in die Hermitage en in Buitekantstraat, Swellendam. Jannie was 'n bouer op Hermanus en Swellendam. Hulle verhuis uiteindelik na Standerton om naby sy kinders te wees. [Mooi foto's van tannie Beat en oom Jannie en hulle kinders is opgespoor.]

i1 Hendrik Petrus **LANGENHOVEN** (*Vaal Hennie*) * Diamant, Swellendam 24.9.1926 † Hermanus 1998 x Hermanus 26.2.1949 Sophia Magrieta **FRANKEN** (*Sophie*) * Stanford 15.11.1924 † Hermanus 28.11.2011. Hennie kwalifiseer as motorwerktuigkundige en onderskei homself later veral met die herstel van trekkers en plaaswerktuie. Hy werk aanvanklik by Spilhaus op Swellendam, maar later by Oska Engineering op Standerton. Tree af op Witsand. (5 k: Petro * 6.11.1950, Beatie * 24.11.1953, Jan * 29.5.1957, Hetta * 14.5.1959 en Betsie * 14.6.1966 † 11.5.1976).

i2 Frederik Jacobus **LANGENHOVEN** (*Pikkie/Frik*) * Diamant, Swellendam 12.9.1927 † Swellendam 17.4.2012 x Newcastle 21.4.1956 Magrita Susanna **KRITZINGER** (*Rita*) * Ladysmith 23.7.1933. Frik behaal 'n BSc-graad met Chemie en Geologie aan die Puk en werk 42 jaar in die staalbedryf (Yskor) op Newcastle waar hy Assistent-Superintendent van die kooksoonde en neweprodukte-aanleg en later Superintendent Chemiese Dienste was. Het afgetree op Buffeljagsrivier en Swellendam. (3 s: Jan * 17.3.1957, opsteller van hierdie register; Willie * 15.12.1960 en Pikkie * 4.12.1968).

i3 Jan Hendrik **LANGENHOVEN** (*Jan*) * Diamant 2.9.1929 x **PLEK EN DATUM** Susanna Johanna Gertruida **MOK** (*Suzie*) * **PLEK** 18.11.1926 † **PLEK** 31.1.1980 (4 k) xx Magriet **MEY** (voorheen **BOTHA**) xxx Rina **MYBURGH** (voorheen **BURGER**). Jan word as pleegkind by sy pa se ouer broer, Eliza, groot. Hy boer op Hemel-en-Aarde, die Koue Bokkeveld en later Standerton. Daarna woon hy op Rustenburg, later op Witsand en tans op Oudtshoorn. (4 k: Debbie * 11.4.1960, Jan * 18.4.1962, Isidore * 7.1.1969 en tweelingboetie oorlede).

i4 Barbara **LANGENHOVEN** (*Babs*) * Bontebokskloof, Swellendam 23.3.1931 x Strand **DATUM** met Willem **SMITH** * **PLEK** 4.9.1927 † **PLEK EN DATUM**. Babs word 'n verpleegkundige. Later was sy hotelbestuurder van hulle eie hotel op Kimberley. Willem het jare as Stasiemeester op die Spoorweë gewerk en was later eienaar van die Halfway House Hotel in Kimberley. Babs woon nou op Swellendam. (4 k: Billie * 9.1.1955, Betsie * 29.10.1959, Ansie * 15.5.1962 † 7.6.2005, Barbara

⁸⁵ Joubert, Magdaleen, Mededeling 20.8.2012.

⁸⁶ Van Zyl, Joey, Onderhoud 8.9.2008.

⁸⁷ Langenhoven, Frikkie (Pikkie), Mededeling 1990's.

⁸⁸ Van Zyl, Maria (Rakie), Onderhoud 12.9.2013.

⁸⁹ ARW: HAWC 1/3/47/3/1, p. 191.

- * 27.6.1969).
- i5 Johanna Jacoba **LANGENHOVEN** (*Joey*) * Bontebokskloof 26.8.1933 x Swellendam 9.4.1955 Barend Bartholomeus **VAN ZYL** (*Ben*) (4 k, sien f1.g7.h10 hieronder vir volledige besonderhede oor hulle gesin).
- i6 Jacobus **LANGENHOVEN** (*Koos*) * Bontebokskloof 6.3.1935 † 16.10.2010 x Newcastle 26.3.1959 Daniela Meyera **STRYDOM** (*Daniela*) * Glencoe 19.11.1935 † Vereeniging 24.3.2001. Koos kwalifiseer as Vormgieter en werk 'n leeftyd in die staalbedryf op Vereeniging as ambagsman. (1 d: Chrisna * 18.11.1960).
- i7 Eliza Marthinus **LANGENHOVEN** (*Lisa/Tienie*) * Bontebokskloof 2.8.1937 x Bloemfontein 9.10.1961 Elizabeth Anna Maryna **LOMBARD** (*Bettie*) * **PLEK** 29.1.1940. Lisa kwalifiseer as kabinetmaker. Hy werk vroeër in die gevangenisdiens en daarna in die boubedryf op Newcastle. Boer daarna op Shannon naby Bloemfontein en later naby Ficksburg en Paul Roux. Werk ook vir die Qwaqwa-ontwikkelingskorporasie op Phuthaditjhaba en woon op Harrismith. Hy word uiteindelik 'n boukontraakteur op Franskraal waar hy aftree. Tans op Hermanus. (3 s: Johan * 1.4.1964, Deon * 5.9.1966 en Tinus * Newcastle 1.11.1969).
- h2 Frederik Jacobus **VAN ZYL** (*Frikkie Pos*) * **PLEK?** Hermitage 6.1.1903⁹⁰ ~ Swellendam 1.3.1903 † **PLEK?** 23.12.1984⁹¹ Ω Hermitage x **PLEK** 23.12.1944 **VOLLE NAME KEYTER** (*Nellie*) * **PLEK** 24.11.1913 † **PLEK** 25.9.1994 Ω Hermitage (4 k). Frikkie het eers in sy veertigs getrou. Dit het blykbaar daarmee te doen gehad dat hy 'n finansiële bydrae gemaak het om sy susters en sy broer Koos “te laat leer.”⁹² Beat en Mina het onderwysdiplomas behaal en Koos 'n BSc-graad. Frikkie het ook verantwoordelikheid geneem vir die versorging van sy bejaarde ouers en het vir hulle 'n huisie op sy perseel in die Hermitage opgerig.⁹³ Frikkie was posmeester op Uniondale, Bethal, Warmbad en Swellendam. [’n Mooi foto van oom Frikkie met sy gesin is opgespoor. Het hy ook by ander poskantore gewerk? Chronologiese volgorde?]
- i1 Frederik Jacobus **VAN ZYL** (*Frikkie/Miekie*) * Hermitage 1.12.1945 † Wellington 13.10.1966 Ω Hermitage. Hy was 'n onderwysstudent aan die Wellingtonse Onderwyskollege toe 'n motor hom in die hoofstraat van die dorp doodgery het.⁹⁴ Ongetroud.
- i2 Lionel Leopold **VAN ZYL** * **PLEK** 20.9.1947. Hy het 'n MMus-graad en is Senior Lektor in Sang en Koormusiek aan die Skool vir Musiek van die NMMU in Port Elizabeth. Hy was jare gelede ook die koorleier van die Drakensbergse Seunskoor en is reeds vir meer as 25 jaar die leier van die Oos-Kaapse Jeugkoor. Hy het verskeie toekennings ontvang vir sy werk en prestasies.
- i3 Mariëtta Barbara **VAN ZYL** (*Mariëtta/Sussa*) * **PLEK** 19.6.1953 x **PLEK EN DATUM** Stephanus Sebastiaan **BESTER** * **PLEK** 1.1.48 † **PLEK** 9.2.94 xx **PLEK** 21.9.1996 Mattheus Lourens **GELDENHUYS** (*Mattheus*) * **PLEK EN DATUM**.
- j1 Alwyn Gideon Johannes **BESTER** * **PLEK** 8.11.1976.
- j2 Frederik Jacobus **BESTER** * **PLEK** 19.1.1978.
- j3 Stephanus Sebastiaan **BESTER** * **PLEK** 18.5.1980.
- j4 Stephanie Elizabeth **BESTER** * **PLEK** 5.1.1989.
- i4 Arnold **VAN ZYL** * **PLEK** 1.4.1959 x Lorraine **ODENDAAL** * **PLEK** 17.3.1964 ÷. Arnold verwerf die grade BScIng, MScIng en PhD (Ing) (1987) in Chemiese Ingenieurswese aan die Universiteit Kaapstad. Sy publikasielys bevat onder meer 69 patente. Van 1987 tot 1990 werk hy by die Max Planck Instituut vir Vastetoestand-navorsing in Stuttgart, Duitsland. Daarna werk hy vir Daimler AG in Stuttgart, Ulm en Brussel in navorsing en ontwikkeling. Van 2001 tot 2007 het hy aan die hoof gestaan van verskeie belangegroepes van die Europese Motorsektor. In 2008 word hy Viserektor (Navorsing) aan die Universiteit Stellenbosch. Sedert 1 April 2012 is hy aangestel as Rektor van die Tegniese Universiteit van Chemnitz in Duitsland.

⁹⁰ Die grafsteen gee in teenstelling met die doopregister en geboorteregistrasie (HAWC 1/3/47/3/2, p. 103) sy geboortedatum as 1902.

⁹¹ Die begrafnisbrief gee in teenstelling met die grafskrif 22 Desember aan as sy sterfdatum.

⁹² Van Zyl, Arnold, e-pos 19.8.2012.

⁹³ Van Zyl, Joey, Onderhoud 29.6.2013.

⁹⁴ Die Burger, 15.10.1966, p. 3.

- h3 Hans Jurgens Steyn **VAN ZYL**⁹⁵ (*Hans*) * PLEK 11.8.1904 † PLEK 2.11.1992 x PLEK EN DATUM Johanna Magdalena **ZWIEGERS** (*Dot*) * PLEK 9.11.1907 † PLEK 21.12.2002. Hans het gedurende sy loopbaan in die poswese op talle plekke gewerk, uiteindelik ook as Posmeester, onder meer op Wolseley, Worcester, Victoria-Wes, Oudtshoorn, Bredasdorp, Moreesburg en laaste op Nigel. Hy het ook op talle plekke afloswerk gedoen, onder meer op Carnarvon en De Aar, en selfs na sy aftrede in 1966 het hy steeds 'n paar jaar afgelos. Dit was juis op De Aar waar hy vir Dot Zwieggers, 'n meisie wat in Philipstown grootgeword het, ontmoet het. Hans was 'n kranige gholfspeler wat met 'n 0-voorgee gespog het.⁹⁶ [’n Foto van oom Hans en tannie Dot word benodig en ook van hulle nageslag.]
- i1 Frederik Swieger **VAN ZYL** (*Swieger*) * PLEK 13.9.1933 x PLEK EN DATUM Irene Emma Elizabeth **VERMEULEN** * PLEK 5.8.1939 (2 s). Swieger het aanvanklik BA en BEd op Stellenbosch behaal en later 'n DEd-graad in Opvoedkundige Sielkunde aan U.P. Hy was lank die hoof van die Onderwys hulpsdiens se twee klinieke by Nigel en Alberton aan die Oos-Rand. Hulle woon op Nigel.
- j1 Justeyn **VAN ZYL** * PLEK 15.4.1968 x PLEK EN DATUM Trudie **SNYMAN** * PLEK 15.11.1968. Justeyn het 'n M-graad in stedelike argitektuur behaal en werk tans as Senior Lughawebeplanner vir ACSA, die Lughawensmaatskappy van S.A.
- k1 Frederick Jürgen **VAN ZYL** (*Jürgen*) * PLEK 7.12.1998.
- k2 Jüné **VAN ZYL** * PLEK 12.12.2002.
- j2 Frans **VAN ZYL** * PLEK 18.10.1972 x PLEK EN DATUM Karen **SMIT** * PLEK 2.5.1972. Frans is 'n rekenaarkundige en beklee 'n senior betrekking in die rekenaarafdeling van Absa.
- k1 Nika **VAN ZYL** * PLEK 22.2.2005.
- k2 Ivan **VAN ZYL** * PLEK 21.1.2009.
- i2 Reyner Johannes **VAN ZYL** * PLEK 20.1.1936 x PLEK EN DATUM Merle Sonette **VISSER** * PLEK 4.3.1940 (2 k). Boer tans op Rivierplaas, distrik Fraserburg. Reyner het 'n MA-graad in Sielkunde aan Tuks behaal en het baie jare as Kliniese Sielkundige gepraktiseer. Hy was 'n Forensiese Sielkundige wat in sy loopbaan sowat 4000 regsverslae of sielkundige evaluerings by die Hooggeregshof moes indien en getuienis lewer.
- j1 Hansol **VAN ZYL** * PLEK 7.9.1967 x PLEK EN DATUM Judy-Ann **VAN RENSBURG** * PLEK EN DATUM Hansol het 'n BA in die regte aan Tuks behaal en 'n LLM aan Ikeys.
- k1 Julia **VAN ZYL** * PLEK 6.9.2008.
- k2 Reyner **VAN ZYL** * PLEK 24.3.2011.
- j2 Merlette **VAN ZYL** * PLEK 10.2.1971. Sy het 'n BA-graad in Sielkunde. Ongetroud.
- i3 Elda **VAN ZYL** * PLEK 9.9.1945 x PLEK EN DATUM Johannes Gerhardus Stefanus **OPPERMAN** (*Gerhard*) * PLEK EN DATUM. Elda het 'n BA in Tale aan U.S. behaal en onderwys gaan gee. Gerhard het op die plaas Rietvallei, distrik Delmas geboer en hulle het op Porterville gaan aftree.
- j1 Daniël Jacobus **OPPERMAN** (*Niël*) * PLEK 24.12.1973. Hy is 'n offisier in die S.A. Nasionale Weermag. Ongetroud.
- j2 Johanna Magdalena **OPPERMAN** (*Daleen*) * PLEK 24.5.1976 x PLEK EN DATUM Christof **LÖTTER** * PLEK EN DATUM (1 s: Janus). Daleen verwerf 'n BA in Geografie en daarna 'n MA in Geografiese Inligtingstelsels aan die Puk. Sy studeer ook aan die Universiteit van Leuven in België.
- j3 Anna Margaretha **OPPERMAN** (*Maretha*) * PLEK 10.1.1978. Sy behaal aanvanklik 'n BSc in Dieetkunde en daarna ook 'n PhD aan die Puk.

⁹⁵ ARW: HAWC 1/3/47/3/2, p. 169.

⁹⁶ Van Zyl, Swieger, Mededeling 24.7.2012.

- h4 Hermina Elizabeth Christina **VAN ZYL** (*Mina*) * **PLEK** 4.2.1907 (amptelike geboortedatum, maar werklike datum was waarskynlik 27.1.1907⁹⁷) † **PLEK** 19.12.1998
Ω Hermitage x **PLEK EN DATUM** Petrus Hendrik **HERBST** (*Piet*) * **PLEK** 17.7.1909
† **PLEK EN DATUM** (5 k) xx **PLEK EN DATUM** Hansie **VAN DER VYVER** van Laingsburg * **PLEK EN DATUM** † **PLEK EN DATUM**. Piet was 'n sersant in die Polisie en was onder meer gestasioneer op Knysna, Stilbaai, Stellenbosch en die Paarl. Mina behaal in 1926, na voltooiing van st 8, 'n tweejaar-onderwysdiploma aan die "Robertson Opleidingskool" en het op talle plekkies onderwys gegee. Dit sluit onder meer in, Boerboonfontein (Barrydale), die Hermitageskooltjie en die Sparreboschskooltjie (Swellendam), asook Herbetsdale, Suurbraak, Idutywa (Transkei), Grootmis, Vermaaklikheid, Die Vlakte (Riversdal) en Noenieput. Sy kon uiteindelik as enkelma haar kinders ook self versorg. Sy het vertel dat sy tydens haar eerste onderwyspos op Boerboonfontein naby Barrydale, met die aanbreek van skoolvakansies, vir 10 sjelings 'n perdekar moes huur om haar via die Tradouwpas na die Hermitage op Swellendam te neem om by haar ouers te gaan kuier. En dan moes sy na afloop van die vakansie weer dieselfde fooi betaal om teruggeneem te word na Boerboonfontein.⁹⁸ [’n Foto van tant Mina en oom Piet asook oom Hansie word benodig sowel as van hulle nageslag. Het die familie dalk ’n koerantberiggie oor Retief se dood en ’n foto van hom?]
- i1 Petrus Hendrik **HERBST** (*Piet*) * Knysna 4.1.1937 x **PLEK EN DATUM** Joan **VAN NIEKERK** van Klerksdorp * **PLEK EN DATUM** xx **PLEK EN DATUM** Mabel **BOLOGNA-ZUCATTI** van Uruguay * **PLEK EN DATUM** (geen k). Hulle woon in Nieu-Seeland. Piet het by die S.A. Lugmag aangesluit en deur hulle die graad BSc aan US behaal. Daarna verwerf hy ook ’n MSc in Hidrologie aan die Imperial College of London.
- i2 Retief **HERBST** * Knysna 3.9.1938 † **PLEK** 19.12.1957. Hy was maar 19 jaar toe hy en ’n vriend, ene Keevy, met ’n Tiger Moth gaan vlieg en die tuig naby Brakpan neergestort en uitgebrand het. Ongetroud. Retief was die Dux-leerling aan die Hoër Jongenskool Paarl in sy matriekjaar en het vierde in Kaapland geëindig.⁹⁹
- i3 Frederik Jacobus **HERBST** (*Freek*) * **PLEK** 7.10.1941 † Stikland 12.5.2005. Ongetroud. Freek was ’n BSc-student aan Stellenbosch en het reeds ’n aantal derdejaarsvakke geslaag toe hy in ’n skietvoorval gewond is. Hy moes sy studies staak en het daarna meer as tien jaar by die Departement Statistiek in Pretoria gewerk. Die vroeë trauma was oënskynlik die oorsaak van ’n sielkundige retrogressie wat by hom ingetree en uiteindelik versorging in ’n inrigting genoodsaak het.
- i4 Barbara Beatrice **HERBST** * Stilbaai 30.9.1943 x **PLEK EN DATUM** met **VOLLE NAME PURCHASE** * **PLEK EN DATUM** ÷. Sy behaal ’n BSc en SOD aan US en was jare lank ’n hoërskool-wiskundeonderwyser in Pretoria. Sy woon nou op Grootbrakrivier.
- j1 Retief **HERBST** * **PLEK** 15.5.1975 † **PLEK EN DATUM** ongeveer 2010 in ’n motorfietsongeluk.
- i5 Hendrik Hanekom **HERBST** (*Hein*) * Stellenbosch 21.9.1945 x **PLEK EN DATUM** Marianda **SCOTT** * **PLEK** 13.4.1949. Hein behaal die graad BCom aan US en daarna ook Hons(Publieke Administrasie) deur Unisa. Hy werk onder meer vir Waterwese en later Seevisserye.
- j1 Elizabeth Christina **HERBST** (*Christine*) * **PLEK** 7.11.1980 x Alexander **DU BOIS** * 21.12.1980. Christine is ’n mediese dokter en Alexander ’n tandarts (periodontis) in Australië.
- j2 Heinrich Martin **HERBST** * **PLEK** 21.7.1982. Hy verwerf BCom en HonsBCom(Landbou-ekonomie) op Stellenbosch.
- i4 Jacolien **VAN ZYL** * PLEK EN DATUM x VOLLE NAAM EN VAN * PLEK EN DATUM
- i5 Emily **VAN ZYL** * PLEK EN DATUM x VOLLE NAAM EN VAN * PLEK EN DATUM

¹⁷⁹ <http://www.rapport.co.za/XArchive/My-kind-ook-se-ma-20011027> (aflaaidatum 22.1.2014); <http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2001/10/24/1/8.html> (aflaaidatum 22.1.2014)

f6 Abraham Petrus Gerhardus **VAN ZYL** * Montagu-distrik 9.11.1840 ~ Swellendam 5.4.1841¹⁸⁰ † “aan sy eie huis, Hermitage” 27.11.1909¹⁸¹ aan longontsteking en asma (69 j.) Ω Hermitage x 24.5.1864? met Alida Christina Lodiwina **DIEDERICKS** (*Alie*) * 13.2.1847¹⁸² † “in haar eie huis in die Hermitage” 29.3.1907¹⁸³ op 59 j. na 'n beroerte.¹⁸⁴ Alie was die dogter van Christiaan Diedericks (*Chrisjan Tiervanger*) * 18.4.1814¹⁸⁵ x Swellendam 10.6.1838¹⁸⁶ en Hendrina Elizabeth Christina Paulsen * 13.6.1817¹⁸⁷ † Bakenhoogte 8.12.1876.¹⁸⁸ Alie se graf is op die hoewe van F.J. van Zyl, Hermitage, Swellendam in die ou plaaskerkhoffie. (8 k: g1 tot g8). Een bron sê Alie was die weduwee van Basjan Rabie toe sy met APG van Zyl getroud is, maar dit moet foutief wees want geen bewys kon daarvoor gevind word nie.¹⁸⁹ By die doopinskrywings van verskeie van sy kinders word APG se derde naam Gerhardus meestal weggelaat. Abraham Petrus Gerhardus se broer, (f7) Hendrik Christoffel van Zyl, is met sy vrou se suster Elizabeth getroud. [’n Foto van oom APG en tant Alie is opgespoor, maar nog nie van sy broers f5 en f7 nie.]

APG kla in Augustus 1885 by die Stadsraad oor die Hermitagepad waar dit oor die leivoor gaan en die Raad vaardig lede af om te gaan kyk en oor herstelwerk te besluit.¹⁹⁰ En in September 1885 betaal die Raad £1 aan APG om 'n verlegging van die sloot te doen.¹⁹¹

In Desember 1887 ken die Raad 'n addisionele stuk grond aan APG toe nadat hy gekla het oor die buitensporige huur wat hy vir sy perseel in die Hermitage moet betaal.¹⁹² Sy huurgeld op die grond word nogtans vanaf 1 Junie 1889 tot £3 per jaar verminder.¹⁹³

Hy tender vir die vervoer van gruis en grond vir 1893 en dit word aan hom toegeken,¹⁹⁴ maar toe hy in 1893 vra dat die fooi vir die aanry van gruis verhoog word, wys die Raad dit van die hand.¹⁹⁵

APG lug sy griewe by die Stadsraad oor varke in die Hermitage wat las gee, maar die Raad beskou die klagtes as triviaal en besluit om niks te doen nie.¹⁹⁶

In 1894 besluit die Stadsraad dat APG se seun Frikkie die reg het om 'n huis op sy pa se grond te bou.¹⁹⁷

Toe die Stadsraad APG beboet omdat hy nie sy bul geregistreer het nie, versoek hy die Raad om die boete te verminder, maar hulle weier.¹⁹⁸

By die Stadsraadsvergadering van einde November 1904 daag 'n groep manne op om beswaar te kom aanteken oor die voorgestelde munisipale belasting op vee. APG was een van verskeie boere wat daarteen beswaar gemaak het. Ook sy seun Chrisjan het daarteen gepraat.¹⁹⁹

By 'n openbare vergadering aan die einde van 1905 protesteer die seuns van oom APG weer by die Stadsraad. Frikkie wou weet watter voordeel die Hermitage verkry uit die waterpype wat aangelê is. 'n Ander spreker het daarop gewys dat 'n belofte gemaak is dat die Hermitage-mense kwyt-geskel sou word wanneer pype aangelê is. Chrisjan kla oor onnodige werk wat die Stadsraad doen. Hy wou ook weet wat die inkomste en uitgawes van die nagwa beloop. Die notules sê AP van Zyl (dit kan oom APG wees of sy seun Apie) het gevra vir die bou van 'n sementdam in die meulstream. Hy het daarop gewys dat dinge darem nou te swaar raak en gesê die Raadslede kom nooit inspeksie in die Hermitage doen nie en hy nooi Raadslede uit om soontoe te kom en die leiwatersloot te kom inspekteer. Hy herinner die Raad daaraan dat 'n groter dam aan hulle belowe is.²⁰⁰

¹⁸⁰ GISA: Swellendamse doopregister. Volgens die inskrywing in die register was sy ouers Frederik Jacobus van Zyl en Christina Johanna Jordaan. Die doopgetuies was Abraham Petrus Schalkwyk en Rosa Hermina Jordaan, asook Abraham Petrus van Zyl en Elizabeth Johanna le Roux.

¹⁸¹ ARW: MOOC 1909/6/9/633 (4189) en HAWC 1/3/47/5/2, p. 72.

¹⁸² DM: Familie-lêers: Diedericks-geslagsregister. Van Hemert, Marena. 2006. Families Register. Ou Swellendamse Families. Deel 3. (Van Zyl) Privaat uitgegee, p. 242.

¹⁸³ ARW: MOOC 1907/6/9/569 (1031).

¹⁸⁴ ARW: HAWC 1/3/47/5/2, p. 57.

¹⁸⁵ SA Geslagsregisters, 1989, Deel 2 (D-G), p. 79. Diedericks. RGN: Pretoria. (Heese, JA en Lombard RTJ.)

¹⁸⁶ SA Geslagsregisters, 1989, Deel 2 (D-G), p. 79. Diedericks. RGN: Pretoria. (Heese, JA en Lombard RTJ.)

¹⁸⁷ SA Geslagsregisters, 2002, Deel 7 (O-Ph), p. 340. Paulsen. GISA: Stellenbosch. (Heese, JA en GISA.)

¹⁸⁸ www.diedericks.co.za/aqwg113.htm#3174 (afgelaai 13.9.2012)

¹⁸⁹ Van Hemert, Marena. 2006. Families Register. Ou Swellendamse Families. Deel 3. (Van Zyl) Privaat uitgegee. Voetnoot op p. 242.

¹⁹⁰ ARW: 3/SWM 1/1/1/1, notule 24.8.1885, p. 359. [3579]

¹⁹¹ ARW: 3/SWM 1/1/1/2, notule 10.9.1885, p. 27. [3596]

¹⁹² ARW: 3/SWM 1/1/1/2, notule 1.12.1887, p. 147 [3655] en ARW: 3/SWM 1/1/1/2, notule 8.12.1887, p. 148. [3656]

¹⁹³ ARW: 3/SWM 1/1/1/2, notule 23.5.1889, p. 224. [3694]

¹⁹⁴ ARW: 3/SWM 1/1/1/2, notule 13.12.1892, p. 345. [3755]

¹⁹⁵ ARW: 3/SWM 1/1/1/2, notule 16.11.1893 p. 373. [3769]

¹⁹⁶ ARW: 3/SWM 1/1/1/2, notule 18.10.1894, p. 404. [3785]

¹⁹⁷ ARW: 3/SWM 1/1/1/2, notule 6.12.1894, p. 409. [3787]

¹⁹⁸ ARW: 3/SWM 1/1/1/2, notule 29.7.1896, p. 468. [3817]

¹⁹⁹ ARW: 3/SWM 1/1/1/3, notule 30.11.1904, p. 246. [3949]

²⁰⁰ ARW: 3/SWM 1/1/1/4, notule van Openbare vergadering 19.12.1905, p. 31; [4000] en 3/SWM 1/1/1/4, notule 19.12.1905, p. 32. [4001]

- g1 Frederik Jacobus²⁰¹ **VAN ZYL (Frikkie Kaap)** * Bakenshoogte,²⁰² Montagu 25.5.1865
~ Montagu 6.8.1965²⁰³ † **PLEK** 26.4.1951 x **PLEK** 6.3.1888²⁰⁴ Petronella Anna van Niekerk
BURGER (Annie) * Voorrechtvlei²⁰⁵ of Rheenendal²⁰⁶ 22.9.1864 † **PLEK** 17.1.1947 d.v.
Johannes Lodewicus Burger en Petronella Anna van Niekerk. (11 k: h1 tot h11). [Foto's van
oom Frikkie en tant Annie is opgespoor. Nog inligting oor sy lewe sal nuttig wees.]

Frikkie gee sy beroep op as togryer²⁰⁷ en soms graanboer²⁰⁸ van die Hermitage. Hy het sy bynaam Frikkie Kaap te danke aan sy voortdurende besoeke aan die Kaap om negosieware te gaan haal. Hy was 'n bekende togryer en het voorrade tussen Kaapstad en Swellendam met 'n ossewa aangery. Dit was in sy tyd 'n moeisame tog van twee weke en 'n retoerit Kaap toe kon jou maklik meer as 'n maand van die huis af wegneem. Probleme met trekdier en vol riviere het soms die vordering vertraag. 'n Swaargelaaide ossewa het gewoonlik net enkele togte oorleef voordat omvattende herstelwerk nodig was.²⁰⁹ Die woonwapark in Bellville wat vandag nog as Hardekraaltjie bekend staan, was toentertyd ook togryers se laaste uitspanplek voor die Kaap en oom Frikkie Kaap het ook daar uitgespan.²¹⁰ Hy het altyd gesê hy vat die vrag tot by Twaalfmyl.²¹¹

Daar is 'n vertelling onder die familie dat wanneer vragsepe by Kaapstad aangekom het, 'n ry seinkanonne die boodskap van bergtop tot bergtop oorgedra het om togryers in kennis te stel van die aankoms.²¹² Hierdie gerug is egter ongegrond. Seinkanonne is wel in die VOC-tydperk op strategiese plekke geplaas om burgers op te roep wanneer die Kaap bedreig word, maar nooit om die aankoms van sepe aan te kondig nie.²¹³

Maria (Rakie) van Zyl, 'n kleindogter, onthou hoe oupa Frikkie en ouma Annie vroeg soggens huisgodsdienste gehou het en nie net hardop gelees en gebid het nie, maar ook 'n psalm of gesang gesing het!²¹⁴

Johan Steyn onthou dat hy nog by oom Frikkie Kaap se siekbed 'n nagwaak gedoen het toe hy dood is. Hy het nog alleen in sy klein huisie in die Hermitage gewoon want sy vrou was toe al oorlede.²¹⁵

- h1 Abraham Petrus **VAN ZYL (Piet)** * **PLEK** 12.4.1889 ~ Swellendam 20.6.1889 † **PLEK** 1.10.1973 Ω Hermitage x Swellendam 10.1.1922²¹⁶ Maria Elizabeth **UYS (Maraai)** * **PLEK** 25.2.1891 † **PLEK** 4.10.1958 Ω Hermitage (3 k) (Maraai was 'n d.v. Frederick Jacobus Uys * 15.2.1852 en Johanna Alida Maria Lingenfelder * 1863)²¹⁷ xx **PLEK EN DATUM** Jacoba M. **VOLLE NAAM TALJAARD** (voorheen **SWART**) (*Kootjie*) * **PLEK** 30.3.1891 † **PLEK** 20.1.1966 Ω Hermitage xxx **PLEK EN DATUM** Hannie **VOLLE NAAM DIEDERICKS (Hannie Kedoels)** van Aberdeen * **PLEK EN DATUM**. Beide oupa van Zyl (oom Piet se pa) en oupa Uys (tant Maraai se pa) se voorname was Frederick Jacobus. [Foto's van oom Piet en tant Maraai is opgespoor. Nog interessante foto's sal waardevol wees.]

²⁰¹ Doopregister van die NG Kerk Montagu

²⁰² Op die geboorteregistrasie van sy seun Albert [HAWC 1/3/47/3/1, p. 23] word sy pa se geboorteplek aan as Bakenshoogte aangegee en op sy seun Ben se geboorteregistrasie [HAWC 1/3/47/3/3, p. 36] word net Montagu vermeld.

²⁰³ Spelwyse van die voorname volgens die Doopregister van die NG Kerk Montagu. As getuie by sy doop is die volgende name in die doopregister aangeteken: Christiaan Diedericks, Hendrina Elizabeth Christina Diedericks, Christina Johanna Paulzen, Hendrik Christoffel van Zyl, Elizabeth Johanna Wilhelmina Diedericks, Frederik Jacobus van Zyl en Jacomina Elizabeth Willer.

²⁰⁴ Die troudatum word verstrek op die geboorteregistrasie van een van die kinders: HAWC 1/3/47/3/1, p. 23. Die troudatum kom ook voor op p. 86, by d8.e2.f3.g5., in die familieregister, *Geslagregister van die Kaaplandse Van Zyls: 1666-1900*, wat H.G. van Zyl opgestel het, maar is ooglopend verkeerd toegeken omdat die geboortedatum van die Frederik Jacobus * 27.6.1865 (~ Montagu 6.8.1865) aan 'n ander F.J. behoort en gevolglik is die name van die seuns in daardie boek ook onder die verkeerde vader opgeneem.

²⁰⁵ Op die geboorteregistrasie van haar seun Albert [HAWC 1/3/47/3/1, p. 23] word sy ma se geboorteplek aan as Voorrechtvlei aangegee.

²⁰⁶ Op die geboorteregistrasie van haar seun Ben [HAWC 1/3/47/3/3, p. 36] word sy ma se geboorteplek aan as Rheenendal aangegee.

²⁰⁷ ARW: HAWC 1/3/47/3/1, p. 23.

²⁰⁸ ARW: HAWC 1/3/47/3/1, p. 233.

²⁰⁹ Stopforth, J.A. 1974. Swellendam en sy distrikte tydens die Siviele Kommissarisskap van Harry Rivers. M-graadverhandeling in Geskiedenis, Universiteit van Stellenbosch.

²¹⁰ Van Zyl, Kokkie, Onderhoud 20.6.2012.

²¹¹ Broddle-Langenhoven, Christa, mededeling 3.10.2012.

²¹² Van Zyl, Hennie (Melk), Onderhoud 20.6.2012 en Van Zyl, Frikkie (Transport), Onderhoud 26.6.2012.

²¹³ De Vries, Gerry (Navorsing van die Kanonvereniging van Suid-Afrika) in 'n dokument getiteld "Signal cannons - two enduring myths", per e-pos 28.6.2012; Steenkamp, Willem ('n afgetrede joernalis en 'n voormalige inligtingsoffisier in die SAW) en tans die kurator van die Chavonnes Battery in die V&A-Waterfront in Kaapstad, per e-pos, 28.6.2012; Van der Merwe, Fanus (Kanonvereniging van Suid-Afrika), per e-pos 28.6.2012.

²¹⁴ Van Zyl, Rakie (Springbok), Mededeling 8.2.2014.

²¹⁵ Steyn, Johan, Onderhoud 4.7.2012.

²¹⁶ Uys, J.R. 1984. Uys Familie Register. Privaat uitgegee. (G207). (geen bladsynommers)

²¹⁷ Maria was die laaste meulenaar van die historiese Rheenendal-meule op die R60 (Ashtonpad) buite Swellendam volgens Van Eeden, Streicher, Onderhoud 26.10.2012.

Frikkie Kaap se twee jongste broers, Apie (g7) en sy broer Stoffel (g8), was mede-eienaars van 'n stuk grond in die Hermitage. Hulle was Piet se ooms maar was 'n raps jonger as hy! Die stukkie grond van Apie en Stoffel was ongetwyfeld te klein om 'n bestaan te maak en hulle het waarskynlik ook soos hulle ouer broer, Frikkie Kaap, transport gery om hulle inkomste aan te vul.²¹⁸

Volgens 'n stadsraadsnotule van 1928 woon A.P. van Zyl 'n Stadsraadsvergadering by om te verneem wanneer die Raad die hoofstraat van 'n gruislaag sal voorsien want hy vra dat die Raad nie die aanry van gruis op tender sal toeken nie omdat daar so baie transportryers is en die Raad almal 'n kans sal gee om iets te verdien. Die Raad verseker hom dat hulle sy versoek in aanmerking sal neem.²¹⁹ Hierdie A.P. van Zyl moet sekerlik oom Piet wees want sy pa se jonger broer Apie (g7) het reeds in 1918 na Transvaal uitgewyk. Hieruit blyk dat oom Piet ook graag sy inkomste met transportryery aangevul het wanneer daar so 'n geleentheid was.

Toe eers Stoffel (g8) en daarna Apie (g7) besluit om Transvaal toe te trek, het Piet die flentertjie grond in die Hermitage by sy twee ooms gekoop. Hy betaal in 1920 die oënskynlik buitensporige bedrag van £400 plus £150 vir die pag-reg vir die stukkie grond van sowat een morg. Hy het die transaksie glo nog op die spoorwegstasie gaan beklink toe hulle, moontlik na afloop van 'n besoek aan Swellendam, op die punt gestaan het om weer Transvaal toe te gaan. Die perseel het net 'n huisie en 'n waenhuis gehad. Vir daardie som geld kon oom Piet, teen die heersende pryse van daardie tyd, 'n saaiplaas in die ruggens gaan koop het! Uiteindelik sou dit hom dekades neem om die grond af te betaal.²²⁰

Dit is nie volkome duidelik waarom hy so 'n hoë prys betaal het nie. Braham van Zyl, 'n kleinseun, vermoed dat sy oupa as oudste kind verantwoordelik gevoel het vir die versorging van sy jonger broers en susters. Hy het die geld by die Streichers gaan leen. Jy kon nie destyds by 'n bank instap en gaan geld leen nie.²²¹ Braham sê: "Hy was vasgevang, amper soos die patriarg van die familie wat vir die jonger kinders moes sorg. Uiteindelik het hy hier agtergebly terwyl die jongeres weggetrek en op ander plekke suksesvolle boere geword het. Sy jonger broers het seker nie kans gesien om soos hulle ouboet hier 'n sukkelbestaan te voer nie. Piet het maar houthakker gebly en het uiteindelik gesterf met bitter min op sy naam. Hy was 'n arm man, maar sy broers het ryk geword".²²² Kokkie van Zyl sê sy dink haar skoonpa het die transaksie aangegaan omdat hy destyds nog niks op sy naam gehad het nie en omdat hy op daardie grond grootgeword het. "Hy was seker lief vir die plek". Die broers Apie en Stoffel wat die grond verkoop het, het toe die £550 gedeel. Met die bedrag van £275 kon hulle elkeen seker 'n begin maak in die Transvaal.²²³

Oom Piet het in 1946 steeds meer as £200 op die grond geskuld. Hy het aan sy seuns gesê as hulle hom help afbetaal, kan hulle die grond erf. So het Hennie (Melk) £50 gespaar nadat hy in 1945 vir die eerste keer vir 'n salaris gewerk het, en die jaar daarna het hy weer £50 van sy pa se skuld afbetaal. Daarna het oom Piet die res van die skuld self afgewerk.²²⁴

Braham van Zyl besit nog die oorspronklike koopkontrak gedateer 17.7.1920 van sy oupa se grond. Hy het ook 'n huurkontrak wat byna op dieselfde tydstip (2.10.1920) tussen oupa Piet en die Munispaliteit aangegaan is vir die stuk grond tussen die perseel wat hy gekoop het tot bo teen die grondpad en vir 'n stuk vleigrond, onderkant, na die rivier se kant toe. Braham het ook 'n aktedokument van 1949 wat wys hoe die grond wat hy by sy ooms gekoop het uiteindelik met ander grond gekonsolideer is.²²⁵

Oom Piet het so swaar gekry dat hy die grond aan Johannes Petrus Cronjé, wat 'n soldaat in die Uniemagte was, verhuur het. Braham besit 'n huurkontrak uit 1945 met Cronjé. Cronjé sou dit gekoop het, maar het uiteindelik nie. Braham sê in die oorlogsjare kon die Hermitage se boere heelwat vars groente verkoop omdat daar 'n behoefte aan

²¹⁸ Van Zyl, Kokkie, Onderhoud 20.6.2012.

²¹⁹ ARW: 3/SWM 1/1/10, notule 10.7.1928, p. 890. [5963]

²²⁰ Van Zyl, Kokkie, Onderhoud 20.6.2012.

²²¹ Van Zyl, Braham, Onderhoud 11.08.2012.

²²² Van Zyl, Braham, Onderhoud 11.08.2012.

²²³ Van Zyl, Kokkie, Onderhoud 20.6.2012.

²²⁴ Van Zyl, Kokkie, Onderhoud 20.6.2012 en Van Zyl, Braham, Onderhoud 11.08.2012.

²²⁵ Van Zyl, Braham, Onderhoud 11.08.2012.

vars kos op die oorlogskepe was. Dit het toe beter gegaan en ook oom Piet kon begin afbetaal. Uiteindelik het tant Maraai vir Hennie (Melk) die geld wat hy voorgeskiet het, teruggegee want oom Piet kon na die oorlog die res van sy skuld op die grond afbetaal.²²⁶

Oom Piet het in daardie sukkeljare ook sy pa, Frikkie Kaap, se grond bewerk. In daardie tyd het oom Piet se broer, oom Chris, nog op Kliprivier gebly. Toe hy Kliprivier verkoop, het hy eendag by sy broer Piet gekom, wat besig was om patats uit die grond te haal en doodluiters vir hom kom sê hy moet nou klaarmaak, want hy (Chris) het nou die grond by hulle pa oorgeneem. Alhoewel oom Piet destyds veronreg gevoel het, moes hy daardie stukkie grond van sy pa prysgee waarop hy geboer het en toe sit hy maar net weer met sy eie morg waarop hy beswaarlik kon oorleef. Piet het dit vreemd gevind dat nóg sy pa nóg sy broer Chris die oornam van sy pa se grond vooraf met hom bespreek het. Hy moes eenvoudig daarsonder probeer aangaan al was hy toe al getroud. Dit het sy swaargekry vererger, maar Hennie (Melk) wys daarop dat Piet se nageslag uiteindelik geseënd was en 'n groot stuk van die Hermitage besit het.²²⁷

Rosy Lourens-Steyn vertel: "Ek het baie met oom Piet van Zyl saamgery op sy perdekar as hy van die dorp af Hermitage toe op pad was. Dan laai hy ons voor ons huis af want hy woon mos nog verder op. Baie ander was maar suinig om jou op te laai".²²⁸

Oom Piet het 'n tweede huwelik gesluit met tant Kootjie nadat hy in 'n koerant vir 'n vrou geadverteer en so tant Kootjie gevind het!²²⁹ Braham van Zyl vermoed dat sy oupa nie self so 'n advertensie sou geplaas het nie omdat hy nie juis kon skryf nie. Maar 'n vriend, John Crous, was moontlik daarvoor verantwoordelik omdat hy vermoedelik verbintenisse met Sparrebosch gehad het. Braham sê ou John het Oupa na verskeie vryplekke aangery, later ook Aberdeen toe, vanwaar hy tot misnoeë van sy familie somer klaar getroud met tant Hannie Diedericks teruggekeer het!²³⁰

i1 Frederik Jacobus Uys **VAN ZYL (Freddie)** * **PLEK** 16.12.1922 † **PLEK** 13.4.2012 (89 j.) x **PLEK** 11.3.1946 Esmé Stoffelina **WOLFAART** * Ottery 16.12.1925. Freddie word groot in die Hermitage en kom as jong man tot 'n radikale bekering. Hy aanvaar 'n betrekking as kraandrywer en word later kraanvoorman in die Kaapstadse hawe waar hy uiteindelik 40 jaar diens sou doen. Hy werk toegewyd aan sy roeping deur etenstye traktaatjies in die hawe uit te deel en na-ure en oor naweke huisdienste te hou. Selfs in die aftreeoord in Kaapstad het hy steeds die mede-inwoners getrou bemoedig, vir hulle gebid, hande opgelê en geestelik versterk. [Foto's van hulle en hul nageslag word nog benodig.]

j1 Maria Elizabeth **VAN ZYL** * **PLEK EN DATUM** † **PLEK EN DATUM** sowat 1 j.

j2 Phillip Johan **VAN ZYL (Phillip/Flippie)** * Ottery 24.12.1947 † Benoni 27.06.1998 x Goodwood 20.09.1969 Thelma Maude Hendrina **VERMEULEN (Thelma)** * Parow 26.6.1948. Phillip het grootgeword in Parow. Op 4.1.1965 word hy in diens geneem deur Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens en kwalifiseer in 1968 as 'n elektrisiën. Hy aanvaar bevordering in 1984 na Saldanha as 'n Opleier (Elektries) en verhuis na Vredenburg. In 1987 word hy bevorder tot Tegniese Opleidingsamptenaar om 'n nuwe opleidingskool in Sentrarand naby Benoni te bestuur. Vanweë veelvuldige sklerose word hy genoop om in April 1996 op Benoni af te tree met 33 jaar diens.

k1 Lujeanne Verona **VAN ZYL (Lujeanne)** * Pinelands 22.7.1970 x Benoni 1.5.1993 Gerhard **ROOS** * Rustenburg 15.12.1965. Lujeanne kies, ten spyte van keuring vir 'n onderwys-studiebeurs, om vanaf 1988 by Transnet te gaan werk waar sy tot Assistent-Bestuurder (Administratief) vorder. Hulle woon in Heidelberg, Gauteng.

l1 Phillip Gerhard **ROOS (Phillip)** * Benoni 25.07.1995.

l2 Alicea Lujeanne **ROOS (Alicea)** * Heidelberg (GP) 7.6.2000.

k2 Pierre Johann **VAN ZYL (Pierre)** * Pinelands 5.10.1971 x Benoni 4.2.1995 Ulana **VOLBRECHT** * Kemptonpark 1.3.1973. Pierre het in 1990 by

²²⁶ Van Zyl, Braham, Onderhoud 11.08.2012.

²²⁷ Van Zyl, Kokkie, Onderhoud 20.6.2012 en Van Zyl, Hennie (Melk), Onderhoud 20.6.2012.

²²⁸ Lourens-Steyn, Rosy, Onderhoud 23.6.2012.

²²⁹ Lourens-Steyn, Rosy, Onderhoud 23.6.2012.

²³⁰ Van Zyl, Braham, e-pos 11.02.2014.

- Transnet begin en kwalifiseer as 'n Elektriese Passer. In 1995 word hy bevorder tot Senior Opleidingsamptenaar en in 2010 tot Spesialis Kurrikulumontwikkeling. In 2011, na voltooiing van 'n diploma in ODETDP en 'n BTech in Onderwysbestuur, verruil hy Transnet vir die Nkomati-myn by Nelspruit waar hy werk as Spesialis (Menslikehulpbron-ontwikkeling).
- l1 Adriaan Johan **VAN ZYL** (*Adriaan*) * Pretoria 26.5.1998.
l2 Tiaan Werner **VAN ZYL** (*Tiaan*) * Pretoria 21.5.2001.
- k3 Marijke **VAN ZYL** * Parow 5.8.1976 x Benoni 3.3.2006 Riaan Jacobus **FOSTER** (*Ottie*) * Port Elizabeth 23.10.1965. Marijke voltooi haar N3 (Sekretarieel, 1996) en vorder tot Winkelbestuurder in die Foschinigroep.
l1 Robynne-Mari Thelma **FOSTER** (*Robynne-Mari*) * Benoni 27.5.2007.
- j3 Marianne Helena **VAN ZYL** * Parow 3.8.1952 x **PLEK** 24.2.1973 Leon Johan **SCHMITT** * Dieprivier, Kaapstad 30.7.1952 (2 d). Hulle het afgetree in Yzerfontein, maar besit onder meer 'n sekuriteitskompleks in Faurestraat, Swellendam.
k1 Esmé Suriitha **SCHMITT** * Bellville 11.12.1974. Ongetroud. Sy behaal 'n MEd-graad in Wiskunde en studeer ook in die Teologie en is nou leraar in jeugbediening by God Adventures, Oos-Londen.
k2 Leandra **SCHMITT** * Bellville 5.4.1977 x **PLEK** 22.12.2002 Anton **SCHEEPERS** * Ottery 16.12.1976 (2 d) Leandra het 'n Nasionale Diploma in Produksiebestuur. Anton het 'n Nasionale Diploma in Elektriese Ingenieurswese en is tans IT-Bestuurder.
- j4 Barbara _____ **VAN ZYL** * Parow 19.12.1953 x **PLEK** 2.2.1974 Jan **MARAIS** * Goodwood 5.11.1948 (1 en 1 d) (÷) xx **PLEK** 27.3.1987 Johnathan **WARNER** * Bellville 19.1.1959 (1 s en 1 d). Johnathan is 'n bouer.
k1 Lizelle **MARAIS** * **PLEK** 9.3.1975 x **PLEK** 27.2.2010 Werner **TENTEN** * Paarl 20.6.1979.
k2 Frederik Johannes **MARAIS** * Parow 15.4.1979 x **PLEK** 4.11.2008 Yvette Francis **DE NECKER** * **PLEK** 19.4.1981.
k3 Irene **WARNER** * Bellville 24.1.1988. BCom-graad.
k4 John Frederick **WARNER** * Bellville 24.4.1991.
- i2 Abraham Petrus **VAN ZYL** (*Apie*) * **PLEK** 1.4.1924 † **PLEK** 14.1.2004 x **PLEK EN DATUM** Maria Magdalena **LE ROUX** (*Ria*) * **PLEK** 10.11.1931 † **PLEK** 10.7.2007 (6 k). [Foto's van hulle en hul nageslag word nog benodig.]
j1 Gertruida Catharina **VAN ZYL** (*Ida*) * De Doorns 28.5.1954 x Worcester **DATUM** met Lodewikus Johannes **PRETORIUS** (*Hannie*) * **PLEK** 9.2.1955 (2 d). Hy werk by Vervoerdienste. Worcester.
k1 Yolanda Maria **VAN ZYL** (*Yolanda*) * Worcester 16.4.1982.
k2 Daleen **VAN ZYL** * Worcester 24.8.1984 † **PLEK** 11.9.2000 (kanker).
- j2 Maria Elizabeth **VAN ZYL** (*Maria*) * Swellendam 24.2.1958 x Worcester **DATUM**, Jakobus Francois **DE BOD** (*Kobus*) * 9.9.1955 (2 s en 1 d).
k1 Johan **DE BOD** * Bellville 7.7.1983.
k2 Zylan **DE BOD** * Bellville 18.8.1985.
k3 Mèri **DE BOD** * Bellville 12.3.1989.
- j3 Frederika Johanna **VAN ZYL** (*Rika*) * Swellendam 9.7.1959 x George **DATUM** met Niel Frederick **DE KOCK** (*Niel*) * **PLEK** 26.1.1964 (geen k).
- j4 Abraham Petrus **VAN ZYL** (*Abri*) * Swellendam 11.2.1962 x Agter-Paarl 1.2.19__ Debra Marliza **EKSTEEN** (*Debbie*) * Paarl 20.10.1968 (1 k). Eienaar van Outenikwa Bakkery, George.
k1 Lisa **VAN ZYL** * George 11.8.2005.
- j5 Jakobus Gerhardus **VAN ZYL** (*Kobus*) * Swellendam 14.7.1963 x Worcester **DATUM**, Valencia Aneska **VENTER** (*Valencia*) * **PLEK** 16.1.1965 (2 d).
k1 Mariska **VAN ZYL** * Bellville 20.6.1990.
k2 Maretha **VAN ZYL** * Bellville 27.6.1993.
- j6 Johan Hendrik **VAN ZYL** (*Johan*) * Worcester 12.2.1968 x Langebaan **DATUM**, Mia **SLABBER** * **PLEK** 18.7.1968 (1 d en 1 s). Hy is 'n argitek in Kaapstad.

- k1 Abraham Johan **VAN ZYL (AJ)** * Durbanville 16.4.2003.
k2 Anje Mari **VAN ZYL (Anje)** * Durbanville 15.1.2007.
- i3 Johan Hendrik **VAN ZYL (Hennie)** * **PLEK** 25.4.1926 x Swellendam 3.6.1950
Hendrika Malan **FOURIE (Kokkie)** * Armoed (later verander na Volmoed), Oudtshoorn 3.8.1928. Hennie is vernoem na sy oom Uys, sy ma se enigste broer (* Des 1903) wat op 21.2.1929 verongeluk het toe hy op die Swellendamse skou verongeluk het nadat hy van 'n muilwa afgeval en die wiel oor hom geloop het. Hy was 25. Kokkie was die enigste suster en die jongste kind in haar gesin en haar broers het haar die bynaam gegee omdat sy glo so 'n "kokkie" houding gehad het. Sy was in st 9 en 10 (1945) in Outenikwa Hoër.
Hennie was bestuurder van 'n melkpasteurisasiefabriek in Mosselbaai. Hulle het ook roomys gemaak. 'n Gelling roomys het 85c gekos. Hy het Lang Piet (Piet van Antie) (g7h5 hier onder) se plek in die Hermitage gekoop toe hy agter sy broers aan Transvaal toe getrek het. Hy het die grond geërf van sy aanneem-ma, tant Hannie, sy pa se suster.²³¹
Johan Conradie vertel: "Toe Hennie in die 1950's van Oudtshoorn af hier kom het hy seker dubbeld soveel melkkoeie gehad as my pa. Ons moes drie-uur soggens opstaan om ons koeie hiervandaan elke oggend die 1.5 km tot by Hennie se melkstal aan te jaag. Hennie het net een arbeider gehad wat help melk het en dan ook ek en my pa. Ons moes met die hand melk. Die melk is in kanne gegooi en Hennie het melkbottels en kannetjies volgemaak om in die dorp te gaan verkoop.
Buiten vroeg opstaan moes ek laat saans nog eers die skottelgoed was want ek was die oudste. Daar was nie tyd vir leer so laat in die nag nie, drieuur moes ek weer opstaan. My pa het swaar gekry. Hy kon nie arbeiders aanhou nie. Ons het al ons gronde heir in die Hermitage nog met perde en donkies bewerk, nie met trekkers nie."²³² [Foto's van hulle en hul nageslag word nog benodig.]
- j1 Abraham Petrus **VAN ZYL (Braham)** * Oudtshoorn 12.1.1954 x Paarl 16.12.1979 Annaré **ELLMANN** * Paarl 15.10.1955 (3 s). Braham behaal die Primêre Onderwysdiploma aan die OKP, Paarl en 'n Hoër Onderwysdiploma in Handwerk in 1977. Hy volg aandklasse om ook die BA-graad aan Stellenbosch te voltooi. Daarna verwerf hy die MPhil-graad in Kultuur- en Erfenistoerisme aan die US. Hy voltooi ook 'n nagraadse Diploma in _____ op Stellenbosch. Hy het eers spesiale onderwys gegee in Oos-Londen en Milnerton. Hy was betrokke by die oprigting van die Onderwysmuseum in Wynberg en tans ook by die Sentrum vir Bewaringsopvoeding. Sedert 1991 is hy ook 'n vryskutjoernalis vir *Huisgenoot*, *Die Burger* en talle ander publikasies. Hy het ook vir etlike jare as toerismegids gewerk. Annaré is 'n professor en hoof van die Departement Kerngeneeskunde van die Fakulteit Geneeskunde by Stellenbosch.
- k1 Abraham Petrus **VAN ZYL (Abrie)** * Kaapstad 1.5.1984 x **PLEK EN DATUM** Elzaan **GELDENHUYS** * **PLEK** 8.5.1987. Abrie behaal Brek, HonsBCom (Bestuursrekeningkunde) en CIMA.
k2 Herbert Frederich Wilhelm **VAN ZYL (Herbie)** * Kaapstad 8.5.1987. Herbie behaal HonsBSc (Mikrobiologie) en NOS aan die US. Hy hou skool aan die Paul Roos Gimnasium op Stellenbosch.
k3 Johan Hendrik **VAN ZYL** * Kaapstad 25.4.1990. Johan behaal HonsBCom (Logistiek en Innovasie) aan die US.
- j2 Maretha **VAN ZYL** * Riversdal 21.8.1958 x Swellendam 7.2.1981 Dawid **KRUGER** * **PLEK** 12.4.1956. Maretha is 'n verpleegsuster en Dawid 'n tekenaar by Transnet.
k1 Hendrika **KRUGER (Rika)** * Bellville 15.3.1983. Rika doen 'n IT-kursus aan Tygerberg Kollege, daarna 'n kursus in 3D-Animasie by Prestige Kollege en daarna 'n diploma in Hotelbestuur by die Hotelskool in Kaapstad.
k2 Maretha **KRUGER (Miekie)** * Bellville 8.7.1985. Sy behaal 'n BCom

²³¹ Van Zyl, Kokkie, Onderhoud 20.6.2012.

²³² Conradie, Johan, Onderhoud 16.10.2012.

- (Bestuurswetenskap) aan die US.
- j3 Hendrika **VAN ZYL** (*Rika*) * Swellendam 26.9.1960 x Swellendam 5.5.1984
Sydney Ernest **CARSTENS** * Malmesbury 19.10.1959. Rika is 'n
arbeidsterapeut en Sydney 'n mediese spesialis in Gemeenskapsgesondheid
en later Beroepsgesondheid by Tygerberg-hospitaal.
- k1 Lydia Anne **CARSTENS** (*Lynn*) * Bellville 17.4.1987. Sy behaal BA
(Sielkunde), HonsBA en NOS aan die US. Nou besig met 'n MA aan die
UOVS.
- k2 Marike Louise **CARSTENS** * Bellville 21.10.1990. Sy behaal BEd (US).
- h2 Johannes Lodewikus²³³ Burger **VAN ZYL** (*Hannes*) * **PLEK EN DATUM** 12.6.1891 ~ Swellendam
6.9.1891 † Grootlaagte, Schweizer-Reneke 21.11.1931 x **PLEK EN DATUM** 1917 Maria
Elizabeth **MOOLMAN** (*Miemie*) * **PLEK** 30.3.1902 ~ Swellendam 16.4.1902 † Nylstroom
8.4.1996 (4 k). Hannes se doopregistrasie gee sy naam aan as Ludovicus. Miemie was
die d.v. Petrus Lafras Moolman en Elizabeth Jacoba van As.²³⁴ Sy het as jong weduwee
eers as huishoudster by 'n welaf Overbergse familie begin werk. Met die aanbreek van
die Tweede Wêreldoorlog is vroue aangestel om as kaartjie-onderzoekers op die trems in
Johannesburg en Pretoria te werk en sy het daar werk gekry. Sy het later op die
skakelbord van die Munisipaliteit van Pretoria gewerk. Sy was 'n deftige dame en
sakevrou wat 'n groot erf met vrugteboord en haar eie huis in die ou Lyttleton, Pretoria
gehad het. Daar het sy gewoon tot sy weer in die huwelik getree het met Willem Francois
Bühmann van Ermelo.²³⁵ [’n Foto van oom Hannes en tant Miemie word benodig asook
van die meeste van hulle nageslag.]
- i1 Frederik Jacobus **VAN ZYL** (*Frikkie/Groot Frikkie*) * **PLEK** 2.7.1918 † **PLEK**
16.7.1997 x Jan Kempdorp 2.2.1952 Petronella Francina **STASSEN** (*Nellie*)
* Voorbaat 7.10.1927 † Potgietersrus 11.9.1995. Sy pa is dood toe hy 14 was en toe
word hy groot op Rietkuil by oom Hennie Langenhoven wat met tant Nellie, sy pa se
suster (h5 hier onder), getroud was. (1 s en 3 d). [Foto's van hulle en hul nageslag
word nog benodig.]
- j1 Philipina Jacoba Stoffelina **VAN ZYL** (*Ina*) * Jan Kempdorp 18.7.1952 x **PLEK**
EN DATUM Alex **SINDEN** * **PLEK** 23.4.1952 (2 d) ÷ xx Blackie **SWART** ÷ xxx
PLEK EN DATUM Paul **PARSONS** * **PLEK** 27.12.1953. Ina woon in Witbank.
- k1 Nicolene **SINDEN** * Pretoria 3.12.1974 x **PLEK EN DATUM** Piet **VAN**
NIEKERK * **PLEK** 10.3.1973 (1 k: Xander * 30.5.2006).
- k2 Miranda **SINDEN** * Pretoria 28.4.1978 x **PLEK EN DATUM** Marion
BOSCH * **PLEK** 2.11.1974 (2 k: Marno * 28.6.2004 en Meliska
* 28.8.2009).
- j2 Maria Elizabeth **VAN ZYL** (*Marietjie*) * Potgietersrus 15.10.1960 x **PLEK EN**
DATUM Johan **BLIGNAUT** ÷ * **PLEK** 8.10.1960. Woon in Pretoria.
- k1 Petra **BLIGNAUT** * Pretoria 18.4.1984.
- j3 Karen **VAN ZYL** * Potgietersrus 9.6.1966 x **PLEK EN DATUM** Johan **DEWING**
* Elliot 22.12.1966.
- k1 Claudette **DEWING** * Pretoria 1.5.1994.
- k2 Duan **DEWING** * Pretoria 4.6.1997.
- j4 Johannes Lodewikus Burger **VAN ZYL** (*Vleis*) * Potgietersrus 22.9.1956 x
PLEK EN DATUM Jeanette **MARAIS** * **PLEK** 11.2.1957 ÷ Warmbad.
- k1 Christa **VAN ZYL** * Witbank 1.11.1979 x **PLEK EN DATUM** Rassie **VAN**
DER WALT * Carletonville 14.9.1972.
- l1 Alex **VAN DER WALT** * Rustenburg 26.2.2012.
- k2 Frederik Jakobus **VAN ZYL** (*Frikkie*) * Witbank 6.6.1982.
- k3 Johan **VAN ZYL** * Warmbad 9.4.1987.
- i2 Pieter Moolman **VAN ZYL** (*Pieter*) * Ladismith 5.1.1922 † Panorama, Kaapstad
13.4.1998 x **PLEK EN DATUM** 1951 met Magritha Petronella **PREISS** (*Rita*) (gebore

²³³ Die doopinskrywing spel sy naam *Ludovicus*

²³⁴ Volgens die Swellendamse doopregister by Miemie se doopinskrywing.

²³⁵ Van Zyl, Elra, e-pos 22.8.2012 en Langenhoven, Eliza, Onderhoud 23.5.2012.

- LA GRANGE**) * Ladismith 20.1.1917 † Robertson 27.7.2004. Pieter het grootgeword by sy ma se suster Bessie en oom Theuns le Grange van Halgrynskraal, Ladismith. Pieter het tydens die Tweede Wêreldoorlog by die Unieverdedigingsmag aangesluit en het in die oorlog gaan veg.²³⁶ Hy was 'n geweeramid in die Staandemag, Kaapstad. Sy vrou was eers getroud met Marius Preiss, 'n gesinsvriend, en toe hy in 1951 oorlede is, het sy kort daarna met Pieter getrou.²³⁷ (1 d). [Foto's gesoek]
- j1 Christina Cornelia **VAN ZYL** (*Christine*) * **PLEK EN DATUM** 24.2.1954 x **PLEK EN DATUM** met Ian **REID** * **PLEK EN DATUM** Emigreer na Australië en woon in Brisbane. Sy het haar nooiensvan behou. (Geen k.)
- i3 Johannes Lodewikus Burger **VAN ZYL** (*Johan*) * **PLEK** 9.9.1925 † **PLEK** 15.9.1998 73 j x **PLEK EN DATUM** Susanna Elizabeth **FABER** (*Sannie*) * **PLEK** 19.11.1924 † **PLEK** 6.9.1979 xx **PLEK EN DATUM** 1982 Maria Magrieta **MINNAAR** (geb. **PRETORIUS**) (*Ria*) * **PLEK** 13.5.1934. Na sy pa se dood het hy het by sy oupa, oom Piet Moolman, op 'n plasië by Buffeljags grootgeword? en het later by sy oom Albert (h4 hieronder) op die Vaalhartsskema gewoon?. Hy was 'n loodgieter. Johan werk aanvanklik in die versekeringsbedryf. Besit later 'n slaghuis op Sterkrivier by Potgietersrus. Koop later 'n plaas Driefontein by Nylstroom en werk vir Fedmis. Hy het dikwels as seremoniemeester by troues opgetree. [Foto's van hulle en hul nageslag word nog benodig.]
- j1 Johannes Lodewikus Burger **VAN ZYL** (*Johan*) * **PLEK EN DATUM** 17.12.1948 x **PLEK EN DATUM** Susanna Magrietha **ENGELBRECHT** (**NOEMNAAM**) * **PLEK** 3.2.1954. † Keurboomsrivier 4.3.2011. Johan het lank vir Yskor in Pretoria gewerk en het toe die Keurboomsgarage 6 km van Plettenbergbaai gekoop wat nou deur sy seun Herman bedryf word.
- k1 Hanlie **VAN ZYL** * Nylstroom 5.6.1973 x **PLEK EN DATUM** Malcolm **SINCLAIR** * **PLEK** 17.4.1974. Hanlie het 'n sekretariële diploma, maar bedryf nou 'n skoonheidsalon op Plettenbergbaai.
- l1 Chloë **SINCLAIR** * **PLEK EN DATUM**
- l2 Robert-Johan **SINCLAIR** * **PLEK EN DATUM**
- k2 Johannes Lodewikus Burger **VAN ZYL** (*Johan*) * Middelburg (Tvl) 7.6.1975 x **PLEK EN DATUM** met Alta **VOLLE NAAM EN VAN**. Johan is 'n kundige in die hantering van Gevaarhoudende Stowwe (*Hazmats*).
- l1 Johannes Lodewikus Burger **VAN ZYL** (*Johan*) * **PLEK EN DATUM**
- k3 Susan **VAN ZYL** * Middelburg (Tvl) 21.3.1981 x **PLEK EN DATUM** David Valdemar **WILMS** * George 08.08.1974 ÷ (1 k) xx **PLEK EN DATUM** Adriaan Pieter **THERON** (*Attie*) * Pretoria 03.11.1973 (2 k). Susan is 'n eiendomsagent op Plettenbergbaai.
- l1 Angelique **WILMS** * Knysna 20.06.2002
- l2 Karla **THERON** * Knysna 14.02.2008
- l3 Adrie **THERON** * Plettenbergbaai 22.05.2010
- k4 Hermanus Josias **VAN ZYL** (*Herman*) * Middelburg (Tvl) 30.11.1982 x **PLEK EN DATUM** René **SCHOLTZ** * Langebaan 5.5.1984. Herman is 'n Vlak 4-motowerktuigkundige en bedryf die Keurboomsgarage naby Plettenbergbaai.
- l1 Hermanus Josias **VAN ZYL** (*Herman*) * Knysna 5.8.2009.
- l2 Johannes Lodewikus Burger **VAN ZYL** (*Johan*) * Plettenbergbaai 19.1.2011.
- j2 Christiaan Christoffel **VAN ZYL** (*Chris*) * **PLEK EN DATUM** 12.12._____ x **PLEK EN DATUM** Christie **ELS** * **PLEK EN DATUM**. Ellisras
- k1 Renate **VAN ZYL** * **PLEK** 8.7.1982 x **PLEK EN DATUM** Jacobus Johannes **VAN TONDER** * **PLEK** 31.7.1982.
- l1 Barend Christiaan **VAN TONDER** * **PLEK** 9.9.2008.

²³⁶ Langenhoven, Eliza, Onderhoud 23.5.2012.

²³⁷ Preiss, mev. (Robertson), Mededelings 11.2.2014.

- i2 Christoffel Johannes **VAN TONDER** * PLEK 12.12.2009.
i3 Christina **VAN TONDER** * PLEK 27.11.2011.
- j3 Susara Elizabeth **VAN ZYL** (*Elize*) * PLEK 19.11.1960 x PLEK EN DATUM
Gysbert Albertus **MEYER** (*Bert*) * PLEK 14.9.1960 ÷ xx PLEK EN DATUM
Tubby **VOLLE NAAM EN VAN** * PLEK EN DATUM Plettenbergbaai.
k1 Leon Albertus **MEYER** * PLEK 2.1.1981. Ongetroud.
k2 Suzette **MEYER** * PLEK 13.6.1982 x PLEK EN DATUM Bruce Andrew
NOBLE * PLEK 9.5.1972 (2 k: Connor Knight * 26.6.2004 en Kaitlyn India
* 10.8.2006).
- j4 Maria Elizabeth **VAN ZYL** (*Mitzie*) * Potgietersrus 3.5.1965 x PLEK EN
DATUM Thomas **SNYMAN** (*Tommie*) * Potchefstroom 25.2.1962 (2 k) ÷ xx
PLEK 23.9.2000 Patrick John **CARROL** * Johannesburg 28.4.1956. Mitzi is 'n
onderwyseres en Patrick 'n sakeman.
k1 Thomas **SNYMAN** * Potchefstroom 20.10.1986.
k2 Mirdia **SNYMAN** * Benoni 18.6.1989.
- i4 Albertus **VAN ZYL** (*Albertus*/*“Van”*) * Schweizer-Reneke 17.8.1928 x Ermelo
DATUM 1950 Hilletje Smuts **BÜHRMANN** (*Dinky*) * PLEK 5.5.1928 † PLEK
6.12.1972 xx PLEK EN DATUM Alma **JOHANNES** (geb. **PAUL**) * PLEK 6.4.1932
(3 k). Hy was aanvanklik in die polisie, maar het reeds voor sy troue begin boer. Die
plaas Amsterdam naby Piet Retief is 'n Bührmann-familieplaas. Albertus was maar
drie jaar oud toe sy pa oorlede is en hy en sy ouer boetie Johan het toe by hulle
oupa Piet en ouma Dollie Moolman op Buffeljagsrivier grootgeword. Hulle ma se
suster, Katy Moolman, wat ook in die huis gewoon het en later met Hannes
Wolfaardt van Swellendam getroud is, het eintlik vir die kinders ma gespeel. [Foto's
van hulle en meeste van hul nageslag word nog benodig.]
- j1 Elizabeth Arabella **VAN ZYL** (*Elra*) * Piet Retief 11.12.1952 x PLEK EN
DATUM Willem Johannes **VAN ZYL** (*Willie*) (dr) * Napier 26.6.1952 (2 k). Willie
verwerf MBChB en MBA op Stellenbosch. Hy het 'n mediese praktyk in die
Paarl. Elra behaal B(Huishoudkunde) op Stellenbosch.
k1 Bennie Keyser **VAN ZYL** (*Nikey*) * Paarl 12.2.1979 x Gansbaai DATUM
2008 Michelle Ruth **MOOLMAN** * Somerset-Oos 19.7.1982. Nikey behaal 'n
kwalifikasie as wynekundige op Elsenburg en studeer ook daarna verder in
Keldertegnologie. Hy werk tans as wingerdkundige by Haute Cabriere
naby Franschhoek. Michelle het by die Isa Carstens Instituut op
Stellenbosch as skoonheidsterapeut gekwalifiseer.
i1 Micah **VAN ZYL** * Paarl 13.3.2009.
i2 Noa **VAN ZYL** * Hermanus 12.8.2011.
k2 Hilletje **VAN ZYL** * Paarl 4.5.1981. Sy studeer af as 'n Bedryfsingenieur
op Stellenbosch en werk tans in Engeland.
- j2 Maria Elizabeth **VAN ZYL** (*Riza*) * Piet Retief 15.3.1954 x PLEK EN DATUM
Johannes Hendrik **COETZEE** (*Hennie*) * Groblershoop 5.4.1954 (2 s). Hennie
behaal BSc(Landbou) en Riza B(Huishoudkunde) op Stellenbosch. Hennie is
'n besproeiingsboer by Prieska en het 'n kudde Bonsmaras.
k1 Coenrad Nolte **COETZEE** (*Nolte*) (dr.) * Prieska 23.7.1982. Nolte studeer
eers BRek op Stellenbosch en daarna Chiropraktyk by Life University,
Atlanta, VSA. Hy praktiseer as 'n chiropraktisyn op Stellenbosch.
k2 Albertus van Zyl **COETZEE** (*Bertie*) * Prieska 30.9.1984. Hy behaal
BSc(Landbou-ekonomie) op Stellenbosch, maar is tans 'n musikant in die
bekende groep, Zinkplaat.
- j3 Albertus Bührmann **VAN ZYL** (*Bertus*) * Piet Retief 24.8.1965 x PLEK EN
DATUM Catherina **STAPELBERG** (*Carna*) * Piet Retief 3.5.1966 (3 k). Bertus
en Carna boer op Amsterdam, die familieplaas by Piet Retief.
k1 Albertus Bührmann **VAN ZYL** (*Altus*) * PLEK 17.9.1991 † Piet Retief
6.11.1992.
k2 Willem Francois **VAN ZYL** (*Wian*) * Piet Retief 20.8.1993.
k3 Berna **VAN ZYL** * Piet Retief 24.5.1995.

- h3 Jacobus Frederik **VAN ZYL** (*Kosie*) * Swellendam 17.7.1893 ~ Swellendam 3.9.1893
† Hartebeestrivier 11.11.1904. Hy het drie weke gesukkel met ingewandskoors en
longontsteking en sterf op 11-jarige ouderdom.²³⁸
- h4 Albert **VAN ZYL** * Hermitage²³⁹ 12.9.1895 ~ Swellendam 1.12.1895 † **PLEK** 16.8.1974
x **PLEK** 17.9.1932 Helena Catharina **KRUGER** (*Lenie*) * **PLEK** 22.9.1903 † **PLEK**
9.9.1968 (5 k). Woon sedert 16.9.1939 in die Vaalharts. Albert het nog gehelp om die
kanaalstelsel in die Vaalharts te graawe. [’n Foto van oom Albert en tant Lenie word
benodig asook van hulle nageslag. Meer inligting oor sy lewe word ook verlang. En foto’s
van hulle nageslag.]
- i1 Frederik Jacobus **VAN ZYL** (*Frikkie Vliegtuig*) * Schweizer-Reneke 25.1.1935 x
Hartswater 7.1.1961 Magrieta **BURGER** (*Margot*) * 21.5.1939. Frikkie begin sy
loopbaan as elektriesien by ’n vliegklub op Zwartkops. Daar het hy ook leer vlieg. In
1956 is hy na Ysterplaat waar hy met Zikorsky’s en Venturas gevlieg het. Vanaf
1968 was hy ’n handelsvlieënier en vlieginstrukteur. Hy het 22 jaar vliegopleiding
gegee. Hy het 42 verskillende soorte vliegtuie gevlieg. Later werk hy vir die
Munisipaliteit Springs en gaan boer uiteindelik in die Vaalharts. (2 s)
- j1 Albert **VAN ZYL** (*Albie*) * **PLEK** 20.6.1965 x **PLEK EN DATUM** Elize **DE**
LANGE * **PLEK EN DATUM** 3.1.___ Albie behaal BProc op UOVS en het as ’n
prokureur gepraktiseer, maar is nou ’n sakeman op Hartswater. Hy is eienaar
van die Magogong-steengroef.
- k1 Marjorie **VAN ZYL** * Hartswater 22.7.1993.
k2 Albert **VAN ZYL** (*Altus*) * Bloemfontein 12.3.1997.
k3 Margot **VAN ZYL** * Bloemfontein 16.5.2002.
- j2 Petrus **VAN ZYL** (*Erus*) * **PLEK** 25.6.1968 x **PLEK EN DATUM** Karen
CORNELIUS * **PLEK EN DATUM** 19.2.___. Erus verwerf BCom op UOVS en
BCompt deur Unisa. Hy is ’n rekenmeester op Christiana.
- k1 Frederik Jacobus **VAN ZYL** (*Erik*) * Vryburg 12.10.1995.
k2 Wynand **VAN ZYL** (*Wyno*) * Jan Kempdorp 6.8.1998.
k3 Bianca **VAN ZYL** * Bloemfontein 23.5.2006.
- i2 Flippie **VAN ZYL** * **PLEK** 8.12.1936 † Oudtshoorn 17.10.1956 verongeluk op 19 jaar
met ’n motor naby Mount Hope tussen George en Oudtshoorn. Sy vriend Markram
was saam toe hulle die Zephyr omgegooi het op pad terug na die Vaalharts na ’n
vakansie op Swellendam. Ongetroud.
- i3 Ronél Anna **VAN ZYL** * **PLEK** 14.2.1938 x **PLEK** 12.2.1966 Johannes Christiaan
STEINMANN (*Hansie*) * **PLEK** 24.10.1939.
- j1 ’n Seuntjie **STEINMANN** * Hartswater 9.8.1967 kort na geboorte oorlede.
j2 Helena Catharina **STEINMANN** (*Karien*) * Hartswater 11.9.1968 x **PLEK EN**
DATUM Colin **SCHUBACH** * **PLEK EN DATUM** (2 s: Evan en Greg).
- j3 Carel Daniël **STEINMANN** (*Niel*) * Hartswater 29.1.1972 † Vaalharts 20.5.1990,
18 j., motorfietsongeluk op die plotte.
- i4 Hester Theodora **VAN ZYL** (*Baba*) * **PLEK** 15.4.1941 x Hartswater 7.1.1967
Frederick Johannes **BOTHA** (*Frikkie*) * **PLEK** 12.7.1943. In die Vaalharts.
- j1 Helena Catharina **BOTHA** * Hartswater 7.8.1975 x **PLEK** 12.12.1998 J.C.J.
PRETORIUS (*Koos*) * **PLEK** 21.4.1978 (2 k).
- j2 Susara Johanna Maria **BOTHA** (*Sarina*) * Hartswater 28.1.1978 x **PLEK**
8.12.2004 Gerhard **PRETORIUS** * **PLEK** 15.5.1973.
- i5 Albert **VAN ZYL** * **PLEK** 28.10.1944 x **PLEK EN DATUM** Elizabeth Petronella **DU**
PLESSIS (*Elize*) * **PLEK** 3.1.1949. Motorwerktuigkundige. Krugersdorp.
- j1 Christina **VAN ZYL** (*Christa*) * **PLEK** 25.11.1971 x **PLEK EN DATUM** Fanie
BREDENHANN * **PLEK** 21.5.1980.
- k1 Stephan **BREDENHANN** * **PLEK** 3.6.2004.
k2 Annelize **BREDENHANN** * **PLEK** 27.9.2005.
- j2 Albert **VAN ZYL** * **PLEK** 17.9.1981. Ongetroud

²³⁸ ARW: HAWC 1/3/47/5/2, p. 200.

²³⁹ ARW: HAWC 1/3/47/3/1, p. 23.

- h5 Petronella Anna van Niekerk **VAN ZYL** (*Nellie*) * Hermitage²⁴⁰ 16.5.1898 ~ Swellendam 7.8.1898 † Swellendam 4.7.1971 x Swellendam 18.3.1924 met Hendrik Petrus Johannes **LANGENHOVEN** (*Hennie*) * Botrivier 1.2.1894 † **PLEK** 24.9.1981 (7 k). Hy was 'n boer op Rietkuil en Bergsig oos van Swellendam. [Foto's van tant Nellie en nasate is ontvang.]
- i1 Anna Petronella **LANGENHOVEN** (*Anna*) * Hermitage, Swellendam²⁴¹ 13.2.1925 † **PLEK** 3.2.2004 x Swellendam 13.2.1957 Daniël Sarel **PENTZ** (*Danie*) * Riversdal 7.9.1905 † Riversdal 2.9.1985 (3 k) s.v. Daniel Sarel Salmon Pentz * 21.8.1874 en Jacoba Cronjé * 30.9.1878 † 14.12.1910. Danie was voorheen getroud met Hester Conradie † 1951 met 2 s en 2 d. Hy was 'n boer op Vergenoeg naby die Slapende Skoonheid by Riversdal. Anna was 'n verpleegsuster. Anna het haar opleiding by die Peninsula Maternity Home (PMH) in Distrik Ses ontvang. Daarna het sy verpleeg op Riversdal, Kleinmond, en King Edward Order of Nurses, Swellendam. (3 k: Petro * 13.1.1958, Hennie * 29.9.1959, Susan * 5.7.1961).
- i2 Hendrik Petrus **LANGENHOVEN** (*Henrie*) * Albertinia 13.2.1928 † Kaapstad 20.11.1978 x Marchand 14.7.1956 Christina Magdalena **VAN DEN HEEVER** (*Kittie*) * Plaatjiesfontein naby Nababeep 28.4.1932. Henrie het sy opleiding as motorwerktuigkundige by die HTS Oudtshoorn voltooi. Hy het geboer op Bergsig, Buffeljagsrivier. (3 k: Henk * 21.4.1958, Johan * 25.5.1960, Jaco * 14.7.1963).
- i3 Frederik Jakobus **LANGENHOVEN** (*Frikkie*) * Hermitage 19.1.1930 † Hartswater 23.11.1992 x Vaalharts 10.7.1954 Susan **BURGER** * Petrusburg 13.7.1930 † Jan Kempdorp 17.8.2007. Susan was van Schweizer-Reneke. Frikkie het op 16-jarige ouderdom begin boer. Hy en Susan het by Hartswater geboer. (5 k: Johanna * 7.3.1956, Petro * 22.9.1958, Hennie * 30.7.1960, Burger * 30.7.1964, en Susanna Magdalena * 19.8.1966 † 19.8.1966).
- i4 Johanna Jacoba **LANGENHOVEN** (*Hannie*) * Rietkuil, Swellendam 24.8.1931 † 11.10.1995 x De Doorns 20.3.1982 Van der Spuy **BEUKES** * **PLEK EN DATUM** (geen k). Sy het op Riversdal skoolgegaan tot st 8. Sy werk eers as tikster by Craffords-meubels op Swellendam. Was lank tesouriere by die A.C.S.V.-hoofkwartier op Stellenbosch. Sy is in haar twintigs met veelvuldige sklerose gediagnoseer.
- i5 Eliza Marthinus **LANGENHOVEN** (*Elisa/Ouboetie*) * Rietkuil, Swellendam 22.7.1933 x Citrusdal 16.1.1960 Elsabé **MULLER** * **PLEK** 3.11.1935. Elisa het st 10 op Swellendam voltooi, maar kon nie Engels deurkom nie. Hy begin studies in Tandheelkunde en verwerf goeie predikate, maar moes uiteindelik die droom om tandarts te word prysgee omdat hy nie Engels deurgekom het nie. Hy word 'n suksesvolle boer in die Vaalharts. Woon op Jan Kempdorp. (3 k: Hein * 12.4.1961, Müller * 13.5.1964, Sarè * 25.4.1978).
- i6 Maria Magdalena **LANGENHOVEN** (*Maria/Rakie*) * Rietkuil, Swellendam 22.8.1934 x Swellendam 31.12.1966 Albertus Johannes **VAN ZYL** (*Bertie*) * Pienaarsbult, distrik Springbok 29.8.1934. Rakie slaag st 10 op Swellendam. Sy voltooi haar verpleegopleiding by Pretoria Algemeen en is daarna vir Kraamopleiding na die PMH in Distrik Ses. Sy het lank by die Karl Bermer hospitaal en ook ander hospitale gewerk. Sy is in haar sewentigerjare met veelvuldige sklerose gediagnoseer en woon reeds jare in 'n versorgingsoord op Springbok. Bertie boer op Naries tussen Soebatsfontein en Spoegrivier. (4 k: Ronel * 18.2.1967, Albert * 15.2.1970, Hettie * 11.9.1972, Hendrik * 18.9.1975).
- i7 Christina Hendrina **LANGENHOVEN** (*Christa*) * Rietkuil, Swellendam 19.1.1943 x Northcliff, Johannesburg 10.7.1970 Edward Llewellyn **BRODDLE** (*Eddie*) * Southwell, Portland, Engeland 1.5.1939 † Panorama, Kaapstad 12.9.1997. Sy behaal BA en 'n Hoër Diploma in Biblioteekkunde. Eddie was 'n outo-elektrisiën. (2 k: Petra * 7.6.1973, Debra (*Debbie*) * 29.7.1975).
- h6 Alida Christina Lodewina **VAN ZYL** * Hermitage²⁴² 17.7.1900 ~ Swellendam 2.9.1900 † 15.10.1900.

²⁴⁰ ARW: HAWC 1/3/47/3/1, p. 138.

²⁴¹ Anna is in die Hermitage gebore terwyl haar ouers nog op Diamant by Swellendam geboer het. ARW: HAWC 1/3/47/3/7, nr. 102/1925 en Die Burger? 1925, koerantknipsel lui: "Op 13de Februarie 1925, 'n fris dogtertjie, Diamant, Swellendam". Sy is volgens familie in Albertinia gedoopt.

²⁴² ARW: HAWC 1/3/47/3/1, p. 233.

- h7 Christiaan Diedericks **VAN ZYL** (*Chris*) * Hermitage²⁴³ 6.1.1902²⁴⁴ ~ Swellendam
21.2.1902 † Swellendam 19.7.1991 Ω Hermitage x **PLEK EN DATUM** c. 1928 Susanna
Petronella **BOUWER** (*Sannie*) * Botterkloof, Stilbaai 17.6.1903 † Swellendam 27.2.1993
Ω Hermitage (2 k). Hy het in die Hermitage geboer. [Foto's van oom Chris en tant Sannie
en van hulle nageslag word nog benodig.]
- i1. Beatrix Susanna Margaretha **VAN ZYL** (*Trix*) * Swellendam 31.7.1931 † **PLEK**
25.8.1988 x **PLEK EN DATUM** Paul **LOURENS** (*Paul*) * **PLEK** 15.8.1924 † **PLEK**
7.9.2008. Worcester.
- j1 Christoffel **LOURENS** (*Christoff/Chris*) * **PLEK** 28.11.1955 x **PLEK EN DATUM**
Martha Magrietha **VAN ZYL** (*Martie*) * **PLEK** 4.7.1959 (2 k).
- j2 Christiaan Diedericks **LOURENS** (*Tiaan*) * **PLEK** 24.5.1959 x **PLEK EN**
DATUM Elizabeth Johanna **VAN DER WESTHUIZEN** * **PLEK** 28.4.1963 (2 k).
- j3 Sosanna Petronella **LOURENS** (*Sunél*) * **PLEK** 5.8.1962 x **PLEK EN DATUM**
Pierre **STOFBERG** (*Pierre*) * **PLEK** 7.5.1961 (2 k).
- i2 Frederik Jacobus **VAN ZYL** (*Frikkie*) * Swellendam 28.8.1934 x **PLEK EN DATUM**
Worcester 20.10.1962 Eileen **BESTER** * Heidelberg W/K 27.1.1941.
- j1 Christiaan Diedericks **VAN ZYL** (*Christi*) * Swellendam 31.7.1963 x **PLEK EN**
DATUM Lorina **BLOM** xx Caledon **DATUM** met Leoni **GROENEWALD** * **PLEK**
EN DATUM (geen k). Christi het gekwalifiseer as dieselwerktuigkundige.
- j2 Elna Sophia **VAN ZYL** (*Elna*) * Swellendam 3.6.1967 x Swellendam **DATUM**
met Henri Verdi **DE JAGER** * Paarl 28.7.1965 (2 k).
- k1 Elri Helena **DE JAGER** * Swellendam 5.12.1994.
- k2 Ri-El Verdi **DE JAGER** * Worcester 3.12.1998.
- j3 Jacobus Ernst **VAN ZYL** (*Kosie*) * Swellendam 4.5.1970 x **PLEK EN DATUM**
Natalie **FERGUSON** xx Caledon **DATUM** met Mariska **SWART** * **PLEK EN**
DATUM (2 s). Kosie het 'n MIng-graad in Elektroniese Ingenieurswese. Hulle
woon op Malmesbury.
- k1 Frederik Jacobus Albert **VAN ZYL** (*Albert*) * Somerset-Wes 3.10.2007.
- k2 Bertus Christiaan **VAN ZYL** (*Bertus*) * Malmesbury 29.1.2010.
- h8 Maria Magdalena **VAN ZYL** (*Miemie*) * Hermitage²⁴⁵ 16.6.1904 † **PLEK** 3.7.1981 x **PLEK**
EN DATUM c. 1927 Cornelius Theodorus **KNOETZE** (*Kollie/Kerneels*) * **PLEK** 4.3.1897
† **PLEK EN DATUM** 1976 (3 k). Miemie het na st 8 by die kollege op Robertson as
onderwyseres gekwalifiseer. Hulle het op Melkoutkraal naby Riversdal geboer en Miemie
was 'n onderwyseres by die skooltjie op Melkhoutkraal. Sy het ook soms by die
plaasskooltjie op Rietkuil tussen Swellendam en Heidelberg afloswerk gedoen. [’n Foto
van tant Miemie is gevind, maar nog nie een waar oom Kollie by is nie. Een van hulle
kinders word ook nog benodig.]
- i1 Anna Petronella **KNOETZE** (*Anna*) * **PLEK** 2.4.1929 † 2012 x **PLEK EN DATUM**
Jan **SAAYMAN** * **PLEK EN DATUM** (3 s en 1 d).
- i2 Susanna Petronella **KNOETZE** (*Poppie/Susan*) * **PLEK** 4.11.1931 x **PLEK EN**
DATUM Hugh **TAIT** (*Harry*) * **PLEK EN DATUM** † **PLEK EN DATUM** Junie 1976.
(2 d, Rose-maria en Helen)
- i3 Johannes Adolphus **KNOETZE** (*Hansie*) * **PLEK** 11.5.1934 † **PLEK EN DATUM** Hy
het 'n groot onopereerbare gewas aan sy nek gehad. Ongetroud.
- h9 Hendrina Elizabeth Christina **VAN ZYL** (*Hen*) * Swellendam 25.6.1906 † Vanderbijlpark
17.7.1997 x **PLEK EN DATUM** Jurie Johannes **ERWEE** (*Johannes*) * Caledon-distrik
22.5.1898 † Jan Kempdorp 21.7.1970 Ω Vanderbijlpark (3 k). [’n Foto van tant Hen en
oom Johannes is gevind, maar foto's van hulle kinders word nog gesoek. Meer inligting
oor hulle lewensloop is nodig.]
- i1 Jurie Johannes **ERWEE** (*Jurie/Boet*) * **PLEK** 13.6.1931 † **PLEK** 14.12.1984 x **PLEK**
EN DATUM Marie Elizabeth **KRUGER** (*Marie*) * **PLEK** 4.7.1938 (5 k). Hy was 'n
mynkaptein.

²⁴³ ARW: HAWC 1/3/47/3/2, p. 56.

²⁴⁴ Chris se geboortedatum volgens die doopboek is 4.1.1902, maar word by die registrasie van die geboorte en op sy grafsteen as 6.1.1902 aangegee.

²⁴⁵ ARW: HAWC 1/3/47/3/2, p. 162.

- i2 Louisa Petronella **ERWEE** (*Petra*) * **PLEK** 4.4.1935 x Ontdekkers 11.10.1957
Hendrik Cornelius **ENGELBRECHT** (*Hennie*) * Piketberg 9.10.1931 † Bellville
7.7.1985 (3 k) xx **PLEK EN DATUM** dr Friedrich Kolbé **VON MALTITZ** (*Fritz*)
* Bothaville 25.4.1921.
- i3 Frederika van Zyl **ERWEE** (*Rika*) * 10.8.1940 x **PLEK EN DATUM** Lukas
ZIETSMAN (*Ziets*) * **PLEK EN DATUM** (1 d en 1 s).
- h10 Barend Bartholomeus **VAN ZYL** (*Ben*) * Hermitage²⁴⁶ 14.4.1908 † **PLEK** 13.8.1987
x **PLEK EN DATUM** c. 1933 Hester Magdalena Maria **SWANEPOEL** (*Hettie*) * **PLEK**
22.8.1910 van Zastron (3 k). Aanvanklik het Ben in Lesotho geboer en gedors terwyl
Hettie 'n slaghuis en eethuis op Mohale's Hoek vir die plaaslike mense bedryf het. In die
tyd toe Basoetoeland nog 'n Britse kolonie was, het Hettie losies verskaf aan die Britse
soldate. In daardie jare is die land deur hongersnood en builepes geteister. Louie vertel
sy het geleer om Sesotho te lees en te skryf.²⁴⁷ Later het die gesin na die Vaalharts
verhuis en daar geboer. [Foto's van oom Ben en tant Hettie asook van hulle nageslag
word nog gesoek.]
- i1 Louie **VAN ZYL** * Mohale's Hoek, Lesotho 22.4.1936 x Hartswater 12.7.1958
Gabriël Eduard **DU TOIT** (*Gawie*) * **PLEK** 24.4.1936 van Prince Alfred Hamlet. Boer
in die Vaalharts.
- j1 Gabriël Eduard **DU TOIT** (*Gawie*) * **PLEK** 20.3.1961 x **PLEK EN DATUM** Dollie
RAS * **PLEK EN DATUM** (2 k: Inee en Gawie) xx **PLEK EN DATUM** Tersia
VAN RENSBURG * **PLEK EN DATUM**.
- j2 Barend Bartholomeus **DU TOIT** (*Bennie*) * **PLEK** 30.12.1962 x **PLEK EN**
DATUM Suzanne **DU PLESSIS** * **PLEK EN DATUM** (2 k: Barend en Jeandri).
- j3 Hester Magdalena **DU TOIT** (*Magdel*) * **PLEK** 4.1.1966 x **PLEK EN DATUM**
Johan **ROUSSEAU** (2 k: Eloïse en Johan).
- i2 Petronella Anna **VAN ZYL** (*Ann*) * Mohale's Hoek, Lesotho 23.10.1938 x **PLEK EN**
DATUM Hermanus Jacobus **POTGIETER** (*Hermie*) * **PLEK** 22.10.1930 † **PLEK**
29.6.1991. Hermie het 'n groenteplaas naby Douglas bedryf.
- j1 Izak Meyer **POTGIETER** (*Meyer*) * **PLEK** 4.4.1965 † **PLEK** 29.11.2004 x **PLEK**
EN DATUM Willina **KLEINGELD** * **PLEK EN DATUM** xx **PLEK EN DATUM**
Martie **VAN HUYSSTEEN** * **PLEK EN DATUM** (1 s: Hermie).
- j2 Hester Magdalena **POTGIETER** (*Anél*) * **PLEK** 4.8.1967 x **PLEK EN DATUM**
Pierre Ettiene **AUCAMP** * **PLEK EN DATUM** (2 d: Charlotte-Ann, Petra-Ann).
- i3 Hester Maria Magdalena **VAN ZYL** (*Hettie*) * Zastron 11.1.1946 x Hartswater
DATUM met Oelof Abraham **VORSTER** (*Vossie*) * Vryburg 26.4.1943 † Klerksdorp
4.6.2000. Vossie was 'n bestuurder vir Anglo by Klerksdorp. Sy is in 'n aftreeoord op
Brackenfell.
- j1 Oelof Abraham **VORSTER** (*Oelof*) * **PLEK** 3.4.1967 x **PLEK EN DATUM** Adèle
VORSTER? * **PLEK EN DATUM** (1 s en 1 d) ÷ xx Pietersburg met Maria
Magdalena **LOURENS** (*Magda*) * **PLEK EN DATUM** (1 s).
- j2 Estelle **VORSTER** * **PLEK** 8.3.1969 x Klerksdorp **DATUM** met Johan **VAN**
TONDER * **PLEK EN DATUM** (2 s en 1 d).
- j3 Carolina **VORSTER** (*Carol*) * **PLEK** 18.9.70 x Klerksdorp **DATUM** met Martin
PRETORIUS * **PLEK EN DATUM** (1 s en 1 d).
- j4 Elmarie **VORSTER** * **PLEK** 31.3.1972 x Klerksdorp **DATUM** met David
KLEYNHANS * **PLEK EN DATUM** (2 s en 1 d).
- i4 Frederik Jacobus **VAN ZYL** (*Freddie*) * Jan Kempdorp 11.2.1954 x Hartswater
DATUM met Engela **OOSTHUIZEN** * **PLEK** 28.10.1959. Hulle het eers geboer,
maar het nou 'n tuisbedryf-bakkerij op Hartswater.
- j1 Barend Bartholomeus **VAN ZYL** (*Bennie*) * **PLEK** 2.7.1985.
- j2 Helena Dorothea **VAN ZYL** (*Hedré*) * **PLEK** 26.6.1990.
- h11 Frederick Jacobus **VAN ZYL** * **PLEK** 14.4.1910 † **PLEK** 5.8.1910 (4 maande).²⁴⁸

²⁴⁶ ARW: HAWC 1/3/47/3/3, p. 36.

²⁴⁷ Du Toit, Louie, Mededeling 24.5.2012.

²⁴⁸ ARW: HAWC 1/3/47/5/2, p. 119 gee die sterfdatum as 6.8.1910 en dui die oorsaak aan as “convulsions from birth”.

- g2 Christiaan Diedericks **VAN ZYL** (*Chrisjan/Chris*) * PLEK 28.10.1867 ~ Montagu 1.3.1868
† Woonhuis te Buitekantstraat, Swellendam 29.6.1948 Ω Swellendam x PLEK EN DATUM
Helena Catharina **STEYN** (*Lenie*) * PLEK 9.5.1867 † PLEK 12.2.1927²⁴⁹ Ω Swellendam (7 k),
xx Swellendam 13.7.1928 Cornelia Christina **LINDE** (*Collie*) * PLEK 14.9.1894 † PLEK
10.5.1969 Ω Swellendam (1 seun). By die geboorte van sy dogter Alie word sy beroep
aangegee as tuinier in die Hermitage,²⁵⁰ by die geboorte van Martiens, is hy 'n graanboer in die
Hermitage²⁵¹ en by Lily se geboorte in 1903 gee Chrisjan sy beroep aas as 'n togryer tussen
Swellendam en die Kaap.²⁵² Toe sy vier seuns begin grootword, koop Chrisjan 'n gedeelte van
die plaas Rotterdam by Buffeljagsrivier. Die seuns moes met die grond woeker om dit af te
betaal. Sy seun Manie sterf egter aan maagkoors en die ander drie het 'n tyd lank op
Rotterdam geboer en uiteindelik beseft die plase is nie groot genoeg vir al drie nie. Hulle koop
toe saam 'n stuk grond nader aan Suurbraak waarop Pieter toe gaan boer het terwyl Martiens
en Chrisjan die stuk van Rotterdam tussen hulle verdeel en daar geboer het.²⁵³ Oom Chrisjan
is in September 1925 tot stadsraadslid van Swellendam verkies²⁵⁴ en toe sy termyn in
September 1928 verstryk, word hy op 'n openbare vergadering weer genomineer,²⁵⁵ maar word
klaarblyklik by die stembus verslaan omdat ander lede by die volgende vergadering op die
stadsraad verwelkom word.²⁵⁶ [’n Foto van oom Chrisjan en tant Collie is gevind, maar een van
tant Lenie ontbreek. Foto's van hulle nageslag word nog benodig.]
- h1 Pieter Abraham **VAN ZYL** (*Pieter*) * PLEK 17.10.1889 ~ Swellendam 8.12.1889
† Swellendam 17.9.1980 Ω Swellendam x PLEK EN DATUM Elsie Dorothea
BREYTENBACH (*Daisy*) * PLEK 27.11.1899 † Swellendam 17.7.1998 Ω Swellendam
(1 d). Pieter en Daisy het op Rietjiesbos geboer, 'n plaas links van die pad tussen
Buffeljags en Suurbraak, terwyl hy op sy ander plaas Somersetgift gewoon het. Hy het
daar koring, gars en hawer gesaai en 'n paar beeste en skape aangehou. In sy jong dae
het hy nog self die lande met sy hande gesaai en eers later jare met implemente gewerk.
Sy skoonseun, Mattheus van der Vyver, het eers vir hom op Rietjiesbos geboer en daarna
op Somersetgift. Mattheus het egter siek geword en in 'n Kaapse hospitaal beland
waarna die plase verhuur is. Oom Pieter en tant Daisy het twee skakelhuse in
Swellengrebelstraat, Swellendam besit waar hulle beide agterplase vol groente geplant
het en die bure en vriende van groente kon voorsien. Oom Pieter het self die akkers
omgespit en water gelei. Nadat oom Pieter oorlede is, het tant Daisy in die aftree-oord
gaan woon.²⁵⁷ Pieter was 'n vroom man en betrokke by die kerk.²⁵⁸ [Foto's van oom
Pieter en tant Daisy asook van hulle nageslag word nog gesoek.]
- i1 Ellen Dorothea **VAN ZYL** (*Elna*) * PLEK 14.12.1930 † Kuilsrivier 2.8.2012²⁵⁹ x PLEK
EN DATUM Mattheus Bernardus Lambertus **VAN DER VYFER** (*Mattewis*) * PLEK
21.12.1909 † Buffeljagsrivier 26.4.1978. Elna en Mattewis het vir haar pa op
Rietjiesbos geboer, maar na Mattewis se siekte en dood het Elna in een van haar
ouers se skakelhuisies op Swellendam gaan woon. Na haar moeder oorlede is, het
sy in 'n aftreeoord in Kuilsrivier gaan vestig.²⁶⁰
- j1 Bernardus Lambertus **VAN DER VYVER** (*Bernard/Barnie*) * PLEK 6.10.1953
† Wynberg 27.6.2012. Ongetroud. Hy was 'n stafsersant by 2 Mil. Hospitaal,
Wynberg, Kaapstad.
- j2 Elsie Dorothea **VAN DER VYVER** (*Ora*) * PLEK 18.1.1958 x PLEK EN
DATUM Dereck **HUMAN** * PLEK EN DATUM ÷ (1 d: Anuzka Bianca * 1990)
xx André **KRUGER**. Ora het na skool by die Polisie aangesluit en later vir die
Narkotikaburo van die SAP in Kaapstad gewerk. Daarna ook vir Santam en
sedert 1984 werk sy by die Koeberg-kernkragssentrale. Sy en André woon in

²⁴⁹ ARW: HAWC 1/3/47/5/4, nr. 40/1927 dui die oorsaak aan as baarmoederkanker waaraan sy vir drie jaar gely het.

²⁵⁰ ARW: HAWC 1/3/47/3/1, p. 172.

²⁵¹ ARW: HAWC 1/3/47/3/1, p. 231.

²⁵² ARW: HAWC 1/3/47/3/2, p. 117, geboorteregistrasie van 'n dogter waarin sy beroep as togryer ("carrier") aangedui word.

²⁵³ Van Zyl, Chris, Somerset-Wes, Onderhoud 28.6. 2012.

²⁵⁴ ARW: 3/SWM 1/1/1/10, notule 10.9.1925, p. 565. [5625]

²⁵⁵ ARW: 3/SWM 1/1/1/10, notule 23.8.1928, bl. 907. [5980]

²⁵⁶ ARW: 3/SWM 1/1/1/10, notule 4.9.1928, bl. 909. [5982]

²⁵⁷ Human, Ora, e-pos 30.8.2012 en 3.10.2012.

²⁵⁸ De Vos, Delina, Onderhoud 20.6.2012.

²⁵⁹ Doodsberig in *Die Burger* 4.8.2012 ontvang van Linde van Zyl, per e-pos 6.12.2012.

²⁶⁰ Human, Ora, e-pos 30.8.2012.

Melkbosstrand.

- j3 Pieter Abraham **VAN DER VYVER** * Rietjiesbos, Swellendam 5.1.1966
x **PLEK EN DATUM** Engela Elizabeth Jacoba **HARMSE** * **PLEK** 10.12.1962.
Hy is in diens van Transnet en Engela is 'n kraamsuster Hulle woon op
Beaufort-Wes.
- h2 Hermanus **VAN ZYL**²⁶¹ (*Manie*) * **PLEK** 1.4.1891 ~ Swellendam 24.5.1891 † Rotterdam
24.2.1921 Ω Swellendam, op 29 aan “ingewandskoors en longontsteking” (*typhoid and
pneumonia*) oorlede. Hy het as 'n “algemene arbeider” by die koshuis op Swellendam
gewerk.²⁶² Ongetroud. [Bestaan daar 'n foto hierdie boetie wat so jonk dood is?]
- h3 Christiaan Johannes **VAN ZYL** (*Chrisjan*) * **PLEK** 25.1.1893 ~ Swellendam 5.3.1893
† **PLEK** 6.7.1985 x **PLEK EN DATUM** Johanna Helena **MULLER** (*Henna*) * **PLEK**
25.4.1899 † **PLEK** 12.11.1987 Ω Buffeljagsrivier (1 d). Henna was glo 'n niggie van
Hannie wat met Martiens (h3 hieronder) getroud is. Chrisjan en sy broer Martiens het 'n
stuk van Rotterdam by Orange Grove gehad, noord van die Olivedale-pad by
Buffeljagsrivier. Hy het daar met skaap geboer. [’n Foto van oom Chrisjan en tant Henna
asook van Cecile word nog gesoek.]
- i1 Cecile **VAN ZYL** * **PLEK EN DATUM** † **PLEK EN DATUM** x **PLEK EN DATUM**
Josef **MULLER** * **PLEK EN DATUM** 1915 † **PLEK EN DATUM** (1 s) ÷ xx Stefaans
DU TOIT* **PLEK EN DATUM**.
- j1 Josef **MULLER** (*Muller*) * **PLEK EN DATUM** † **PLEK EN DATUM** 15 j. oud
vanweë 'n breingewas.
- h4 Johanna Christina **VAN ZYL** (*Henna*) * **PLEK** 27.9.1894²⁶³ ~ Swellendam 11.11.1894
† **PLEK** 28.6.1975 x **PLEK EN DATUM** Johannes Bernardus **SWART** (*Johan*) * **PLEK**
31.1.1887 † **PLEK** 16.4.1966 Ω Swellendam (2 d). [Het iemand 'n foto van hulle en hulle
kinders?]
- i1 Helena Christina **SWART** (*Helene*) * Swartsdam, Swellendam 23.5.1924²⁶⁴ † **PLEK**
EN DATUM x **PLEK EN DATUM** Bart **VERSTER** * **PLEK EN DATUM** † **PLEK EN**
DATUM (2 d). Bart het by Clift-grafsteenmakers in die Paarl gewerk.
- i2 Cornelia Gertruida **SWART** (*Corrie*) * Swartsdam, Swellendam 13.5.1927²⁶⁵ † **PLEK**
26.7.1984 Ω Goedehoop, Strand. Ongetroud.
- h5 Alida Christina **VAN ZYL** (*Alie*) * Hermitage²⁶⁶ 17.2.1899 ~ Swellendam 1.4.1899 † **PLEK**
EN DATUM x **PLEK EN DATUM** Jacobus Stephanus **DE WET** (*Koos*) * **PLEK EN**
DATUM † **PLEK EN DATUM** (1 d) xx Japie **DE WET** * **PLEK EN DATUM**. [’n Foto van
hulle en van Ena en haar gesin word nog benodig] Koos was 'n boer op Mierkraal, 30 km
van Swellendam, en Japie 'n boer op Vrede, Swellendam. Koos en Japie was kleinneefs.
- i1 Helena Jacoba **DE WET** (*Ena*) * 5.9.1930 x **PLEK EN DATUM** Johannes Gerhardus
DU TOIT (*Jan Keppies*) * **PLEK** 10.1.1923 † **PLEK EN DATUM** van Ouplaas? (_ k).
- h6 Marthinus Cornelis **VAN ZYL** (*Martiens*) * Hermitage²⁶⁷ 3.7.1900 ~ Swellendam 2.9.1900
† 4.5.1984 x **PLEK EN DATUM** Johanna Theunisa **MULLER** (*Hannie*) * **PLEK**
10.10.1906 † **PLEK** 4.7.1974 Ω Buffeljagsrivier (4 k). Hannie was glo 'n niggie van Henna
wat met Chrisjan (h3 hierbo) getroud is. Martiens was pittig en grappig.²⁶⁸ Hy het in die
kerkkoor van die gemeente gesing. Hy het in 'n rietdakhuisie op 'n perseel by Buffeljags
geboer met koljander, boontjies en aartappels. Die Van Zyls het 'n stuk van Rotterdam
(Orange Grove) van Douglas Faure gekoop. Martiens en Chrisjan het elkeen 'n helfte
gekry.²⁶⁹ Die bejaarde Martiens is in sy huis op Buffeljags vermoor deur gevangenes wat
uit die Buffeljagsgevangenis ontsnap het nadat hy teruggekeer het van 'n besoek aan
Neels Franken. Die misdadigers het hom ingewag en blykbaar met 'n graaf doodgeslaan.
Hulle is later gevang en is glo die doodstraf opgelê.²⁷⁰ [Foto's van oom Martiens en tant

²⁶¹ Op die sterfregister HAWC 1/3/47/5/2, nr. 34/1921 word sy name as Hermanus Steyn van Zyl aangegee.

²⁶² ARW: HAWC 1/3/47/5/2, nr. 34/1921.

²⁶³ Haar doopinskrywing sê 1894 terwyl die grafsteen sê 1895.

²⁶⁴ ARW: HAWC 1/3/47/3/7, nr. 315/1924.

²⁶⁵ ARW: HAWC 1/3/47/3/8, nr. 374/1927.

²⁶⁶ ARW: HAWC 1/3/47/3/1, p. 172.

²⁶⁷ ARW: HAWC 1/3/47/3/1, p. 231.

²⁶⁸ Franken, Neels, Onderhoud Mei 2013.

²⁶⁹ De Vos, Delina, Onderhoud 20.6.2012.

²⁷⁰ Le Roux, Hennie, Onderhoud 2012; Franken, Neels, Onderhoud Mei 2013; De Vos, Delina, Onderhoud 20.6.2012.

Hannie asook van hulle nageslag word nog gesoek.]

- i1 Magdalena Christina **VAN ZYL** (*Myrtle*) * Buffeljags 1.6.1933 x **PLEK EN DATUM** H.L.B. **LAUBSCHER** (*Lionel*) * **PLEK** 4.1.1928 † **PLEK EN DATUM** (geen k). Pretoria. Hy is 'n regsgeleerde.
- i2 Helena **VAN ZYL** (*Ela*) * Buffeljags 11.4.1936 x **PLEK EN DATUM** John **CHAMBERLAIN** * **PLEK** 2.9.1933 † **PLEK** 26.12.1984 (1 d).
j1 Juanita **CHAMBERLAIN** * **PLEK** 24.2.1965 x **PLEK EN DATUM** Daniël Benjamin **JAMNECK** * **PLEK EN DATUM** (geen k).
- i3 Albertina **VAN ZYL** (*Berna*) * Buffeljags 31.10.1938 x **PLEK EN DATUM** Emil **KUSCHKE** * **PLEK** 2.6.1932 1 s en 1 d. Hulle woon in Lynnwood Glen, Pretoria.
j1 Günther Ludwig **KUSCHKE** * **PLEK** 15.4.1965 x **PLEK EN DATUM** Birgit **PROZESKY** * **PLEK EN DATUM** d.v. Prof Wally Prozesky. Günther is 'n tandarts en Birgit 'n professor in Privaatreg aan die Universiteit van Pretoria. (2 s).
j2 Lilo **KUSCHKE** * **PLEK** 4.10.1968 x **PLEK EN DATUM** Shaun **YOUNG** * **PLEK EN DATUM** ÷ (1 d: Chani)
- i4 Christiaan Diedericks **VAN ZYL** (*Chris/Chrisjan*) * Buffeljags 26.5.1942 x **PLEK EN DATUM** Fransie **OOSTHUIZEN** * **PLEK** 14.2.1944 † **PLEK EN DATUM** 2010. Somerset-Wes.
j1 Marthinus **VAN ZYL** (*Theuns*) * **PLEK** 16.8.1968 x **PLEK EN DATUM** Annalise **NIEHAUS** * **PLEK EN DATUM** (2 k)
k1 Anika **VAN ZYL** * **PLEK** 21.6.2004.
k2 Thiaan **VAN ZYL** * **PLEK** 10.7.2006.
j2 Daniël **VAN ZYL** (*Danie*) * **PLEK** 6.8.1971 x **PLEK EN DATUM** Chantelle **HUGO** * **PLEK EN DATUM**.
k1 Lea **VAN ZYL** * **PLEK EN DATUM**
- i5 Carine **VAN ZYL** * Buffeljags 13.3.1947 x **PLEK EN DATUM** George **DE RIDDER** (*Org*) * **PLEK EN DATUM** Org is 'n ingenieur in Kanada. Emigreer in die negentigs.
j1 Liezel **DE RIDDER** * **PLEK EN DATUM** Sy was 'n lugwaardin vir die Emirates lugredery x _____?
j2 Tania **DE RIDDER** * **PLEK EN DATUM** Sy was 'n omroeper. x _____?
- h7 Helena Catharina **VAN ZYL** (*Lily*) * "Laer Hoofstraat,"²⁷¹ Swellendam 24.5.1903 ~ Swellendam 5.7.1903 † **PLEK** 20.3.1979 x **PLEK EN DATUM** Ebenhaezer **DU TOIT** (*Toit/Eben*) * **PLEK** 4.7.1903 † **PLEK** 27.5.1982 Ω Goedehoop, Strand (1 d). **[Foto's van tant Lily en oom Toit asook van Delene en haar man word nog gesoek.]**
i1 Delene **DU TOIT** * **PLEK EN DATUM** 1936 x **PLEK EN DATUM** 1970 Roger J. **DALEY** * **PLEK** 10.6.1936 † **PLEK** 6.5.2009 (geen k). Emigreer na die VSA. Roger was in die diplomatieke diens van die VSA. Dalene woon in Staten Island, New York. Sy is nou bekend onder die naam Dalene du Toit-Daley.²⁷²
- h8 Gerhardus Linde **VAN ZYL** (*Linde*) * **PLEK** 16.9.1933 x **PLEK EN DATUM** Adriana **STEYN** * **PLEK** 19.6.1934, d.v. Robbie en Lenie Steyn van Swellendam (2 d) Linde was die streekhoof van Trustbank in die Wes-Kaap. Hy en Adriana was skoolklasmaats op Swellendam. **[’n Foto(s) van die gesin ontbreek nog.]**
i1 Riana **VAN ZYL** * **PLEK** 12.5.1960 x **PLEK EN DATUM** Jacobus Johannes **HUNTER** * **PLEK** 14.6.1959.
j1 John Jozef Christian **HUNTER** (*Christian*) * **PLEK** 18.7.1988.
j2 Caitlin Adrienne **HUNTER** * **PLEK** 2.10.1992.
i2 Linda **VAN ZYL** * **PLEK** 20.1.1963 x **PLEK EN DATUM** Johannes Hendrik **AUCAMP** * **PLEK** 7.9.1962.
j1 Lana **AUCAMP** * **PLEK** 28.5.1991.
j2 Nicki **AUCAMP** * **PLEK** 2.1.1993.

²⁷¹ ARW: HAWC 1/3/47/3/2, p. 117 sê "Lower Main Street", Swellendam.

²⁷² Van Zyl, Linde, e-pos 1.9.2012.

- g3 Hendrina Elisabetta Christina **VAN ZYL** * PLEK 22.6.1869 † PLEK 23.9.1893 (Grafsteen in plaaskerkhof by F.J. van Zyl, Hermitage, Swellendam) Ongetroud.
- g4 Christina Johanna **VAN ZYL** (*Hannie/Antie*) * PLEK 23.7.1872²⁷³ ~ Swellendam 11.8.1872 † Hermitage 5.3.1949²⁷⁴ Ω Hermitage x Swellendam **DATUM**, Petrus Gerhardus **STEYN** (*Piet*) * Swellendam 6.9.1869 † Eie huis, Hermitage, Dinsdag 26.9.1933.²⁷⁵ (1 seun). Piet was die seun van Hermanus Steyn * 13.3.1838 en Johanna (Philippina) Christina Lourens. Piet se broer Willem Jacobus is met Hannie se suster Rosie (g6 hieronder) getroud. Hulle oudste broer, Marthinus Cornelis (* 24.2.1865 † 1913), se graf is ook in die Hermitage-kerkhof.

Tant Hannie het haar enigste kind, Hermanus, in 1915 verloor. Haar broer Apie (g7) en sy vrou het haar toe belowe as hulle weer 'n seun het, sal hulle dié vir haar gee om groot te maak. So het sy vir Piet sowat 'n week na sy geboorte gekry.²⁷⁶ Sy het uiteindelik twee “pleegkinders” in haar huis geneem en grootgemaak, nl. Henna (haar susterskind g5.h3) en Piet (haar broerskind g7.h5). Ander kinders wat by tant Hannie geloseer het om die Hermitage se skooltjie by te woon, was die seuns, Hennie en Koos, van Hansie en Lettie Langenhoven van die plaas Klipheuwel oos van Swellendam.²⁷⁷ Ook Lisa Langenhoven (seun van oom Hennie) vertel dat hulle by tant Hannie gebly het toe sy ouers een slag op 'n toer deur die binneland was.²⁷⁸

Tant Hannie en oom Piet se gesamentlike testament bepaal dat die langsliewende die universele erfgenaam sal wees. Toe tant Hannie, die langsliewende, sterf, het die testament bepaal dat haar “aangename” seun Petrus Gerhardus van Zyl (*Lang Piet*) alles erf buiten £25 wat hy aan Johanna Christina, dit is Henna (g5.h3 hieronder) wat met Jan Steyn getroud is, moes uitbetaal. Die Afdelingsraadswaardasie van die persele in die Hermitage wat Piet geërf het was toe £270. Dit het bestaan uit “'n stuk afgeskaafte erfpaggrond” van net meer as drie morge binne die munisipale grense van Swellendam asook die restant van 'n erf “geleë in die Poespasvallei” van 176 vierkante roede.²⁷⁹ Familielede het gesê tant Hannie het vir Lang Piet gruwelik bederf.²⁸⁰ [’n Foto van tant Hannie en oom Piet word nog gesoek. Weet iemand of hulle ’n foto van hulle seun in hulle huis gehad het?]

h1. Hermanus **STEYN** * PLEK 7.12.1900²⁸¹ ~ Swellendam 3.2.1901 † PLEK 27.6.1915, 14 jaar oud, aan masels. Ω Hermitage.

- g5 Alida Christina Lodewika **VAN ZYL** (*Alie*) * Hermitage 27.8.1874 ~ Swellendam 18.10.1874 † Eie huis, Hermitage 2.6.1910²⁸² twintig dae na die geboorte van haar vroeggebore seuntjie (35 j. 10 m.) x PLEK EN DATUM Johannes Jacobus **STEYN** (*Hans Lekkerlag*) * PLEK 31.1.1875 † PLEK EN DATUM (6 k).²⁸³ Hans was die s.v. Johannes Gysbert Blanckenberg Coetzee Steyn * 1.8.1851 x 16.12.1873 Elizabeth Johanna Catharina Lourens * 9.4.1856. Hans se beroep word aangegee as togryer,²⁸⁴ tuinboer²⁸⁵ of graanboer²⁸⁶ in die Hermitage. By die geboorteregistrasie van sy seun Jannie teken Hans met 'n kruisie wat daarop dui dat hy ongeletterd was.²⁸⁷ Hans was 'n kleinneef van die twee broers, Piet en Willie Steyn, wat met sy vrou se twee susters g4 en g6 getroud is. Hans Lekkerlag is na Alie se vroeë dood 'n tweede keer getroud met tant Maraaitjie. Nadat oom Hans oorlede is, het Hennie le Roux by tant Maraaitjie ingewoon. Nadat tant Maraaitjie dood is, en Hennie le Roux weg is, het die huisie vervalde geraak en is dit gesloop.²⁸⁸ [Wat was tant Maraaitjie se van en haar geboorte- en sterfdatums?] [’n Foto van tant Alie en oom Hans Lekkerlag word nog gesoek asook een van tant Maraaitjie. En foto's van hulle kinders word ook benodig.]

Oom Hans het 'n entjie oos (dorp se kant toe) van oom Frikkie en tannie Bappie in die

²⁷³ In teenstelling met die doopregister staan daar 22.7.1873 op haar grafsteen (Hermitage).

²⁷⁴ ARW: MOOC 1949/6/9/16124 (3007).

²⁷⁵ ARW: MOOC 1933/6/9/4363 (39962) en die oorsaak van dood word in HAWC 1/3/47/5/5 258/1933 gegee as griep en longontsteking.

²⁷⁶ Van Zyl, Joey (Standerton), Onderhoud 29.5.2012.

²⁷⁷ Langenhoven, Koos, Onderhoud 6.2.2013.

²⁷⁸ Langenhoven, Eliza, Onderhoud 23.5.2012.

²⁷⁹ ARW: MOOC 1949/6/9/16124 (3007).

²⁸⁰ Van Zyl, Kokkie, Onderhoud 20.6.2012.

²⁸¹ Ook aangeteken in die indeks van die geboorteregister HAWC 1/3/47/4/1 (462/1900).

²⁸² ARW: MOOC 1910/6/9/646 (1740) en HAWC 1/3/47/5/2 (103/1910) verstrekk oorsaak van dood as tering.

²⁸³ ARW: HAWC 1/3/47/5/2 (103/1910) sê sy het ses kinders gehad.

²⁸⁴ ARW: HAWC 1/3/47/3/2, p. 68.

²⁸⁵ ARW: HAWC 1/3/47/3/2, p. 249.

²⁸⁶ ARW: HAWC 1/3/47/3/1, p. 231.

²⁸⁷ ARW: HAWC 1/3/47/3/2, p. 68.

²⁸⁸ Steyn, Johan, Onderhoud 4.7.2012.

Hermitage gewoon. Hennie Melk sê hy het as jongman by een of twee geleenthede kitaar en banjo gespeel wanneer oom Hans 'n danspartytjie in die Hermitage gereël het.²⁸⁹

- h1 Elizabeth Johanna²⁹⁰ **STEYN** (*Bettie*) * Hermitage²⁹¹ 3.7.1900 ~ 2.9.1900 † Aan huis van G. Kloppers, Riviersonderend 20.12.1925²⁹² op 25 jaar en 6 maande nadat 'n slang haar die vorige aand gepik het x **PLEK EN DATUM** Frederik Jacobus **VAN DEVENTER** (*Freek/Frikkie*) * Swellendam²⁹³ 15.2.1896 ~ Swellendam 12.4.1896 † **PLEK** 2.8.1960 Ω Durbanville (4 d). Vir meer besonderhede kyk Frederik Jacobus van Deventer f5.g3.h2 hierbo. Hulle het naby Riviersonderend geboer. In die jare toe die mense nog sakke meel in hulle huise gehad het, het iemand eendag op die sak gesit en konsertina speel. Elda (h4 hier onder) vra hom om die kind se skoentjies, wat op die sak gelê en seker agter afgeval het, uit te haal. Maar hy sê hy kry dit nie en Bettie gaan nader en sy steek haar hand agter die sak meel in, toe pik 'n slang haar aan die hand. Binne enkele minute was sy blind en hulle is met haar dokter toe, maar die volgende oggend vroeg is sy dood. Toe was haar kindertjies nog klein.²⁹⁴ [’n Foto van tant Bettie en oom Freek en hulle dogters word nog gesoek. Weet iemand wat van die dogters geword het?]
- h2 Johannes Gysbertus Coetzee **STEYN** (*Jannie*) * Hermitage 22.4.1902²⁹⁵ ~ Swellendam 20.6.1902 “buitenstyds” † **PLEK EN DATUM** x **PLEK EN DATUM** Bettie **VOLLE NAAM EN VAN**. Het op Riviersonderend gaan woon. Hulle het eers op Leeukraal, Lindeshof gewoon en later _____. [Waar sou oom Jannie se nasate wees? Hulle sal kan help met aanvullende gegewens en dalk ook 'n foto van oom Hans Lekkerlag.]
'n Seuntjie uit hulle huwelik: Petrus Coetzee * Januarie 1933 † Hermitage 15.12.1933 word vermeld.²⁹⁶
- h3 Johanna Christina **STEYN** (*Henna*) * **PLEK EN DATUM** † **PLEK EN DATUM** x **PLEK EN DATUM** Johannes Gysbertus Blankenberg Coetzee **STEYN** (*Rooi Jan*) * **PLEK EN DATUM** † **PLEK EN DATUM**, s.v. oom Rooi Piet en tant Annie Steyn van die Hermitage. Henna het ook by Antie grootgeword. Sy het 2 dogters gehad en die oudste een was 'n rooikop. Hulle het baie by Antie-hulle kom kuier. Hy het by die goedereloods op Swellendam se Spoorwegstasie gewerk. Hy en Henna het op die hoek van Van Eeden- en Murraystraat op Swellendam gebly. Oom Rooi Piet se ander seuns was Kerneels en Hans Steyn. [’n Foto word benodig.]
- h4 Alida Christina Lodewika **STEYN** (*Elda/Ella*) * Hermitage²⁹⁷ 5.5.1904 † **PLEK** 18.10.1988,²⁹⁸ 84 j. x **PLEK EN DATUM** Johannes Lodewikus **VAN DEVENTER** (*Hans*) * **PLEK** 22.6.1898 † **PLEK** 2.9.1969, 71 j. oud Ω Riviersonderend (9 k asook 1 aangeneem, 5 s en 5 d) Henna Conradie-Van Deventer, 'n dogter van tannie Elda, vertel: “My ma was maar net ses jaar oud toe háár ma oorlede is. Sy het stief grootgeword. Hulle is so rond en bont tussen die familie gestuur, soms by Antie en soms by 'n ander tannie wat vreeslik kwaai was en vir wie hulle verskriklik bang was. Hulle pa het transport gery en dan los hy die kindertjies soms alleen tuis en dan kom kwajongens snags aan die vensters en deure pluk om hulle bang te maak, dan huil hulle.”²⁹⁹ Die Van Deventers het net anderkant die Hermitage gebly, oorkant die kop, in die Vlei. Mina Herbst het vertel hoe sy en haar ma tannie Bappie oor daardie kop gestap het om by hulle te gaan kuier.
- h5 'n Dogter **STEYN** * Voorrechtswlei, Swellendam 10.8.1906.³⁰⁰
- h6 'n Seun **STEYN** * Hermitage 12.5.1910³⁰¹ † Hermitage 14.5.1910³⁰² 'n Vroeggebore seuntjie. Sy ma is 20 dae na sy geboorte dood. Dit het blykbaar daarmee te make dat sy 'n teringlyer was.

²⁸⁹ Van Zyl, Hennie (Melk), Onderhoud 20.6.2012.

²⁹⁰ Haar sterfkennis [ARW: MOOC 1928/6/9/3261 (17222)] sê in teenstelling met die doopregister haar name was Elizabeth Christina Johanna.

²⁹¹ ARW: HAWC 1/3/47/3/1, 226/00, p. 231.

²⁹² ARW: MOOC 1928/6/9/3261 (17222).

²⁹³ ARW: HAWC 1/3/47/3/1, p. 44.

²⁹⁴ Conradie-Van Deventer, Henna, Onderhoud 24.8.2012.

²⁹⁵ Op sy geboorteregistrasie [HAWC 1/3/47/3/2, 159/02, nr. 315/1906, p. 68] word sy geboortedatum as 19.4.1902 aangegee.

²⁹⁶ ARW: HAWC 1/3/47/5/5, nr. 336/1933. Die sterfregister dui akute enteritis (ingewandsonsteking) aan as oorsaak van dood en die dokter skryf daarby “indiscretion in diet”.

²⁹⁷ ARW: HAWC 1/3/47/3/2, 185/04, p. 159. Die dokument gee die moeder se name verkeerdlik aan as Aletta Hermina. Kyk ook volgende voetnoot.

²⁹⁸ Datums verskyn op grafsteen in Riviersonderend-kerkhof. Geboortedatum stem ooreen met ARW: HAWC 1/3/47/3/2, 185/04, p. 159.

²⁹⁹ Conradie-Van Deventer, Henna, Onderhoud 24.8.2012.

³⁰⁰ ARW: HAWC 1/3/47/3/2, p. 249.

³⁰¹ ARW: HAWC 1/3/47/3/3, 182/1910, p. 154.

³⁰² ARW: HAWC 1/3/47/5/2, nr. 87/1910.

- g6 Rosa Hermina Gertryda **VAN ZYL** (*Rosie*) * **PLEK** 9.7.1877 ~ Swellendam 6.10.1877 (grafsteen sê * 9.6.1878) † **PLEK** 19.2.1954 Ω Hermitage x **PLEK EN DATUM** Willem Jacobus **STEYN** (*Willie*) * **PLEK** 27.7.1876 ~ Swellendam 17.9.1876 † **PLEK** 12.11.1946 Ω Hermitage (5 k). Willie was die seun van Hermanus Steyn * 13.3.1838 en Johanna Philippina Christina Lourens. Willie se beroep word in 1900 aangegee as graanboer in die Hermitage.³⁰³ By geboorte van sy dogter Myna word sy beroep aangegee tuinboer in die Hermitage.³⁰⁴ Willie se broer Piet is met Rosie se suster Hannie (g4 hierbo) getroud, sien opmerkings by g4. [’n Foto van tant Rosie-hulle is opgespoor.]
- h1 Hermanus **STEYN** (*Manie/Rooi Manie*) * Hermitage 31.10.1897³⁰⁵ ~ Swellendam 5.12.1897 † **PLEK** 19.2.1974 Ω Hermitage. Ongetroud. [’n Foto is gevind.]
- h2 Alida Christina Lodevina **STEYN** (*Fien/Fienie*) * Hermitage 22.5.1900³⁰⁶ ~ Swellendam 1.7.1900 † **PLEK** 29.4.1996 Ω SDOK x **PLEK** 30.10.1923 Gerhardus Johannes Christiaan **STEYN** (*Gert*) * **PLEK** 17.6.1893 ~ Swellendam 6.8.1893 † **PLEK** 9.12.1949 s.v. Willem Jacobus Steyn en Zacharya Geertruida Linde (2 d). Fienie het op haar oudag in die klein huisie langs die Swellengrebelhotel gewoon. Haar voornaam Lodevina kom nie op haar doopregistrasie voor nie. [Foto’s is opgespoor.]
- i1 Rosa Gertruida **STEYN** (*Rosy*) * **PLEK** 30.6.1929 x **PLEK EN DATUM** Hendrik Christiaan **LOURENS** (*Hennie*) * **PLEK** 1.8.1922 † **PLEK** 3.2.2011.
- i2 Gertruida Zachraida **STEYN** * **PLEK** 2.4.1934 x **PLEK EN DATUM** Albertus van Niekerk **BROOKS** (*Bert*) * **PLEK** 12.7.1922 † **PLEK** 5.8.2002 (2 s en 1 d).
- h3 Johanna Christina **STEYN** (*Henna/Tanna*) * Hermitage³⁰⁷ 10.11.1902³⁰⁸ ~ Swellendam 21.12.1902 † **PLEK** 29.5.1973 Ω Swellendam x **PLEK EN DATUM** Gabriël Francois de Wet **STEYN** (*Gawie/Pollie*) * **PLEK** 9.3.1898 ~ Swellendam 23.4.1898 † **PLEK** 2.6.1984 s.v. Gabriël Francois de Wet Steyn en Susanna Margaretha Cornelia Odendal (1 s). Pollie het op Cloeteskraal, Swellendam geboer. Hy was ’n broer van Koba wat getroud was met Lang Piet van Zyl f6.g7.h5 hieronder. [Foto’s word nog gesoek.]
- i1 Dogtertjie **STEYN** * **PLEK EN DATUM** vroeg dood. Ω Cloeteskraal, Swellendam.
- i2 Dogtertjie **STEYN** * **PLEK EN DATUM** vroeg dood. Ω Cloeteskraal, Swellendam.
- i3 Gabriël Francois de Wet **STEYN** (*Gawie*) (dr) * Cloeteskraal, Swellendam 20.5.1933 † **PLEK** 22.5.1996 Ω SDOK x Swellendam 1.3.1985 Helena **MATTHEE** (*Heleen*) * **PLEK** 9.3.1940. Gawie was maar 15 toe hy op Swellendam gematrikuleer het. Hy behaal die graad BCom en daarna op 22 jaar ’n doktorsgraad in Bedryfsielkunde op Stellenbosch. Gawie het ook op Cloeteskraal, Swellendam geboer. Heleen bly nou in Rotary Park, Swellendam.
- h4 Myna **STEYN** * Hermitage 27.11.1908³⁰⁹ † **PLEK** 13.6.1988 Ω Hermitage, ongetroud.
- h5 Pieter Abraham **STEYN** * **PLEK** 11.12.1920 † **PLEK** 19.5.1988 Ω Hermitage x Elizabeth **OOSTENDORP** (*Bessie*) * **PLEK** 21.12.1922 † **PLEK** 17.3.1980 Ω Hermitage (2 d). Beide dogters is in hulle vroeë dertigs oorlede asook een van die kleindogters. Daar was oënskynlik ’n oorerflike nieraandoening wat hulle lewens voortydig geëis het. Die Hermitage-skooltjie is deur oom Pieter van die Departement gekoop, in ’n huis verander en dit verhuur.³¹⁰ [’n Foto van oom Pieter en tant Bessie word nog gesoek.]
- i1 Hermien Elizabeth **STEYN** (*Hermien*) * **PLEK** 3.4.1944 † **PLEK** 13.3.1976 (31 j.) Ω Hermitage x **PLEK EN DATUM** Pieter **DE VILLIERS** * **PLEK EN DATUM**. Hy was ’n polisieman? (2 d, een ook dood in haar dertigerjare).
- i2 Coreen **STEYN** * **PLEK** 15.12.1951 † **PLEK** 17.5.1982 (30 j.) Ω Hermitage x **PLEK EN DATUM** Hannes **GROENEWALD** * **PLEK** 24.4.1940 † **PLEK** 22.4.2004 Ω Hermitage. Coreen het hier in die bank gewerk. Sy het ook in die Hermitage gebly. Coreen se een dogter is met Herman die elektrisiën getroud. (2 d).

³⁰³ ARW: HAWC 1/3/47/3/1, p. 228 en in 1902 by HAWC 1/3/47/3/2, p. 94.

³⁰⁴ ARW: HAWC 1/3/47/3/3, p. 73.

³⁰⁵ ARW: HAWC 1/3/47/3/1, 386/1897.

³⁰⁶ ARW: HAWC 1/3/47/3/1, 195/1900.

³⁰⁷ ARW: HAWC 1/3/47/3/2, p. 94.

³⁰⁸ Haar grafsteen gee 9 November as haar geboortedatum (Ou kerkhof, Swellendam), maar in die Swellendamse doopboek sowel as op haar geboorte-registrasie [HAWC 1/3/47/3/2, 506/02, p. 94] word haar geboortedatum ook as 10.11.1902 aangegee..

³⁰⁹ ARW: HAWC 1/3/47/3/3, 507/08, p. 73.

³¹⁰ Steyn, Johan, Onderhoud 4.7.2012.

g7 Abraham Petrus Gerhardus **VAN ZYL** (*Apie*) * **PLEK** 2.6.1880 ~ Swellendam 12.9.1880
† Standerton 10.5.1966 x Montagu (deur dr D.F. Malan) **DATUM** Aletta Maria **CONRADIE**
(*Lettie*) * Stockwell,³¹¹ Montagu 5.5.1887 † Standerton 20.2.1970 (10 k). Lettie was die d.v.
Johan Andries Conradie * 1855 x Montagu 21.3.1882 Jacomina Elizabeth le Roux * 4.8.1864,
en volgens die Conradieregister nie besonder nou-verwant aan die Conradies wat in die
Hermitage gewoon het nie.³¹² Apie se beroep by die geboorte van sy oudste kinders word
aangegee as graanboer of tuinboer in die Hermitage.³¹³

Volgens die notules van die Swellendamse Stadsraad doen A.P. van Zyl in 1907 aansoek
om die huur van 'n stukkie grond in die Hermitage, maar dit word geweier. Dit sou ook Apie se
pa kon wees, maar hy was al bejaard en dit is onwaarskynlik dat hy nog grond sou wou huur.³¹⁴

In September 1908 maak A.P. van Zyl beswaar teen die waardasie van £200 op sy
eiendom in die "Vlei", maar dit word gehandhaaf.³¹⁵ (Dit is seker moontlik dat hierdie A.P. na
wie die stadsraadsnotules verwys, oom Piet (Frikkie Kaap se seun) kan wees, maar in 1908
was hy maar net 19 jaar oud en het seker nog nie grond op sy naam gehad nie, daarom verwys
dit meer waarskynlik na oom Apie.) Verder woon A.P. in 1912 persoonlik 'n
Stadsraadsvergadering bly om te kla dat die 20/- per jaar te veel geld is vir die grond wat hy
huur. Hy was reeds vier jaar agterstallig met sy huurgeld. Die Raad besluit dat hy net £3 moet
betaal.³¹⁶ By die volgende vergadering besluit die Raad dat sy huurgeld na 15/- per jaar
verminder word.³¹⁷

Volgens 'n notule van 23.7.1918 van die Munisipaliteit van Swellendam dien daar 'n
aansoek namens die broers Apie en Stoffel van Zyl om 'n smal strook grond, aangrensend aan
die perseel wat aan hulle behoort, te koop, maar die Stadsraad besluit om so 'n transaksie uit
te stel tot na afhandeling van die opmeting van die Hermitage wat in die vooruitsig gestel
word.³¹⁸ Maar nie lank daarna nie, op 20.10.1918, verlaat Apie Swellendam om sy broer Stoffel
na die Transvaal te volg. Daarvoor is reeds enkele opmerkings gemaak by f5.g1.h1 Piet van Zyl
(Frikkie Kaap se seun) hierbo.

Joey van Zyl vertel soos volg oor haar skoonpa se verhuising na die noorde: "My
skoonpa (Apie) se jonger broer Stoffel is eerste Transvaal toe en hy het vir Apie laat kom want
hulle het gesê daars nie geld in die Hermitiet nie, maar in die Transvaal is geld. Oom Apie en
tant Lettie het nog in die Hermitiet gebly op die perseel wat tans aan Braham van Zyl behoort.
Die ou huis het onderkant die sloot gestaan. Frikkie Kaap se oudste seun Piet het in daardie
huis gaan bly nadat my skoonouers die grond aan hulle verkoop het. Hy het laat aanbou aan
die plek omdat hy drie seuns gehad het.

"Oom Stoffel het 'n plaas in die Heidelberg-distrik (Transvaal) gehuur. 'n Maand nadat
hulle daar aangekom het, is my skoonouers se tweelingseuns, Koos en Chris, op 20.11.1918,
die jaar van die groot griepedemie, by Heidelberg gebore. Toe het hulle skielik vyf kinders.
(Daar sou sewe wees, maar klein Andries is reeds in die Hermitage dood en Lang Piet het hulle
by oom Apie se suster tant Hannie g4 gelos as 'aangenome' kind nadat haar eie seun in 1915
oorlede is.) Die groot gesin kon daartoe bygedra het dat oom Apie besef het die saamboerdery
gaan nie uitwerk nie.

"Toe is my skoonouers na die Fordsburg-area in Johannesburg waar 'n neef van skoonma
Lettie 'n 'blomplaas' gehad het. Dit was seker 'n kwekery, maar Skoonma het dit 'n 'blomplaas'
genoem. Hulle het toe by die kwekery begin werk en die kleintjies moes ook help, maar daar
het oom Apie seker ook gou gesien dat die boerdery hulle niks in die sak gaan bring nie.

Daarvandaan trek hulle toe na Meyersvlei in die distrik Standerton. Iemand het vir hulle
die plaas gekry waar oom Apie as 'n deelsaaier kon boer. Hulle het daar vir oom Kerneels Uys
ontmoet en hy het gesê hy het vir hulle 'n plaas en hy was bereid om vir hulle die deposito te
leen om 'n stuk van Villiersschrik te koop. So het hulle in besit van hulle eie grond gekom."³¹⁹
Apie en Lettie het uiteindelik baie jare op Villiersschrik geboer.

Ben van Zyl (h10 hier onder), die jongste van oom Apie se kinders, vertel dat hy as

³¹¹ ARW: HAWC 1/3/47/3/2, p. 28. Geboorteregistrasie van dogter Miemie wys haar moeder se geboorteplek as Stockwell.

³¹² Die Conradie-familieregister op die internet: http://www.afrikaner.co.za/pietwerf/files/CONRADIE_FAMILIE_Volume_1.pdf (aflaaidatum 29.1.2014).

³¹³ Geboorteregistrasie van dogter Miemie [HAWC 1/3/47/3/2, p. 28] en van dogter Alie [HAWC 1/3/47/3/3, p. 111] gee haar pa se beroep as graanboer.

³¹⁴ ARW: 3/SWM 1/1/1/4, notule 5.2.1907, p. 147. [4063] en ARW: 3/SWM 1/1/1/4, notule 4.3.1907, p. 154. [4067]

³¹⁵ ARW: 3/SWM 1/1/1/5, notule 15.9.1908, p. 7. [4142]

³¹⁶ ARW: 3/SWM 1/1/1/6, notule 30.7.1912, p. 269. [4444]

³¹⁷ ARW: 3/SWM 1/1/1/6, notule 13.8.1912, p. 272. [4445]

³¹⁸ ARW: 3/SWM 1/1/1/8, notule 23.7.1918. [4891]

³¹⁹ Van Zyl-Langenhoven, Joey (Standerton), Onderhoud 29.5.2012.

sewejarige in 1932 op New Denmark by oom Kallie Marais begin skoolgaan het. Hy sê hy en sy broers en susters het met goewermentsdonkies skool toe gery. Oom Apie het nie 'n daalder (1/6 oftewel een sjieling en ses pennies) gehad om vir elkeen sy eie donkie te koop nie. Dit was moeilike jare en toe Ben die skool op sestien verlaat om self te begin boer, het hy by ander boere gedors vir 'n trippens per sak! Hy vertel hoe die welvarende boere op hom neergesien het omdat hy arm was. Hy het egter kort daarna op sy pa se plaas begin werk waar hy om 'n deel gesaai het.³²⁰ [’n Foto van oom Apie en tant Lettie is opgespoor, maar foto's van meeste kinders ontbreek nog.]

- h1 Jacomina Elizabeth **VAN ZYL** (*Miemie*) * Hermitage³²¹ 29.1.1908 † Standerton 8.10.1995 x **PLEK** 3.4.1943 Willem Daniël **JOUBERT** (*Willie*) * **PLEK EN DATUM** † **PLEK EN DATUM** (1 k). [Foto benodig.]
- i1. Abraham Daniël **JOUBERT** (*Boetie*) * **PLEK** 26.12.1947 † **PLEK** 11.4.1990 x **PLEK EN DATUM** Ronél **MUNRO** * **PLEK EN DATUM** (2 d). (Ronél is later weer met ene Lewis getroud.)
- h2 Alida Christina Lodiwina **VAN ZYL** (*Alie*) * Hermitage 12.8.1909³²² † Standerton 12.8.1993 x Standerton 10.10.1941 Hendrik **CREMER** (*Henri*) * Senekal 1.5.1908 † Vereeniging 16.10.1981 (1 k). [Foto benodig.]
- i1 Pieter Ernst **CREMER** * **PLEK** 27.5.1942 † 2 maande en 4 dae.
- i2. Aletta **CREMER** (*Lettie*) * **PLEK** 4.2.1944 x Vereeniging 26.8.1967 Edgar **MEEK** * Wakkerstroom 10.4.1939 (2 k: Alda * 14.10.1969, Edgar * 5.2.1978).
- h3 Abraham Petrus **VAN ZYL** (*Boet*) * Swellendam 12.8.1912 † **PLEK EN DATUM** April 1976. Effens gestrem. Ongetroud. Hy het na sy ouers se dood by sy broer Ben aan huis gewoon en op die plaas Villiersschrik behulpsaam gewees. Hy is deur Ben en Joey versorg. [Foto benodig.]
- h4 Johan Andries **VAN ZYL** (*Andries*) * Swellendam 2.6.1914 † **PLEK** 14.4.1917³²³ op 2 j. 10 maande en 12 dae nadat hy vir ses dae siek was met witseerkeel. Ω Hermitage, met 'n sementsteentjie op sy graffie.³²⁴
- h5 Petrus Gerhardus **VAN ZYL** (*Piet/ Lang Piet/Piet van Antie*) * Swellendam 6.5.1916 † **PLEK EN DATUM** 1996/97 x **PLEK** 20.6.1943 Jacoba Maria **STEYN** (*Koba*) * **PLEK** 14.2.1914 † Standerton 10.4.1995 (geen k). Piet is dikwels “Piet van Antie” genoem omdat hy by sy tant Hannie grootgeword het en ook haar perseel in die Hermitage geërf het. (Sien g4 hierbo.) Hy het daar 'n melkery bedryf en melk aan dorpenaars gelewer. In November 1954 het hy na Standerton getrek.³²⁵ Sy grond in die Hermitage het hy aan Hennie Melk (f6.g1.h1.i3), oom Piet van Zyl se seun, verkoop. [Foto benodig.]
- h6 Jacobus **VAN ZYL** (*Koos*) * Heidelberg (Tvl.) 20.11.1918 (een van 'n tweeling) † Standerton 4.8.2000 x Middelburg (Tvl.) 9.4.1949 Susanna Catherina **LINGENFELDER** (*Sannie*) * Bethal 5.5.1927 † Pietermaritzburg 8.7.2001 (1 k). Die tweeling Koos en Chris is volgens oorlewering gebore 'n maand nadat hulle ouers per trein vanaf die Hermitage na Heidelberg (Transvaal) verhuis het. [Foto benodig.]
- i1 Engela Maria **VAN ZYL** * Standerton 2.11.1950 x **PLEK EN DATUM** Johannes Urbanes **GELDENHUYS** (*Urbie*) * Standerton 24.11.1944 † Pietermaritzburg 11.2.2005 (2 d en 1 s).
- j1 Susanna Catherina **GELDENHUYS** (*Surina*) * Standerton 20.06.1972. Sy verwerf BSocSc (Maatskaplike Werk), Dipl.Gemeenskapskorreksies en Dipl.Middelvlakbestuur. Sy is Hoof- Maatskaplike Werker, Dept. Korrektiewe Dienste, Pietermaritzburg.
- j2 Catharina Elizabeth **GELDENHUYS** (*Naliza*) * Standerton 22.11.1976. Naliza behaal BA(Kommunikasiekunde) asook rekenaarkwalifikasies: Dip.A+, N+, Project+ en ICDL. Sy is 'n Dienskoördineerder en Spanleier by Gijima.
- j3 Christoffel Petrus **GELDENHUYS** (*Peru*) * Standerton 03.05.1981. Peru verwerf Dip.A+ , N+ in rekenaartegnologie, asook Dipl. Verpleegkunde. Hy is

³²⁰ MS: Van Zyl, Ben en Joey. 2005. Manuskrip oor Ben se herinneringe, gedateer 14 September 2005.

³²¹ ARW: HAWC 1/3/47/3/3, p. 28.

³²² ARW: HAWC 1/3/47/3/3, nr. 324/1909, p. 111.

³²³ ARW: HAWC 1/3/47/5/2, p. 264.

³²⁴ Van Zyl, Abraham. (Orania) per e-pos 18.8.2012.

³²⁵ MS: Van Zyl, Ben en Joey. 2005. Manuskrip oor Ben se herinneringe, gedateer 14 September 2005, bl. 7.

'n stafverpleër by St Anne's Hospitaal in Pietermaritzburg.

- h7 Christiaan Diedericks **VAN ZYL** (*Chris*) * Heidelberg (Tvl.) 20.11.1918 (een van 'n tweeling) † Standerton 22.04.1994 x De Aar (deur ds HJ Greeff) 6.12.1960 met Anna Wilhelmine **MARAI** (*Willemien*) * De Aar 27.04.1933 † Pretoria 18.11.1994 (4 k). Nadat hy en sy broer Koos eers Standershoop saam gekoop het, is Koos later Rietspruit toe om op sy eie te boer. Daarna het Chris kragte saamgespan met sy jonger broer Ben en hulle het met toewyding en harde werk as "Van Zyl-broers" 'n baie suksesvolle boerdery bedryf. Beide kon verskeie plase bykoop en sodoende ook vir hulle seuns boerderygeleenthede skep.³²⁶ [Foto benodig, soek van hulle nageslag.]
- i1 Abraham Petrus Gerhardus **VAN ZYL** (*Abraham*) * Standerton 28.02.1963 x Charl Cilliers 27.04.1985 Wilhelmina Christina Johanna **ODENDAAL** (*Minnie*) * Bethal 18.11.1963. Hulle bedryf die OK Grocer op Orania en boer op Kalkplaat in die distrik.
- j1 Freda Frederica **VAN ZYL** (*Erica*) * Standerton 17.03.1986. Verwerf die graad BSc Agric - Agronomie en Plantpatologie aan UOVS.
- j2 Christiaan Diedericks **VAN ZYL** (*Chris*) * Standerton 02.04.1988.
- j3 Frederick Andries **VAN ZYL** (*Frikkie*) * Standerton 08.12.1992.
- i2 Willem Jacobus Marais **VAN ZYL** (*Willem*) * Standerton 26.07.1964 x Standerton 02.01.1988 Katharina Elizabeth **DE WET** (*Karen*) * Standerton 02.01.1965. Willem verwerf die Nasionale Diploma (Meganiese ingenieurswese) aan Pretoria Technikon, boer op Nooitgedacht, Orania-omgewing.
- j1 Christiaan Willem **VAN ZYL** (*Willem*) * Pretoria 09.12.1989.
- j2 Carlién **VAN ZYL** (*Carlién*) * Standerton 27.11.1992.
- i3 Christiaan Diedericks **VAN ZYL** (*Christiaan*) * Standerton 24.12.1966 x Orania 22.03.2003 (deur ds A Boshoff) met Hester Charlotte **BOSHOFF** (*Hester*) (broerskind van prof Carel Boshoff van Orania) * Pretoria 19.07.1960. Christiaan het 'n Nasionale Diploma in Argitektuur (Pretoria Technikon) en verwerf ook die graad (BArch) in Argitektuur aan Tuks en praktiseer as argitek op Orania. Hester verwerf die graad BA(Ed) aan Tuks.
- i4 Ernst Hendrik **VAN ZYL** (*Ernst*) * Standerton 06.03.1973, † Standerton 17.09.2001 x Standerton 13.01.1996 met Johanna Magdalena **VORSTER** (*Mandie*) * Witbank 27.07.1975 (1 s). Ernst het geboer op Uitkyk naby Standerton.
- j1 Christiaan Diedericks **VAN ZYL** (*Tiaan*) * Standerton 12.03.1999.
- h8 Aletha Maria **VAN ZYL** (*Lettie*) * **PLEK EN DATUM** 26.2.1921 † **PLEK EN DATUM** 23.3.2010 x **PLEK EN DATUM** Jan **HEPBURN** * **PLEK EN DATUM** (1 k) xx **PLEK EN DATUM** Reg **FURNESS** * **PLEK EN DATUM** 1.6.1914 † Standerton 9.1.1996 (geen k). [Foto benodig.]
- i1 Abraham Petrus **HEPBURN** * **PLEK EN DATUM** † drie dae oud.
- h9 Hendrina **VAN ZYL** (*Drien*) * **PLEK EN DATUM** 3.7.1923 x **PLEK EN DATUM** Hannes **FOURIE** * **PLEK EN DATUM** (3 k). [Foto benodig.]
- i1 Aletta **FOURIE** * 3.8.1950 x **PLEK EN DATUM** met **VOLLE NAME KRUGER** * **PLEK EN DATUM** (1 d, Almarie) xx Johan **VISSER** ÷ (1 s: Johan) xxx **VOLLE NAME EN VAN** * **PLEK EN DATUM**
- i2 Emmarentia **FOURIE** (*Rensie*) * 19.6.19__ x Dick **MEY** † xx **NAAM EN VAN** ÷ xxx **NAAM EN VAN** ÷ xxxx **NAAM EN VAN** ÷ xxxxx Piet **BEZUIDENHOUT** * **PLEK EN DATUM**.
- i3 Hendrina **FOURIE** (*Rienie*) * **PLEK EN DATUM** 1.2.1957 x **PLEK EN DATUM** Louis **SMIT** * **PLEK EN DATUM** ÷ (Tweeling: Stefan en Deirdre).
- h10 Barend Bartholomeus **VAN ZYL** (*Ben*) * Villiersschrik, Standerton 11.11.1924 † Standerton 15.3.2013 x Swellendam 9.4.1955 Johanna Jacoba **LANGENHOVEN** (*Joey*) * Bontebokskloof, Swellendam 26.8.1933 (4 k). Ben was jare lank 'n boer op Villiersschrik, Joubertsvlei en Uitkyk, Standerton. Afgetree op Standerton. Joey behaal 'n onderwysdiploma aan die OKP, Paarl.
- 'n Klousule in die testament van Ben se ouers het gelui: "Ons vaste eiendom bemaak ons hiermee aan ons seun Barend Bartholomeus van Zyl onderhewig aan die

³²⁶ MS: Van Zyl, Ben en Joey. 2005. Manuskrip oor Ben se herinneringe, gedateer 14 September 2005.

lewensreg ten gunste van die langsliewende van ons en onderworpe aan die verdere voorwaarde dat hy die langsliewende sal versorg tot sy of haar dood.” Die eiendom was ’n gedeelte van die plaas Villiersschrik van sowat 204 morg. Ben en Joey het Ben se ouers versorg tot oom Apie in 1966 na ’n siekbed van twee jaar oorlede is. Toe dit aan die lig kom dat Ben die plaas sou erf, het sommige van sy broers en susters die testament betwis op grond daarvan dat die oumense nie meer by hul volle verstand sou wees toe dit opgestel is nie. Hulle slaag daarin en verkry gevolglik ’n deel van die erfenis. Ben kon egter die plaas behou, maar alle kontantreserwes was uitgeput. Hy en sy broer Chris het daarna saam begin boer en met verloop van tyd in ’n vennootskap bekend as “Van Zyl-broers” baie suksesvolle boere geword en verskeie plase bygekoop.³²⁷ [Foto's gekry.]

- i1 Beatrice Magdalena **VAN ZYL** (*Beatie*) * Standerton 10.6.1956 x Standerton met Jan Hendrik **ZWARTS** (*Blackie*) * **PLEK** 27.1.1953. Boer eers op Villiersschrik en Joubertsvlei, Standerton en nou op Tweefontein, Morgenzon.
- j1 Johanna Jacoba **ZWARTS** (*Joey*) * Standerton 25.3.1976 x Standerton **DATUM** met Leon **FOURIE** ÷ (1 s: Lian) xx **PLEK EN DATUM** P.M. **SWART** (1 s: Lourens Matthys).
- j2 Hermanus Joachim **ZWARTS** (*Manie*) * Standerton 7.2.1978 x **PLEK EN DATUM** Wiekie **ERASMUS** * **PLEK EN DATUM** (2 k: Jan Hendrik en Marié).
- j3 Ben **ZWARTS** * Standerton 30.7.1982 x **PLEK EN DATUM** Rika **JANSE VAN VUUREN** * **PLEK EN DATUM** (2 d: Abigail en Milan).
- i2 Abraham Petrus Gerhardus **VAN ZYL** (*Braam*) * Standerton 11.3.1958 (een van ’n tweeling) x Machadodorp **DATUM** met Annemarie **VAN ZYL** * **PLEK** 8.4.1957. Kwalifiseer na skool as instrumentmaker. Boer op Villiersschrik, Standerton.
- j1 Sanja **VAN ZYL** * Pretoria 12.5.1983.
- j2 Jonita **VAN ZYL** * Pretoria 19.2.1985.
- j3 Alicia **VAN ZYL** * Pretoria 14.5.1987 † Wilgeheuwel-hospitaal 31.1.2013.
- j4 Barend Willem **VAN ZYL** * Trichardt 24.9.1990.
- i3 Jan Hendrik Langenhoven **VAN ZYL** * Standerton 11.3.1958 (een van ’n tweeling) x Meyerville, Standerton **DATUM** met Marian Gibbon **VAN DER WALT** (*Rian*) * **PLEK** 6.9.1962. Boer op Villiersschrik, Joubertsvlei en Uitkyk, Standerton.
- j1 Mariëtte **VAN ZYL** * Standerton 27.2.1984 x **PLEK EN DATUM** Thomas **GLEESON** * **PLEK EN DATUM**.
- j2 Ben **VAN ZYL** * Standerton 12.10.1986. Stigter, kitaarspeler en sanger van ’n musiekgroep bekend as Marcato.
- i4 Ben **VAN ZYL** * Standerton 22.8.1964. Ongetroud. Behaal BSc(Landbou) aan Tuks. Werk in Kaapstad in die gasvryheidsbedryf.
- g8 Christoffel Hendrik **VAN ZYL** (*Stoffel*) * **PLEK** 19.6.1886 ~ Swellendam 5.12.1886 † Victoria-hospitaal, Wynberg, Kaapstad 1.7.1953³²⁸ (67 j.) x Kaapstad **DATUM** met Elizabeth Johanna Maria **HUNLUN** (*Bettie*) (voorheen **NEL**) * **PLEK EN DATUM** 13.1.18___? † **PLEK** 13.9.1959 (6 k). Stoffel en sy broer Apie het saam ’n stukkie grond in die Hermitage besit. Hy was die eerste van die kinders wat uit Swellendam weggetrek het. Hy het blykbaar ’n plaas naby Heidelberg in die Transvaal gekoop of gehuur waarna hy sy broer Apie laat weet het om ook soontoe te kom sodat hulle daar saam kan boer. Apie het in 1918 daarheen getrek, maar het spoedig weer padgegee en uiteindelik in die distrik Standerton sy eie plaas gekoop.³²⁹ In die huweliksvoorwaardekontrak van oom Stoffel en tant Bettie staan dat Stoffel afkomstig was van die plaas Weltevreden, distrik Standerton.³³⁰ Dit is onduidelik of hy van die plaas by Heidelberg na Weltevreden by Standerton getrek het en of dit moontlik na dieselfde plaas kan verwys. Bettie het die plaas Welbedacht by Laingsburg besit en na hulle huwelik het sy en Stoffel daar geboer. Bettie was die weduwee van Pieter Jacobus Nel.³³¹ Sy was baie saggeaard en haar kinders het hierdie karaktertrek by haar geërf.³³² Die Buffelsrivier vloei teen Welbedacht verby en oom Stoffel het water uit die rivier gebruik om sowat 120 morg bewerkbare grond onder

³²⁷ MS: Van Zyl, Ben en Joey. 2005. Manuskrip oor Ben se herinneringe, gedateer 14 September 2005.

³²⁸ ARW: MOOC 1953/6/9/21225 (3655).

³²⁹ Van Zyl-Langenhoven, Joey (Standerton), Onderhoud 29.5.2012.

³³⁰ Volgens die huweliksvoorwaardekontrak tussen die boedelstukke ARW: MOOC 1953/6/9/21225 (3655).

³³¹ Volgens die huweliksvoorwaardekontrak tussen die boedelstukke ARW: MOOC 1953/6/9/21225 (3655).

³³² Le Roux, Mollie, (Brackenfell), Mededeling 19.7.2012.

lusern en koring te besproei. Hulle het 'n vrugteboord op Welbedacht gehad vir huishoudelike gebruik. Verder het oom Stoffel ook 'n klompie slagskape op die beskikbare weiveld aangehou. Toe die Floriskraaldam in die vroeë vyftigerjare in die Buffelsrivier gebou is, sou 'n deel van Welbedacht onder water toegestoot word en is daardie stuk grond vir die dam uitgekoop. Na oom Stoffel oorlede is, het sy seun Chris die boerdery op Welbedacht voortgesit.³³³ [Is daar iemand wat meer inligting het oor oom Stoffel se omswerwinge sedert hy die Hermitage verlaat het en uiteindelik op Laingsburg begin boer het? Wanneer is hy na Heidelberg en wat was daardie plaas se naam? Wanneer is hy na Weltevreden by Standerton? Het hy daardie plase besit? Was hy ook 'n transportryer? (Waar en wanneer?) Stoffel se een been was effe korter as die ander en volgens sy seun Koos het hy altyd gesê dit is van voetbal speel. Waar en wanneer sou hy voetbal gespeel het? Bestaan daar 'n foto van hom en tant Bettie saam? Foto's wat by die saamtrek in 2012 beskikbaar was, is ontvang, maar gesinsfoto's van die nageslag kan gerus aangestuur word.]

- h1 Abraham Petrus **VAN ZYL** (*Piet*) * PLEK 25.8.1923 † PLEK 13.11.1996 x PLEK EN DATUM Maria Magdalena **VISSER** (*Mokkie*) * PLEK 15.4.1926 † PLEK 23.1.1974
Ω Ceres (3 k). Piet behaal 'n BCom-grad aan US. Hy werk baie jare as boekhouer by Ceres Vrugtesappe op Ceres.
- i1 Maria Carolina **VAN ZYL** (*Mollie*) * Ceres 13.9.1955 x PLEK EN DATUM Johnnie **LE ROUX** * PLEK 28.1.1956.
- j1 Christian Behr **LE ROUX** (*Chris-berh*) * Bellville 17.3.1978.
- j2 Petrus van Zyl **LE ROUX** (*Pierre*) * Bellville 10.6.1981.
- j3 Johannes Gerhardus **LE ROUX** (*Jean*) * Bellville 9.12.1985.
- i2 Christoffel Hendrik **VAN ZYL** (*Christoffel*) * Ceres 3.4.1959 x PLEK EN DATUM Elisma **VAN DER MERWE** * PLEK 18.5.1961.
- j1 Abraham Petrus **VAN ZYL** (*Petru*) * 25.6.1986.
- j2 Chrisma Hazel **VAN ZYL** (*Chrisma*) * 6.10.1990.
- i3 Abraham Petrus **VAN ZYL** (*Pieter*) * Ceres 13.1.1964 x PLEK EN DATUM Susan Lesley **COOPER** (*Sue*) * Spalding, Lincolnshire, Engeland 28.10.1954. Pieter het hotelbestuur in Switserland gestudeer. Hy emigreer op 31.8.1991 na Engeland waar hy in 1992 sy eie restaurant, *The Chequers*, in Deal, Kent, begin wat in heerlike boerekos spesialiseer en steeds van krag tot krag gaan.
- j1 Nicole Ria **VAN ZYL** (*Nicole*) * Johannesburg 15.5.1989.
- j2 Luke Adam **VAN ZYL** (*Luke*) * Roodepoort 22.3.1991.
- h2 Jan Abraham **VAN ZYL** (*Lang Jan/Jan Pale/Lofty*) * Laingsburg 20.3.1925 † Swellendam 25.7.1988³³⁴ x Worcester 21.1.1950 Sacharia Dorothea **GROENEWALD** (*Grace*) * Napier 6.6.1924. Jan het by Swellendam Koöperasie gewerk, aanvanklik as verkoopsklerk en later by Finansies.
- i1 Christina Cornelia **VAN ZYL** (*Christa*) * Swellendam 19.8.1950 x Swellendam 31.03.1973 Petrus Johannes **THERON** (*Pieter*) * PLEK 12.8.1949. Christa behaal BA en SOD. Pieter was 'n predikant en het 'n M.Th.-graad, maar is die afgelope vyftien jaar 'n sakeman op Wellington.
- j1 Johannes Albertus **THERON** (*Altus*) * Bellville 01.08.1975 x Paarl 29.03.2002 Ilze **SMIT** * PLEK 21.11.1976. Altus het 'n B.Tech. in Finansiële Inligtingstelsels en is mede-eienaar van die Spar op Robertson. Ilze behaal B.Tandheelkunde, maar is huisvrou. (2 d, Danelle en Ameli, gebore Taunton, VK.)
- j2 Saretha **THERON** * Upington 26.01.77 x Paarl 17.12.2001 Lodiaan **FOUCHE** * Robertson 27.02.1975. Saretha behaal B.Comm. (Regte) en is 'n makelaar by PSG op Wellington. Lodiaan het 'n B.Tech.-graad in Bedryfsingenieurswese en is 'n Fabrieksbestuurder by Raïel op Malmesbury.
- j3 Ellen **THERON** * Goodwood 18.09.1982. Sy is gestrem en bly by Sunfield, Wellington.
- j4 Elbé **THERON** * Goodwood 17.09.1985 x Franschoek 26.03.2011 Pierre Gerhardus **NORTJE** * PLEK 1.11.1981. Elbé beskik oor 'n ICA-Diploma en is

³³³ Van Zyl, Koos (Proteavallei), Onderhoud 6.2.2014.

³³⁴ Sy grafsteen sê Junie.

- 'n Geleentheidskoördineerder by Delaire. Pierre verwerf B.Comm (Vervoer) en werk by Simonsig Wynkelder (Uitvoere).
- i2 Christoffel Hendrik **VAN ZYL** (*Chris*) * Swellendam 19.8.1950 x Steynsburg 20.3.1976 Martina Petronella **OOSTHUIZEN** (*Ina*) * Steynsburg 19.4.1957.
- j1 Jan Abraham **VAN ZYL** (*Jannie*) * Colesberg 30.3.1978 x Bethulie 26.9.2009 Sonne **GERBER** * **PLEK** 11.3.1978.
- k1 Aidan **VAN ZYL** * Kemptonpark 4.8.2010
- j2 Madel **VAN ZYL** * Swellendam 13.1.1983 x Paternoster 2009 Giuliano **AMODIO** * Durban 9.1.1971.
- k1 Daniela **AMODIO** * Somerset-Wes 27.10.2009.
- i3 Elizabeth **VAN ZYL** (*Elbé*) * Riversdal 29.6.1952 x Swellendam 27.9.1975 Johannes Stefanus **MALHERBE** (*Johan*) * Paarl 23.7.1951 (geen k). Elbé verwerf 'n vierjarige SOD en is Skoolhoof van The Ethembeni Enrichment Centre vir Xhosa-sprekende leerders. Johan behaal die grade BSc en BIng (Siviël) en is 'n ingenieur.
- h3 Christoffel Hendrik **VAN ZYL** (*Chris*) * **PLEK** 31.8.1927 † **PLEK** 24.4.1981 x **PLEK EN DATUM** Cornelia Margaretha le Roux **DU TOIT** (*Nelie*) * **PLEK** 23.7.1937. Chris het op Kleingeelbek en Waaikraal naby Laingsburg geboer. Nelie was in 1961 en 1962 'n lugwaardin vir die SAL.
- i1 Christoffel Hendrik **VAN ZYL** (*Christo*) * **PLEK** 27.1.1964 x **PLEK EN DATUM** Lorina **SPIES** * **PLEK EN DATUM**.
- j1 Christoffel Hendrik **VAN ZYL** (*Chris*) * **PLEK** 30.8.1993.
- j2 Merene **VAN ZYL** * **PLEK** 5.12.1994.
- j3 Lize Louise **VAN ZYL** (*Lize*) * **PLEK** 9.6.2006.
- i2 Johanna Margaretha **VAN ZYL** (*Hanneke*) * **PLEK** 13.3.1965 x **PLEK EN DATUM** Piet **CARSTENS** * **PLEK EN DATUM**.
- j1 Marlia **CARSTENS** * **PLEK** 1.4.1992.
- j2 Esmari **CARSTENS** * **PLEK** 24.2.1994.
- j3 Carisa **CARSTENS** * **PLEK** 17.9.1996.
- i3 Elizabeth Maria Johanna **VAN ZYL** (*Lize*) * **PLEK** 6.10.1966. † **PLEK** 4.1.1990. Ongetroud.
- i4 Cornelia Margaretha le Roux **VAN ZYL** (*Corné*) * **PLEK** 27.5.1968 x **PLEK EN DATUM** Kosie **MÖLLER** xx **PLEK EN DATUM** Kobus **TEBLANCHE** * **PLEK EN DATUM** (geen k).
- i5 Lourens Erasmus du Toit **VAN ZYL** (*Lourens*) * **PLEK** 29.1.1971 x **PLEK EN DATUM** Cheryl-Ann **BOOYSEN** * **PLEK EN DATUM**.
- j1 Lourens Erasmus du Toit **VAN ZYL** (*Louán*) * **PLEK EN DATUM**
- j2 Jeandré C. _____ **VAN ZYL** (*Jeandré*) * **PLEK EN DATUM**
- h4 Jacobus **VAN ZYL** (*Koos*) * Welgedacht, Laingsburg 17.7.1929 x Fraserburg **DATUM** met Anna Louisa **VAN SCHALKWYK** (*Anna*) * **PLEK** 5.1.1935. Koos was 'n motorwerktuigkundige op Fraserburg en daarna op Beaufort-Wes en George. Woon tans in Proteavallei naby Durbanville.
- i1 Christoffel Erik **VAN ZYL** (*Erik*) * **PLEK** 14.6.1959 x **PLEK EN DATUM** Magriet **KLOPPERS** * **PLEK** 22.3.1960 (geen k).
- i2 Aré Willem **VAN ZYL** (*Reville*) * **PLEK** 12.10.1961 x **PLEK EN DATUM** Karin **MANS** * **PLEK** 13.6.1962.
- j1 Luzaan **VAN ZYL** * **PLEK** 14.1.1991.
- j2 Carli Mari **VAN ZYL** * **PLEK** 23.6.1993.
- i3 Jacobus **VAN ZYL** (*Jacques*) * **PLEK** 24.4.1963 x **PLEK EN DATUM** Dot **SCHOLTZ** * **PLEK** 9.12.1959.
- j1 Jacques **VAN ZYL** * **PLEK** 19.9.1996.
- j2 Megan **VAN ZYL** * **PLEK** 27.9.1998.
- h5 Frederik Jacobus **VAN ZYL** (*Frikkie*) * **PLEK** 3.9.1931 † **PLEK** 13.4.1997 x **PLEK EN DATUM** Maria **DE WET** (*Mara*) * **PLEK** 26.6.1932. Hy was 'n bankbestuur vir Standardbank en Volkskas op talle standplase, o.m. Laingsburg, Carolina, Zeerust, Hendrina, Brits, Kaapstad, Bellville, Heidelberg (W/K), Moreesburg, Durbanville en Strand.

- i1 Annalise **VAN ZYL** * Zeerust 27.4.1958 x **PLEK EN DATUM** Pieter Lategan **KLEYN** (*Piet*) * **PLEK** Oudtshoorn 10.6.1955. Annalise verwerf HonsBSc (Dieetkunde) en Dipl. Hospitaaldieetkunde terwyl Piet die graad HonsBlng (Siviël) het. Hulle is volstruis- en olyfboere op die plaas De Rustica Olive Estate tussen De Rust en Oudtshoorn.
- j1 Lize-Mari **KLEYN** * Oudtshoorn 27.12.1983. Sy verwerf HonsBlng (Elektries/Elektronies).
- j2 Anneli **KLEYN** * **PLEK** 1.1.1986 x **PLEK EN DATUM** Gerdus **HEYNS** * **PLEK** 5.9.1984. Anneli het 'n PhD in Analitiese Chemie en Gerdus HonsBScAgric.
- j3 Danell **KLEYN** * **PLEK** 15.10.1987 x **PLEK EN DATUM** Jaco Carel **COETZEE** * **PLEK** 20.12.1983. Danell verwerf MBChB en Jaco die grade BOptom en MBA.
- j4 Madeli **KLEYN** * **PLEK** 14.7.1992. Is tans 'n student in Geneeskunde.
- i2 Aletta **VAN ZYL** * **PLEK** 24.1.1960 x **PLEK EN DATUM** Joe **COETZER** * **PLEK EN DATUM**. Beide is aptekers. Het geëmigreer en praktiseer as aptekers in Chico, Kalifornië in die VSA.
- j1 Mareli **COETZER** * **PLEK** 25.3.1991.
- j2 Andrea **COETZER** * **PLEK** 4.5.1993.
- i3 Frederik Jacobus **VAN ZYL** (*Frikkie*) * Kaapstad 27.12.1965 x **PLEK EN DATUM** Hesther **RABIE** * **PLEK EN DATUM** Frikkie verwerf die grade BSc en MBA en is die Hoof Uitvoerende Beampte van die PPC-sementfabriek op Riebeeck-Kasteel.
- j1 Frederik Jacobus **VAN ZYL** (*Erik*) * **PLEK** 8.2.1996.
- j2 Rabie **VAN ZYL** * **PLEK** 19.3.1998.
- h6 'n Dogtertjie **VAN ZYL** * **PLEK EN DATUM**, by geboorte oorlede.³³⁵
- f7 Hendrik Christoffel Johannes **VAN ZYL** * **PLEK** 30.12.1842 ~ Swellendam 3.12.1843³³⁶ † **PLEK EN DATUM** x **PLEK EN DATUM** Elizabeth Johanna Wilhelmina **DIEDERICKS** ~ 27.12.1845 † **PLEK EN DATUM** d.v. Christiaan Diedericks (*Chrisjan Tiervanger*) * 18.4.1814³³⁷ x Swellendam 10.6.1838³³⁸ en Hendrina Elizabeth Christina Paulsen * 13.6.1817.³³⁹ HCJ se derde naam Johannes kom voor op die doopregistrasie van sy seun Christiaan. Hendrik se broer (f6) Abraham Petrus Gerhardus van Zyl is met sy vrou se suster Alie getroud.
- In 1885 doen Hendrik by die munisipaliteit aansoek vir die huur van grond in die Vlei.³⁴⁰ Die Raad vra tenders vir die huur daarvan en alhoewel Hendrik se tender die hoogste was, naamlik 10/- per jaar, beskou die Raad dit as onbevredigend en besluit om die Vleigrond voorlopig nie te verhuur nie.³⁴¹
- 'n Reuse bloekomboom wat voor die huis van H.C. van Zyl staan, kom in 1889 op 'n stadsraadsvergadering ter sprake. Dit sou blykbaar 'n gevaar inhou dat dit op die huis kan val en daar word versoek dat die boom korter gesaag word.³⁴²
- Eers in 1908 verskyn die naam Hendrik van Zyl weer in die munisipale notules by 'n aansoek om grond in die Hermitage te huur. In die lig van Hendrik (sr.) se ouderdom (66 j.) word aanvaar dat daardie aansoek asook alle verdere verwysings in die notules na 'n Hendrik van Zyl, na sy seun (f7.g5) Hendrik Christoffel (jr.) (geb. 1875) verwys.³⁴³ [Die huidige geslag weet niks meer van oom Hendrik en tant Elizabeth nie en daar is weinig oor hulle nageslag bekend. Hulle seun Hendrik (g5) was baie lank 'n slagter op Swellendam en die jongste seun Jan (g10) het 'n bekende bas-sanger geword. Waar kan 'n mens vra vir foto's en nog inligting?]
- g1 Frederik Jacobus **VAN ZYL** * 19.9.1867 ~ Swellendam 8.12.1867.³⁴⁴
- g2 Hendrina Elizabeth Catharina **VAN ZYL** * 22.11.1869 ~ Swellendam 23.1.1870.³⁴⁵

³³⁵ Van Zyl, Koos en Anna, Durbanville, Mededeling 19.7.2012.

³³⁶ GISA: Swellendamse doopregisters. Die doopregisters dui sy ouers aan as Frederik Jacobus van Zyl (Jan zoon) en Christina Johanna Jordaan. Die getuies by sy doop was Christoffel Hermanus Engelbertus Paulzen en Rosa Hermina Gertruida van Zyl, asook Gideon Johannes van Zyl en Sagarya Elizabeth Hendrina van Zyl.

³³⁷ SA Geslagsregisters, 1989, Deel 2 (D-G), p. 79. Diederiks. RGN: Pretoria. (Heese, JA en Lombard RTJ.)

³³⁸ SA Geslagsregisters, 1989, Deel 2 (D-G), p. 79. Diederiks. RGN: Pretoria. (Heese, JA en Lombard RTJ.)

³³⁹ SA Geslagsregisters, 2002, Deel 7 (O-Ph), p. 340. Paulsen. GISA: Stellenbosch. (Heese, JA en GISA.)

³⁴⁰ ARW: 3/SWM 1/1/1/1, notule 13.8.1885, p. 3575.

³⁴¹ ARW: 3/SWM 1/1/1/1, notule 24.8.1885, p. 3579.

³⁴² ARW: 3/SWM 1/1/1/2, notule 31.10.1889, p. 246. [3705]

³⁴³ ARW: 3/SWM 1/1/1/4, notule 18.8.1908, p. 285.

³⁴⁴ GISA: Swellendamse doopregisters.

³⁴⁵ GISA: Swellendamse doopregisters.

- g3 Christiaan (sic) **VAN ZYL** * 16.10.1871 ~ Swellendam 17.1.1871.³⁴⁶
g4 Catharina Johanna **VAN ZYL** * 6.12.1873.
g5 Hendrik Christoffel **VAN ZYL** * 19.10.1875 ~ Swellendam 19.12.1875 ~ Swellendam
19.12.1875 x 16.9.1902³⁴⁷ Cornelia Johanna **CONRADIE**. * c. 1882.³⁴⁸ Cornelia was die
dogter van Pieter Gabriël Conradie * 10.3.1850 en Susanna Magdalena Diedericks
* 15.12.1856.³⁴⁹ Hendrik se beroep by die geboorte van sy seun Frederick word aangegee as
togryer in die Hermitage.³⁵⁰

In 1908 doen Hendrik by die munisipaliteit aansoek om 'n stuk grond van sowat 20 treeë
in die Vlei naby die Hermitage te huur en bied 20/- per jaar daarvoor aan,³⁵¹ maar nadat die
Raad 'n inspeksie gaan doen het, is die aansoek afgekeur.³⁵²

Hendrik doen 'n jaar later weer aansoek om 'n stuk huurgrond in die Hermitage. Die
Raad besluit om die grond in die Vlei in geskikte persele van 5 tot 6 morgte elk te verdeel en
dit op 'n openbare veiling vir verhuring aan te bied.³⁵³ 'n Brief van protes teen die verhuring
wat deur elf inwoners van die Hermitage onderteken is, word deur die Raad behandel, maar
die Raad is van mening dat die Hermitage se boere eintlik oor weiding vir hulle skape begaan
is en oordeel dat die Vlei eintlik die eiendom is van al die Swellendamse belastingbetalers.³⁵⁴
Gevolgtlik gaan die Raad voort met die veiling. Persele word vir 'n termyn van 5 jaar verhuur
teen 'n minimum huur van 15/- per morg per jaar, wat sesmaandeliks betaalbaar is. Geen
onderverhuring word toegelaat nie en die Raad sal pale verskaf sodat huurders hulle gronde
kan omhein.³⁵⁵ Die opbrengs aan huurinkomste by die veiling was £43.³⁵⁶

Dinge het seker skeefgeloop met Hendrik se boerdery want in Julie 1911 doen
Christoffel Conradie aansoek om die perseel in die Vlei waarop Hendrik geboer het by die
Raad oor te neem. Die Raad keur dit goed.³⁵⁷

Hendrik het egter intussen 'n huis (oënskynlik in die dorp) bekom en sit in 1914 daarvoor
'n sinkdak op.³⁵⁸ Hy doen by die Raad aansoek om 'n slaghuis te open en die Raad keur dit
goed op voorwaarde dat hy die slagwerk elders doen. Hy beskik klaarblyklik oor sy eie stuk
grond waar hy kan slag.³⁵⁹

Hendrik doen in Augustus 1914 aansoek om die pos as Munisipale Veldwagter asook vir
die Skutmeester, maar is onsuksesvol en ene Hendrik Swart en Christoffel Crous word
onderskeidelik in hierdie poste aangestel.³⁶⁰ Hendrik doen weer in Junie 1915 aansoek vir die
Veldwagterspos, maar is weer onsuksesvol.³⁶¹

'n Lisensie as groentehandelaar op sy slaghuisperseel word in 1915 ook aan Hendrik
toegestaan.³⁶²

Sy plan vir huisverbeterings word goedgekeur,³⁶³ maar sy aansoek om die gronde
onderkant Dam nr. 1 te huur word van die hand gewys.³⁶⁴

Hendrik verskyn voor die Stadsraad om sy slagplek te probeer verdedig, maar die
Gesondheidsinspekteur voer aan dat die plek nie geskik is nie. Die Burgemeester wys op die
wetsaspekte en die Raad besluit 'n komitee sal 'n geskikte slagplek aanwys³⁶⁵ en Hendrik kry
toestemming om "op die heuwel op pad na die Vlei" te slag.³⁶⁶

Hendrik ontvang in Oktober 1916 verlof om sy slagterslisensie oor te dra na sy nuwe

³⁴⁶ GISA: Swellendamse doopregisters.

³⁴⁷ Die Conradie-familieregister op die internet: http://www.afrikaner.co.za/pietwerf/files/CONRADIE_FAMILIE_Volume_1.pdf (aflaaidatum 29.1.2014).

³⁴⁸ Die Conradie-familieregister op die internet: http://www.afrikaner.co.za/pietwerf/files/CONRADIE_FAMILIE_Volume_1.pdf (aflaaidatum 29.1.2014).

³⁴⁹ Die Conradie-familieregister op die internet: http://www.afrikaner.co.za/pietwerf/files/CONRADIE_FAMILIE_Volume_1.pdf (aflaaidatum 29.1.2014).

³⁵⁰ ARW: HAWC 1/3/47/3/3, p. 23.

³⁵¹ ARW: 3/SWM 1/1/1/4, notule 18.8.1908, p. 285. [4136]

³⁵² ARW: 3/SWM 1/1/1/5, notule 1.9.1908, p. 1.

³⁵³ ARW: 3/SWM 1/1/1/5, notule 7.9.1909, p. 112; 3/SWM 1/1/1/5, notule 21.9.1909, p. 120.

³⁵⁴ ARW: 3/SWM 1/1/1/5, notule 2.10.1909, p. 122. [4203]

³⁵⁵ ARW: 3/SWM 1/1/1/5, notule 2.10.1909, p. 123. [4204]

³⁵⁶ ARW: 3/SWM 1/1/1/5, notule 19.10.1909, p. 127. [4206]

³⁵⁷ ARW: 3/SWM 1/1/1/6, notule 18.7.1911, p. 115. [4359]

³⁵⁸ ARW: 3/SWM 1/1/1/7, notule 28.5.1914, p. 82. [4581]

³⁵⁹ ARW: 3/SWM 1/1/1/7, notule 9.6.1914, p. 89-90. [4588]

³⁶⁰ ARW: 3/SWM 1/1/1/7, notule 8.12.1914, p. 162. [4627]

³⁶¹ ARW: 3/SWM 1/1/1/7, notule 15.6.1915, p. 229; [4663] en 3/SWM 1/1/1/7, notule 29.6.1915, p. 235.

³⁶² ARW: 3/SWM 1/1/1/7, notule 9.3.1915, p. 192. [4642]

³⁶³ ARW: 3/SWM 1/1/1/7, notule 4.5.1915, p. 213. [4653]

³⁶⁴ ARW: 3/SWM 1/1/1/7, notule 2.11.1915, p. 285. [4698]

³⁶⁵ ARW: 3/SWM 1/1/1/7, notule 2.5.1916, p. 337. [4724]

³⁶⁶ ARW: 3/SWM 1/1/1/7, notule 30.5.1916, p. 348. [4729]

eiendom op aanbeveling van dr. Whyte, 'n lid van die Stadsraad.³⁶⁷

Hy kry ook goedkeuring vir die onderverdeling van sy eiendom.³⁶⁸

Hy kry opdrag om sy slagplek te verskuif en teken protes aan deur pokureur Innes te vra om 'n brief aan die Raad te skryf.³⁶⁹ Daarna gee die Raad opdrag, op grond van 'n verslag van die Gesondheidsinspekteur, dat hy sy kraal moet verskuif.³⁷⁰

Hy vra om 'n telefoonpaal te verskuif op die grond wat hy kort tevore gekoop het.³⁷¹ 'n Raadskomitee kry opdrag om ondersoek in te stel na die aanlê van water na sy eiendom in Collinsstraat.³⁷²

Hendrik kry toestemming om sy slaghuis in Hoofstraat, langs Hurwitz se Algemene Handelaarskap te heropen, mits hy 'n sertifikaat van 'n Mediese Praktisyn en 'n verslag van die Gesondheidsinspekteur ten opsigte van die geskiktheid van die perseel indien.³⁷³ Hy doen ook saam met ander slagters aansoek om 50 slagskape op meentgrond naby die Ashtonpad aan te hou.³⁷⁴

Hy kry toestemming om 'n klein pondokkie ("shanty") by sy slagplek op te rig solank net een man daarin woon.³⁷⁵ Die Gesondheidsinspekteur kry opdrag om die blyplek te gaan inspekteer en berig dat nie net die skaapwagter nie, maar ook sy vrou en ses kinders in die struktuur woon. Hy kry opdrag van die Raad dat net die skaapwagter daar mag bly.³⁷⁶ In September kom dit onder die Raad se aandag dat hy die blyplekkie aan iemand anders verhuur en die raad maak beswaar en wys hom daarop dat dit slegs vir die oorspronklike doel gebruik mag word.³⁷⁷

Die ACVV kla by die Raad oor die "betreurenswaardige toestand" van die struktuur wat aan HC van Zyl behoort en waarin ene M. van Eeden woon en aan hom verhuur word. Die Raad besluit dat Van Zyl die geboutjie binne 8 dae moet afbreek en die inwoners dit moet verlaat anders sal die Raad dit op sy koste afbreek of verdere stappe teen hom gedoen word.³⁷⁸

Hendrik kla by die Raad dat die abattoirfooie te hoog is, maar die Raad besluit om dit so te hou.³⁷⁹

Van Zyl vra of hy die mis van die vee wat hy slag by die abattoir mag vergaar. Die Raad sê hy kan die mis vat, maar nie by die abattoir opgaan nie.³⁸⁰

Op 'n Stadsraadsvergadering in Mei 1927 word tenders vir die verwydering van nagvuil oorweeg en word dié van mnre. HC van Zyl en JSJ Rossouw vir £627 per jaar aangeneem wat vir 'n termyn van drie jaar van krag sal wees om kontrakteurs in 'n posisie te stel om behoorlike vervoermiddels aan te skaf.³⁸¹

Vanaf Oktober 1927 verskyn die name HC van Zyl en Rossouw onder die salariskolom vir uitbetalings van die Stadsraad en ontvang hulle elke maand £52.5.0,³⁸² en dit verskyn nog in die Raadsnotule van Januarie 1928, waarna die uitbetalings nie meer in die notules gelys word nie en dit dus nie moontlik is om te sê of dit langer voortgegaan het nie.³⁸³ 'n Rekening van 19/6 van HC van Zyl is egter in Maart 1928 vir betaling goedgekeur.³⁸⁴

Met die afwagting van die dorp se elektrisiteitskema doen Hendrik aansoek vir die installasie van sewe ligte in sy woonhuis in Hoofstraat.³⁸⁵

Hendrik huur die Ou Meule by die Raad teen £2 p.m. terwyl hulle wag op tenders vir permanente huurders.³⁸⁶

³⁶⁷ ARW: 3/SWM 1/1/1/8, notule 3.10.1916, p. 40. [4755]

³⁶⁸ ARW: 3/SWM 1/1/1/8, notule 12.12.1916, p. 67 en p. 70. [4770]

³⁶⁹ ARW: 3/SWM 1/1/1/8, notule 6.3.1917, p. 89; [4783] en 20.3.1917, p. 97.

³⁷⁰ ARW: 3/SWM 1/1/1/8, notule 1.4.1919, p. 321. [4932]

³⁷¹ ARW: 3/SWM 1/1/1/9, notule 24.2.1920, p. 66. [5048]

³⁷² ARW: 3/SWM 1/1/1/9, notule 24.2.1920, p. 66; [5048] notule 26.10.1920, p. 123; [5107] en notule 20.9.1921, p. 189. [5176]

³⁷³ ARW: 3/SWM 1/1/1/9, notule 29.6.1920, p. 94. [5077]

³⁷⁴ ARW: 3/SWM 1/1/1/9, notule 26.10.1920, p. 121. [5105]

³⁷⁵ ARW: 3/SWM 1/1/1/9, notule 10.4.1923, p. 311 en 24.4.1923, p. 315.

³⁷⁶ ARW: 3/SWM 1/1/1/9, notule 15.1.1924, p. 370 en 29.1.1924, p. 374.

³⁷⁷ ARW: 3/SWM 1/1/1/9, notule 2.9.1924, p. 457.

³⁷⁸ ARW: 3/SWM 1/1/1/10, notule 8.6.1926, p. 620.

³⁷⁹ ARW: 3/SWM 1/1/1/10, notule 5.4.1927, p. 702.

³⁸⁰ ARW: 3/SWM 1/1/1/10, notule 10.5.1927, p. 715.

³⁸¹ Die Landman, 20.5.1927, p. 2; [IMG_0169] en ARW: 3/SWM 1/1/1/10, notule 10.5.1927, p. 711.

³⁸² ARW: 3/SWM 1/1/1/10, notule 11.10.1927, p. 789.

³⁸³ ARW: 3/SWM 1/1/1/10, notule 14.2.1928, p. 841.

³⁸⁴ ARW: 3/SWM 1/1/1/10, notule 13.3.1928, p. 849.

³⁸⁵ ARW: 3/SWM 1/1/1/10, notule 13.12.1927, p. 822.

³⁸⁶ ARW: 3/SWM 1/1/1/10, notule 28.2.1928, p. 844.

HC van Zyl vra krale by slagpale.³⁸⁷ [Daar is aanduidings dat HC van Zyl, die slaghuisseenaar, agt kinders (h1 tot h8 hier onder) gehad het, maar geen een van hulle kon opgespoor word nie. Hulle moes tog almal op Swellendam opgegroeï het en is dalk hier getroud. Kan iemand help om op hulle spoor te kom? Kyk ook na die voetnote vir wat moontlik hulle volle name kon wees.]

- h1 Hendrik Christoffel **VAN ZYL** * Hermitage 26.10.1902³⁸⁸ ~ Swellendam 1.3.1903
- h2 'n Seun **VAN ZYL** * Hermitage 6.8.1904.³⁸⁹
- h3 Frederick Jacobus **VAN ZYL** * Hermitage 10.12.1907³⁹⁰ † Hermitage 10.1.1908 (1 maand) aan stuïpe.³⁹¹
- h4 S.M. **VAN ZYL** * 5.5.1910.³⁹²
- h5 C.D. **VAN ZYL** * 30.3.1914.³⁹³
- h6 E.J. **VAN ZYL** * 2.12.1915.³⁹⁴
- h7 C.J. **VAN ZYL** * 15.11.1918.³⁹⁵
- h8 Johannes Philippus **VAN ZYL** * 14.7.1922³⁹⁶ † Skoolstraat, Swellendam 6.2.1924 (1 j. en 7 m.). Die oorsaak van sy dood word aangegee as akute maag-derm-ontsteking ("acute gastric enteric intoxication") vir twee dae.³⁹⁷
- g6 Elizabeth Johanna Willemina **VAN ZYL** * 1.1.1878 ~ Swellendam 17.2.1878.
- g7 Elizabeth Johanna Wilhelmina **VAN ZYL** * 22.12.1880 ~ Swellendam 20.2.1881.
- g8 Helena Catharina **VAN ZYL** * 15.9.1883 ~ 2.12.1883.
- g9 Christoffel Hermanus Petrus **VAN ZYL** * 10.2.1886 ~ Swellendam 11.4.1886.
- g10 Johannes Petrus **VAN ZYL** (*Jan/John*) * Swellendam 30.10.1888³⁹⁸ ~ Swellendam 6.1.1889 † Durban 18.1.1965. Jan word in die vroeë 1900's een van die bekendste bas-sangers in Suid-Afrika. Die Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie skryf soos volg oor hom: "Sy sangonderwys het in 1905 onder Louise Hooper-Rees in Kimberley begin en is onder A. Galeffi in Johannesburg voortgesit. 'n Besering aan sy kakebeen het 'n onderbreking veroorsaak, maar in 1910 het hy op die Nasionale Kunswedstryd sukses behaal. Die oorlog het weer 'n onderbreking veroorsaak en eers in 1918 was hy in staat om sy studie aan die *Royal Academy of Music* te gaan voortsit. Tot 1939 het hy as 'n sanger in Engeland 'n bestaan gemaak en onder meer die onderskeiding behaal om as eerste Suid-Afrikaner 'n professionele kontrak met die BBC te onderteken en was later ook die eerste om voor 'n televisiekamera op te tree. Hy was verskeie kere op besoek aan Suid-Afrika om aan produksies van operettes deel te neem en terselfdertyd kort konserttoere te onderneem. Na sy terugkeer het hy eers tien jaar lank in Johannesburg les gegee en toe verhuis na Pinetown waar hy 'n *Civic Choral and Opera Association* gestig het. Vir die *Association* het hy produksies van *Faust* (1955) en *Lilac Time* (1956) waargeneem en daarmee sy leerling Wendy Fine aan die publiek voorgestel."³⁹⁹ Wendy Fine (geb. 1938), bekende Suid-Afrikaanse liriese sopraan, wat vanaf 1963 'n glansryke professionele loopbaan as operasangeres in Europa gehad het, vertel dat Jan van Zyl haar sangloopbaan op dreef gebring het nadat sy vanaf veertienjarige ouderdom by hom sanglesse begin neem het. Sy beskryf hom as 'n wonderlike, goeheartige, baie intelligente man met 'n uitsonderlike musikaliteit van wie sy baie aangename herinneringe koester. Sy sê hy was met 'n Suid-Afrikaanse metsosopraan getroud, wie se naam haar ontgaan het, maar sy is nie bewus van 'n nageslag nie.⁴⁰⁰

³⁸⁷ ARW: 3/SWM 1/1/1/10, notule 18.10.1928, p. 924.

³⁸⁸ In teenstelling met die doopregistrasie gee die geboorteregister HAWC 1/3/47/3/2, p. 96, die geboortebesonderhede as Hermitage 9.11.1902.

³⁸⁹ ARW: HAWC 1/3/47/3/2, p. 170. Hy sou waarskynlik Frederik Hendrik geheet het na sy oupa aan moederskant.

³⁹⁰ ARW: HAWC 1/3/47/3/3, p. 23.

³⁹¹ ARW: HAWC 1/3/47/5/2, p. 72.

³⁹² ARW: HAWC 1/3/47/4/1, nr. 203/1910. Sy sou waarskynlik Susanna Magdalena geheet het na haar ouma aan moederskant.

³⁹³ ARW: HAWC 1/3/47/4/2, nr. 219/1913.

³⁹⁴ ARW: HAWC 1/3/47/4/2, nr. 575/1915. Sy sou waarskynlik Elizabeth Johanna geheet het na haar ouma aan vaderskant.

³⁹⁵ ARW: HAWC 1/3/47/4/2, nr. 541/1918. Sy sou waarskynlik na haar moeder geheet het.

³⁹⁶ ARW: HAWC 1/3/47/4/2, nr. 425/1922.

³⁹⁷ ARW: HAWC 1/3/47/5/4, nr. 27/1924.

³⁹⁸ Die Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie (sien volgende voetnoot) gee sy geboortedatum anders as die Swellendamse doopregister aan as 30.10.1889.

³⁹⁹ Malan, J.P. 1986. Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie. Deel IV. P-Z. Oxford University Press: Kaapstad ('n Publikasie van die RGN, Pretoria) bl. 450.

⁴⁰⁰ Fine, Wendy (Rondebosch), Onderhoud 7.2.2014.